



## **Melkstoeltjies in die versamelings van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum: ‘n ondersoek na tipologie**

deur

Nico Botes

Voorgelê ter vervulling van ‘n deel van die vereistes vir die graad MInt  
in die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie  
Universiteit van Pretoria, Pretoria

Studieleier: Prof. Schalk W. le Roux

31 Augustus 2009

## VOORWOORD

Hierdie studie is gebore uit my daaglikse werk met studente in die Departement Argitektuur aan die Universiteit van Pretoria. Hul vrae, my nuuskierigheid en die onkreukbare voorbeeld van my voormalige hoof, jarelange mentor en studieleier, prof. Schalk W. le Roux, het as aansporing gedien om die navorsing aan te pak en uiteindelik deur te sien. Die geduld en bystand van my eggenote, Rachel, was hierin broodnodig.

Dit sou ook nie moontlik wees sonder die hulp en ondersteuning van die volgende persone nie: huidige en voormalige kollegas by die Departement Argitektuur, veral prof. Karel Bakker, Cobus Bothma, prof. Roger Fisher, Gus Gerneke, prof. Barbara Jekot, prof. 'Ora Joubert, Catherine Karusseit, Raymund Königk, Jacques Laubscher, Liana Müller, dr. Amira Osman, Leon Pienaar, Johan Prinsloo, Karlien van Niekerk, prof. Piet Vosloo, prof. Hans Wegelin, kundiges wat raad en leidrade verskaf het, veral dr. Matilda Burden (Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch), prof. Alewyn Burger (voormalige hoof van die Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria), Alet Cloete (mederedakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal), prof. Cobus Ferreira, ds. Bremer Gericke, Hettie Groenewald (Departement Biblioteekdienste, Universiteit van Pretoria), prof. Deon Knobel, dr. C.P. Kromhout, M.J. Motsapi (Direkteur: Sesi sa Sesotho Nasionale Leksikologie-eenheid, Universiteit van die Vrystaat), Paul Nkuna (Departement Afrikatale, Universiteit van Suid-Afrika), mev. Annie Redelinghuys en dr. Anna Trapido, Melita Moloney (senior fotograaf, Departement vir Onderwysinnovasie, Universiteit van Pretoria), die personeel van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, in besonder Annemarie Carelsen, Malene Schulze, dr. Elda Grobler, Sam Moifatswane en dr. Johnny van Schalkwyk, al die studente wat sedert 2004 meubels dokumenteer het en veral dié wat meermale hulp verleen het: Mirella Bandini, Lorinda Bezuidenhout, Lize Gerneke, Sarina Keuler, Stoffel Mentz en Elana van der Wath (wat ook in Chicago bronne verifieer het).

Aan almal my opregte dank.

## EKSERP

### Melkstoeltjies in die versamelings van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum: 'n ondersoek na tipologie

Deur: Nico Botes

Studieleier: Prof. Schalk W. le Roux

Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria

Graad: MInt (Magister in Binne-argitektuur)

In hierdie studie word ondersoek ingestel of enige eienskappe, fisies of andersins, die tradisionele melkstoeltjie tipeer. Dit is onderneem aan die hand van 'n studiegroep van agtien soortgelyke voorwerpe uit die Antropologie-versameling en die Kultuurhistoriese versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria. Dié primêre bronne word in die ondersoek ondersteun deur museale bronne ontsluit uit die Museum se dokumentasiesentrum, waar ses van die voorwerpe in die studiegroep reeds assosieer is met die trefwoord 'melkstoel'.

Die ondersoek het bevestig dat sekere fisiese kenmerke van die studiegroep, veral in hul konstruksie, dui op groepsverband. Daar is ook bevind dat die voorwerpe vir meervoudige, maar onbepaalde, funksies gebruik is. Van die agtien voorwerpe in die studiegroep is vyftien van anonieme herkoms, sodat hul oorsprong, geskiedenis en betekenis nie met sekerheid vasgestel kon word nie. Die navorsing is daarom uitgebrei na tekstuele beskrywings en beelde, as sekondêre bronne, om hierdie en ander kenmerke te ondersoek. Hieruit is die studiegroep in verband gebring met melkstoeltjies uit veral Wes-Europa en die Engelssprekende wêreld, asook ander stoeltjies en volkstoel wat soortgelyke eienskappe en konstruksiekenmerke het.

Bevindings dui op bepaalde tipologiese kenmerke van 'n melkstoeltjie, maar ook 'n wyer, assosiatiewe begrip wat manifesteer in beeldspraak en 'n metaforiese konteks. Meervoudige gebruike en aanwendings van die melkstoeltjie is nagespeur.

**Slutelwoorde:** antropologie; driepoot; kultuurgeskiedenis; melkstoeltjie; meubelgeskiedenis; museumversamelings; Nasionale Kultuurhistoriese Museum; stoeltjie; tapvoegkonstruksie; tipologie.

## ABSTRACT

### Milking stools in the collections of the National Cultural History Museum: an investigation of typology

By: Nico Botes  
Study leader: Prof. Schalk W. le Roux  
Department of Architecture, University of Pretoria  
Degree: MInt (Master of Interior Architecture)

In this study the physical or other characteristics that might typify the traditional milking stool is investigated. This was done by studying a comparable group of eighteen examples from the Anthropology and Cultural History collections of the National Cultural History Museum in Pretoria. Six of the objects in the group studied had already been associated with the Afrikaans catchword '*melkstoel*', hence the primary sources that informed the research included the museological data from the existing documentation of the Museum.

The investigation confirmed that corresponding physical attributes, especially that pertaining to construction, could be identified in the group studied. It was also found that the objects had seen multiple, but indeterminable, functional applications. Since fifteen of the eighteen examples studied were essentially anonymous, as no documented provenance existed, their origin, history and meaning could not be established. The research was therefore extended to secondary sources, being textual descriptions and images, from which associations and correlations between the group studied and milking stools, especially from Western Europe and the English-speaking world, could be affirmed. Moreover, such links were also found to exist with other stools and certain vernacular chair typologies of shared approach, especially as to their construction.

Findings identified certain typological features of the milking stool, but also a symbolic and metaphorical association. Multiple functions of and applications for the milking stool could be ascertained.

**Keywords:** anthropology; cultural history; history of furniture; milking stool; mortice and tenon construction; museum collections; National Cultural History Museum; stool; tripod; typology.





## INHOUDSOPGAWE

<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING</b> .....	1
1.1 Die ontstaan en doel van die studie .....	1
1.2 Probleemstelling .....	5
1.3 Die kultuurproduk in konteks .....	6
1.4 Bronnestudie .....	10
1.5 Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en die versamelings .....	13
1.6 Die terme 'stoeltjie' en 'melkstoeltjie' .....	18
<b>HOOFSTUK 2: DIE VOORWERPE</b> .....	21
2.1 Identifikasie van voorwerpe in die studiegroep .....	21
2.2 Ondersoek na fisiese eienskappe .....	21
2.3 Bespreking van fisiese eienskappe .....	41
2.4 Samevatting .....	43
<b>HOOFSTUK 3: ONDERSOEK VAN MUSEALE BRONNE</b> .....	45
3.1 Inleiding .....	45
3.2 Museale bronne .....	45
3.2.1 Beukes en Nel-Blom-katalogus .....	46
3.2.2 Databank: ET-aanwinsregister .....	46
3.2.3 Getikte Etnologie Stamboek .....	46
3.2.4 Historiese Grootboek .....	48
3.2.5 Tydelike Katalogus: Historiese Grootboek .....	50
3.2.6 Voorwerpkaarte .....	51
3.3 Konsolidasie van inligting oor die studiegroep ontsluit uit museale bronne .....	54
3.4 Voorwerpinligting ontsluit uit museale bronne .....	59
3.5 Samevatting .....	67
3.5.1 Identifikasie en klassifikasie .....	68
3.5.2 Herkoms, geskiedenis en assosiasies .....	69
3.5.3 Datering .....	70
3.5.4 Beskrywing en fisiese eienskappe .....	70
3.5.5 Funksie .....	71
<b>HOOFSTUK 4: DIE MELKSTOELTJIE IN TEKS EN BEELD</b> .....	72
4.1 Inleiding .....	72
4.2 Ontwikkeling en verbande .....	72



4.3	Funksie .....	75
	4.3.1 Melkery .....	75
	4.3.2 Ander gebruike .....	79
4.4	Konteks en betekenis .....	84
4.5	Samevatting .....	92
<b>HOOFSTUK 5: OORSIG, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS .....</b>		<b>95</b>
5.1	Inleiding .....	95
5.2	Oorsig .....	95
5.3	Gevolgtrekkings .....	96
	5.3.1 Terminologie .....	96
	5.3.2 Die melkstoeltjie as kultuurproduk .....	97
	5.3.3 Die versamelings .....	97
5.4	Aanbevelings vir verdere ondersoeke .....	98
<b>BYLAE A: KORT ONTSLUITINGSVORM .....</b>		<b>99</b>
<b>BIBLIOGRAFIE .....</b>		<b>102</b>



## LYS VAN TABELLE

TABEL 2.1: Voorwerp 1 .....	23
TABEL 2.2: Voorwerp 2 .....	24
TABEL 2.3: Voorwerp 3 .....	25
TABEL 2.4: Voorwerp 4 .....	26
TABEL 2.5: Voorwerp 5 .....	27
TABEL 2.6: Voorwerp 6 .....	28
TABEL 2.7: Voorwerp 7 .....	29
TABEL 2.8: Voorwerp 8 .....	30
TABEL 2.9: Voorwerp 9 .....	31
TABEL 2.10: Voorwerp 10 .....	32
TABEL 2.11: Voorwerp 11 .....	33
TABEL 2.12: Voorwerp 12 .....	34
TABEL 2.13: Voorwerp 13 .....	35
TABEL 2.14: Voorwerp 14 .....	36
TABEL 2.15: Voorwerp 15 .....	37
TABEL 2.16: Voorwerp 16 .....	38
TABEL 2.17: Voorwerp 17 .....	39
TABEL 2.18: Voorwerp 18 .....	40
TABEL 3.1: Voorwerpe in die Antropologie-versameling met ooreenstemmende voorwerpinligting uit museale bronne (Identifikasie en Bestuursinligting) .....	55
TABEL 3.2: Voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling met ooreenstemmende voorwerpinligting uit museale bronne (Identifikasie en Bestuursinligting) .....	56
TABEL 3.3: Voorwerpe in die Antropologie-versameling met ooreenstemmende voorwerpinligting uit museale bronne (Beskrywing en Meegaande inligting / Geskiedenis) .....	57
TABEL 3.4: Voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling met ooreenstemmende voorwerpinligting uit museale bronne (Beskrywing en Meegaande inligting / Geskiedenis) .....	58



## LYS VAN FIGURE

FIG. 1.1	Plan en aansigte van NKM item HG 13856, in lyntekeninge (links) en vertolk in ink (regs), in 2004 gedokumenteer deur Junette Wesseloo .....	2
FIG. 1.2	Aansigte van NKM item HG 5406, vertolk in grafiet, in 2006 gedokumenteer deur Elana van der Wath, bygestaan deur Mirella Bandini .....	2
FIG. 1.3	Armstoel, NKM item HG 16260 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM) .....	4
FIG. 1.4	Systoel, NKM item HG 5406 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM) .....	4
FIG. 1.5	Systoel, NKM item HG 38258 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM) .....	4
FIG. 1.6	Skêrstoel of klap-armstoel, NKM item HG 34451-2 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM) .....	4
FIG. 1.7	Skêrstoel, amper opgevou, NKM item HG 34451-2 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM) .....	4
FIG. 1.8	Klapstoel, NKM item HG 13843 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM) .....	4
FIG. 1.9	Veldstoeltjie, NKM item NASKO 20540 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM) .....	4
FIG. 1.10	Melkstoeltjie, NKM item HG 13758-1 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM) .....	4
FIG. 1.11	Melkstoeltjie, NKM item HG 13754-1 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM) .....	4
FIG. 1.12	Die Burden-model vir kultuurgeskiedenis (Burden 2000:21) herinterpreteer met die navorsingsterrein van hierdie studie in rooi aangedui (model deur Raymund Königk) .....	7
FIG. 2.1	NKM items HG 10666 (links) en HG 13581 in die kombuis van die Pioniermuseum, Silverton (© NKM) .....	22
FIG. 2.2	Voorwerpe in die studiegroep uit die Kultuurhistoriese versameling tydens detailondersoek in Stoor KF2, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149 (© NKM) .....	22
FIG. 2.3	Voorwerpe in die studiegroep uit die Antropologie-versameling tydens detailondersoek in Stoor KF5, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149 (© NKM) .....	22
FIG. 3.1	Inskrywing vir voorwerp 1, NKM item ET 1934-441 (Beukes en Nel-Blom-katalogus, Dokumentasiesentrum, NKM). Volgens Grobler (2005:242) dui die deurhaling met potlood daarop dat hierdie inskrywing reeds oorgetik is vir die duplikaat Etnologie Stamboek .....	47
FIG. 3.2	Verslag gedruk op 26 Julie 2007 vir voorwerp 7, NKM item ET 1992-54 (Databank: ET-aanwysregister, Dokumentasiesentrum, NKM) .....	47
FIG. 3.3	Getikte inskrywing vir voorwerp 5, NKM item ET 1971-26-3 (Etnologie Stamboek, Dokumentasiesentrum, NKM) .....	47
FIG. 3.4	Inskrywing vir voorwerp 9, NKM item HG 10666 (Historiese Grootboek, vol. 8, Dokumentasiesentrum, NKM) .....	49
FIG. 3.5	Getikte inskrywing vir voorwerp 11, NKM item HG 13581 (Historiese Grootboek, vol. 14, Dokumentasiesentrum, NKM) .....	49
FIG. 3.6	Voorwerpkartaal vir voorwerp 2, NKM item ET 1935-206 (Dokumentasiesentrum, NKM) .....	52
FIG. 3.7	Voorwerpkartaal vir voorwerp 6, NKM item ET 1977-146 (Dokumentasiesentrum, NKM) .....	52
FIG. 3.8	Voor- en rugkant van die voorwerpkartaal vir voorwerp 9, NKM item HG 10666 (Dokumentasiesentrum, NKM) .....	53



FIG. 4.1	NKM item ET 1935-94: <i>setulo</i> van 'n garingboomstam uit die huidige Lesotho volgens die voorwerпкаaart (© NKM) .....	73
FIG. 4.2	NKM item ET 1977-53: <i>sepona</i> uit die Letaba-distrik volgens die Etnologie Stamboek (© NKM) ....	73
FIG. 4.3	NKM item ET 1977-76: <i>sepuna</i> uit die Letaba-distrik volgens die Etnologie Stamboek (© NKM) ....	73
FIG. 4.4	Mnr. Sam Moifatswane met NKM item ET 1990-27, 'n sitmeubel gemaak uit 'n drievoudige mik (© NKM) .....	73
FIG. 4.5	" <i>Schamel, Egyptian, Nieuwe Rijk, omstreeks 1450 v. Chr.</i> " (Victoria en Albert Museum, Londen) (Baarden & Schubad 1958:9) .....	73
FIG. 4.6	" <i>Stool. Elm. 1510-45</i> "; Engeland (The Mary Rose Trust) (Knell 1992:42) .....	73
FIG. 4.7	" <i>Low stool made of ash</i> "; Engeland, vermoedelik uit die negentiende eeu (Beamish Museum) (Gilbert 1991:47) .....	73
FIG. 4.8	Ierse ' <i>creepie stool</i> ' (Ulster Folk and Transport Museum) (Kinmonth 1993:31) .....	73
FIG. 4.9	" <i>Melkstoeltje</i> " (Weyns 1974:166) .....	74
FIG. 4.10	" <i>Driehoekige schamel</i> " na Bruegel (Weyns 1974:172) .....	74
FIG. 4.11	" <i>Driestal</i> " na Bruegel (Weyns 1974:174) .....	74
FIG. 4.12	" <i>Blokstoeltje</i> " (Weyns 1974:170) .....	74
FIG. 4.13	" <i>Blokarmstoel</i> " (Weyns 1974:171) .....	74
FIG. 4.14	Driehoeksittingarmstoel met gedraaide elemente, circa 1675-1710 (Knell 1992:23) .....	75
FIG. 4.15	Duitse stokpootstoel (Van Oirschot 1978:101) .....	75
FIG. 4.16	Ierse <i>hedge</i> -stoel (Monaghan County Museum) (Kinmonth 1993:37) .....	75
FIG. 4.17	Walliese stokrugstoel, hier met slegs drie pote (Tom Crispens-versameling) (Gilbert 1991:126) .....	75
FIG. 4.18	Detail uit <i>Charming Milkmaid</i> (1936); die byskrif lees: " <i>Miss K N Lewis, winner of the 'Dairymaid Charm' competition at the London Dairy Show, returns to work at her farm home in Bankyfelin, Carmarthen. The cow is decked with garlands of flowers won by Miss Lewis at the show.</i> " (© Richards / Fox Photos / Getty Images) (Viewimages 2007:3166515) .....	77
FIG. 4.19	Detail uit ongetitelde tekening (1921) deur Erich Mayer (1876-1960), NKM item HC 7014-175 (© NKM) .....	77
FIG. 4.20	Detail uit <i>The Milkmaid</i> (circa 1800) deur die Britse kunstenaar William Pearce (datums onbekend) (© Foto Rischgitz / Getty Images) (Viewimages 2007:3069978) .....	78
FIG. 4.21	Detail uit <i>The Milk Maid</i> (1878) deur Winslow Homer (1836-1910) (© National Gallery of Art, Washington DC) (National Gallery of Art 2007) .....	78
FIG. 4.22	Detail uit <i>Milkmaid</i> (circa 1937) (© London Express / Getty Images) (Viewimages 2007:3333347) .....	78
FIG. 4.23	Die melkstoeltjie wat W.C. Mentz daagliks gebruik (2008) foto deur C.J. (Stoffel) Mentz .....	78
FIG. 4.24	'n Middeleeuse kombuis uitgebeeld in die <i>Tacuinum Sanitatis</i> (versameling onbekend) (Freedman 2007:185) .....	79
FIG. 4.25	'n Renaissance kombuis aan die hofhouding van Este in Ferrara, houtgravure uit Christoforo di Meissisbugo se <i>Banchetti, composizioni di vivende e apparecchio</i> (1549) (© Biblioteca Casanatense) (Freedman 2007:203) .....	79
FIG. 4.26	Die onder-, bo- en sykante van 'n " <i>Antique primitive folk art painted milking stool</i> ", in 2008 op die webwerf van Ruby Lane, Inc. te koop aangebied; let op die diep snyhale onder die blad en die snymerke bo-op (© Ruby Lane Inc.) (Ruby Lane 2008) .....	80
FIG. 4.27	'n Essehout kapblok ( <i>chopping block</i> ) met drie pote, laat agtiende of vroeg negentiende eeu (Powis Castle, Welshpool, Montgomeryshire) (Bebb 2007:111) .....	80
FIG. 4.28	'n Driepootkapblok illustreer in 'n advertensie-omslag van 1899 vir slagtersware (La Posta Publications 2006:#3) .....	80



FIG. 4.29	Detail uit <i>De magere Keuken</i> (1563), gravure deur Pieter van der Heyden na die oorspronklike van Bruegel (versameling onbekend) (De eeuw van Joos De Rijke 2007) .....	81
FIG. 4.30	Detail uit <i>De Alchimist</i> (1558) van Bruegel (c1525–1569) (Staatliche Museen zu Berlin, Kupferstichkabinett) (Metropolitan Museum of Art 2007) .....	81
FIG. 4.31	Detail uit <i>Ezel op School</i> (1556) van Bruegel (c1525–1569) (Staatliche Museen zu Berlin, Kupferstichkabinett) (Claessens & Rousseau 1981:118) .....	81
FIG. 4.32	Detail uit <i>The reddleman re-reads an old love letter</i> (1878) deur Arthur Hopkins (1848-1930) (Allingham 2000) .....	82
FIG. 4.33	Detail uit 'n afbeelding van 'n vissershuis op die eiland Man (1881) (Illustrated London News) (Gilbert 1991:49) .....	82
FIG. 4.34	Detail uit <i>Inside of a Country Alehouse</i> (1797) in 1800 gepubliseer deur Ward & Co na die oorspronklike van George Morland (1763-1804) (Christie's) (Sterling Times 2007) .....	83
FIG. 4.35	Detail uit <i>Snuffing out Boney</i> (1814), karikatuur deur George Cruikshank (1792-1878) (Richard Vogler Cruikshank Collection) (Online Archive of California 2007) .....	83
FIG. 4.36	<i>Gape, Sinner, and swallow!</i> , ets deur George Cruikshank (1792-1878) ter illustrasie van <i>Guy Mannerism or The Astrologer</i> van Sir Walter Scott (1771-1832) (Scott 2004) .....	83
FIG. 4.37	Vierpoot Luo-stoeltjies uit Kenia (Galerie Amrad Art Africain) Dagan (1985:54) .....	84
FIG. 4.38	"[...] <i>the man in the foreground also carries some tools including a hoe and a small stool.</i> " Luo, Nyanza Alego Siaya Gangu, Kenia (1936) foto deur Edward Evan Evans-Pritchard, Pitt Rivers Museum item 1998.349.239.1 (© Pitt Rivers Museum, Universiteit van Oxford) (Pitt Rivers Museum 2008b) .....	84
FIG. 4.39	'n Bari-man van Soedan met sy wapens, pyp en driepootstoeltjie (vasgemaak om sy middel), detail uit 'n gravure in eerwaarde J.G. Wood se <i>The Natural History of Man; being an account of the manners and customs of the uncivilized races of men</i> (1871) (Sieber 1980:142) .....	84
FIG. 4.40	"[...] <i>the familiar triangular Dutch stool</i> " – Woodward se figuur 33 (1982:116-117) .....	85
FIG. 4.41	" <i>Typical three-legged stool made of proteawood</i> " in Baraitser & Obholzer (1971:269) .....	85
FIG. 4.42	" <i>A typical three-legged milking stool made of proteawood</i> " (Cape Chair Collection) in Baraitser & Obholzer (2004:418) .....	85
FIG. 4.43	<i>A She Bush Man</i> (1835) deur Henry Butler (datums onbekend) (Africana Museum 52/653) (Kennedy 1966:241) .....	86
FIG. 4.44	<i>Hottentot bivouac, near Port Elizabeth</i> (1850?) gravure deur E.V. Campbell na die oorspronklike tekening deur H. Boddington (datums onbekend) (Napier 1850:432) .....	86
FIG. 4.45	<i>The Blind Effects of Love - Cartoon</i> [S.a.] deur Frederick Timpson l'Ons (1802-1887) (Africana Museum) (Kennedy 1967b:179) .....	86
FIG. 4.46	(a) <i>Political proverbs no. 7. There's many a slip 'twixt the cup and the lip</i> (1914) Herbert Wood MacKinney (1881-1953) (Africana Museum 47/240A) (Kennedy 1968:5) .....	87
	(b) Detail uit <i>Political proverbs no. 7</i> : die kritiese punt waar net een van die drie pote meegee .....	87
FIG. 4.47	Ongetitelde spotprent (27 Mei 1978) deur Victor Ivanoff (1909-1995) (The Citizen) (Schoonraad & Schoonraad 1983:109) .....	87
FIG. 4.48	<i>Smuts indicts Ministers</i> (1925) deur D.C. Boonzaier (1865-1950) gepubliseer in Die Burger van 21 Maart 1925 (Africana Museum 47/207F) (Kennedy 1966:196) .....	88
FIG. 4.49	<i>Siamese Twins</i> (1946) deur M. Centner (1908-?) (Africana Museum item 47/209F) (Kennedy 1967a:29) .....	88
FIG. 4.50	<i>Die Weduwee en die Wind</i> (Israel) deur E. Hatchuel (datums onbekend), Deel 1 van Albertyn & Spies (1962?:29) .....	89
FIG. 4.51	<i>Die Kat van Tante Odette</i> (Kanada) onderteken E.H. (E. Hatchuel?), Deel 1 van Albertyn & Spies (1962?:93) .....	89
FIG. 4.52	<i>'n Slegte Stad word Verwoes</i> (Griekeland) deur E. Hatchuel (datums onbekend), Deel 2 van Albertyn & Spies (1962?:62) .....	89



FIG. 4.53	<i>Slimmer as die Duiwel</i> (Nederland) (kunstenaar onbekend), Deel 6 van Albertyn & Spies (1962?:38) .....	89
FIG. 4.54	<i>Die Broer wat te Slim was</i> (Pakistan) (kunstenaar onbekend), Deel 5 van Albertyn & Spies (1962?:189) .....	89
FIG. 4.55	Illustrasie vir <i>Die Klaarmaak</i> (1934) deur A.R. (Anna Rothman?) (M.E.R. 1975:23) .....	90
FIG. 4.56	Voorblad en kleurillustrasies uit <i>The Milkmaid</i> (Caldecott 2006) .....	91

## HOOFSTUK 1: INLEIDING

### 1.1. DIE ONTSTAAN EN DOEL VAN DIE STUDIE

Hierdie studie is aangevoer deur talle onbeantwoorde vrae wat gevolg het uit 'n dokumentasieprojek wat in 2004 met tweedejaarstudente in binne-argitektuur by die Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria (UP), onderneem is.

Sedert die vroeë 1980's het argitektuurstudente hier, onder leiding van prof. Schalk le Roux, geboue gedokumenteer vir erfenis- en bewaringstudies. So het studente eerstehandse ondervinding in opmeting en dokumentasie opgedoen en waardevolle inligting<sup>1</sup> versamel vir die argief van die Departement. Na die inlywing van landskapargitektuur en later binne-argitektuur by die Departement, is 'n sillabus hersiening teen 2001<sup>2</sup> in werking gestel wat, onder andere, voorsiening gemaak het vir die generiese aanbieding van sekere voorgraadse vakke, waaronder Omgewingsgeskiedenis en Omgewingsleer.<sup>3</sup> Bewaring is 'n komponent van laasgenoemde in twee vakmodules: 'n inleiding tot bewaringsteorie in die tweede studiejaar<sup>4</sup> (waaruit die dokumentasie voortgevloei het), gevolg deur gevorderde benaderings in die derde jaar.<sup>5</sup>

In 'n poging om die dokumentasieprojek relevant tot die dissipline van binne-argitektuur te maak, is in 2004 met die Nasionale Kultuurhistoriese Museum (NKM) ooreengekom dat stoele in hul Kultuurhistoriese versameling vir die doel gebruik mag word. Me. Annemarie Carelsen, kurator vir meubels, tekstiele en metaal, het op versoek negentien stoele met moontlike plaaslike of streeksverband geïdentifiseer, waarna elke student 'n stoel opgemeet en skaaltekeninge daarvan voorberei het (**figuur 1.1**). Die taak is voorafgegaan deur teorielesings in bewaring<sup>6</sup> en studente het opleiding ontvang in aspekte soos die neem van veldaantekeninge, metodiese opmeting en die hantering van museumvoorwerpe.

Die projek was geslaagd waar dit studente ondervinding gebied het in die dokumentasieaspekte van bewaring. Terselfdertyd is die fisiese toestand, bestek en kenmerke van die negentien stoele aangeteken en die dokumentasie, insluitend foto's, is aan die Museum beskikbaar gestel.

1 Die Argief van die Departement het vroeg in 2009 ongeveer 235 geboudokumentasies bevat (Persoonlike mededeling, 4 Mei 2009: me. Karlien van Niekerk, Senior Tegnieuse Assistent: Inligtingstelsels, Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria). Kyk ook Le Roux, Loubser, Niehaus, Wolmarans, Olivier & Lötter (1987:26-29), asook Setshedi (2003:14-18).

2 Van der Watt (2002:257)


3 Voor die inlywing van die program in Interieurontwerp (later Binne-argitektuur) by die Departement Argitektuur en Landskapargitektuur (later slegs Departement Argitektuur), was meubelgeskiedenis deel van die sillabus van twee vakmodules: Interieur 212 en Interieur 212 (Universiteit van Pretoria 2000:37-38). Sedert 2001 is historiese studies aangebied in die generiese vakstroom Omgewingsgeskiedenis en die teoriekomponent in Omgewingsleer (Universiteit van Pretoria 2001:62-63).

4 Tema C in die vakmodule Omgewingsleer 210: "Basiese bewaringsteorie in ontwerp. Bewaring: wetgewing, beleid en praktyk" volgens Universiteit van Pretoria (2004:67).


5 Tema C in die vakmodule Omgewingsleer 310: "Gevorderde benaderings tot bewaring. Gevallestudies. Ontwikkeling van 'n persoonlike benadering" volgens Universiteit van Pretoria (2004:67).

6 Teorielesings in die vakmodule Omgewingsleer 210 is aangebied deur mnr. Gift Phalatse Setshedi. Die dokumentasie – 'n taak in die dieselfde vakmodule – is uitgevoer onder leiding van die lektor in Ontwerp in die onderskeie programme.





**FIGUUR 1.1** Plan en aansigte van NKM item HG 13856, in lyntekeninge (links) en vertolk in ink (regs), in 2004 gedokumenteer deur Junette Wesseloo



**FIGUUR 1.2** Aansigte van NKM item HG 5406, vertolk in grafiet, in 2006 gedokumenteer deur Elana van der Wath, bygestaan deur Mirella Bandini

Hoewel gemete data oor die fisiese bestek van die stoele ingewin is, het heelwat vrae by beide student en lektor ontstaan. Min was bekend oor die herkoms en geskiedenis van die meeste voorwerpe, selfs nadat die voorwerpinligting in die dokumentasiesentrum van die Museum geraadpleeg is. Die kurator kon wel 'n breë historiese konteks verstrek en in gevalle waar die houtsoorte nie gedokumenteer is nie, het sy hulp verleen met die visuele identifikasie daarvan. Verdere dokumentasie is in 2006 (**figuur 1.2**) en 2007 onderneem. Daar was egter steeds te min inligting beskikbaar om die stoele genoegsaam begripstoeganklik te maak en hierdie studie is gevolglik as 'n navorsingsprojek, apart van die dokumentasie, onderneem. In 'n poging om die navorsing te rig, is 'n aanvanklike literatuurstudie onderneem, die voorwerpe is geëvalueer en die getal voorwerpe wat ondersoek is, is uitgebrei. Dele van dié ondersoek is gepubliseer<sup>7</sup> toe hierdie studie gekonsentreer het op voorbeelde van negentiende-eeuse plattelandse en volkstoele en na ondersoek van voorwerpe slegs in die Kultuurhistoriese versameling van die Museum.

Terugskouend is die belang van hierdie vroeë navorsing tweërlei: dit was reeds duidelik dat die gebrek aan stilistiese kenmerke by volksmeubels 'n algemene verskynsel is en dat die eerste pogings om hierdie meubels daarvolgens te begryp van min waarde was. Tweedens is, ter wille van ordening, ses tipes sitmeubels van die negentiende eeu in die Kultuurhistoriese versameling geïdentifiseer: armstoele (**figuur 1.3**), systoele (**figure 1.4 en 1.5**), drie groepe voustoele – klap-armstoele, ook skêrstoele genoem (**figure 1.6 en 1.7**), klapstoele (**figuur 1.8**) en veldstoeltjies (**figuur 1.9**) – en ook melkstoeltjies (**figure 1.10 en 1.11**). Hierdie indeling is bepaal deur aanvanklike visuele inspeksies en het berus op die fisiese kenmerke wat die meubels in gemeen het: vorm, komponente (onder meer sitting, pote en leunings) en die ooglopende konstruksie daarvan.

Waar die eerste vyf tipes aan die hand van navorsing minstens in die breë gekontekstualiseer kon word, is min samehangende verwysings oor melkstoeltjies gevind. Die karige voorwerpinligting in die Museum se dokumentasiesentrum was ook van min hulp aangesien feitlik al die melkstoeltjies in die Kultuurhistoriese versameling van handelaars verkry is sonder dat enige inligting oor die makers of gebruikers bekend was. Die voorwerpe was dus meestal van anonieme herkoms.

'n Groot omwenteling het gekom toe die ondersoek uitgebrei is na die Museum se Antropologie-versameling. Met die hulp van mnr. Sam Moifatswane, junior-kurator van hierdie versameling, is sitmeubels in die Antropologie-versameling in Junie 2007 besigtig en van die voorwerpinligting bekom. Hoewel enkele voustoele in die Antropologie-versameling gevind is, was die meerderheid stoeltjies en sitmeubels wat ooreenkomste getoon het met die melkstoeltjies in die Kultuurhistoriese versameling. 'n Groter verskeidenheid van konstruksiemetodes is gevind, asook items van monolitiese konstruksie. Vergeleke met die eerste versameling is die antropologie-voorwerpe oor 'n langer tydperk en vanuit 'n groter geografiese gebied ingesamel.

Dit het daartoe gelei dat die navorsing teen die einde van 2007 afgebaken is tot die melkstoeltjie.

7 Botes (2007:115-126)



**FIGURE 1.3, 1.4, 1.5**

- 1.3 Armstoel, NKM item HG 16260 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM)
- 1.4 Systoel, NKM item HG 5406 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM)
- 1.5 Systoel, NKM item HG 38258 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM)



**FIGURE 1.6, 1.7, 1.8**

- 1.6 Skêrstoel of klap-armstoel, NKM item HG 34451-2 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM)
- 1.7 Skêrstoel, amper opgevou, NKM item HG 34451-2 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM)
- 1.8 Klapstoel, NKM item HG 13843 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM)



**FIGURE 1.9, 1.10, 1.11**

- 1.9 Veldstoeltjie, NKM item NASKO 20540 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM)
- 1.10 Melkstoeltjie, NKM item HG 13758-1 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM)
- 1.11 Melkstoeltjie, NKM item HG 13754-1 (Kultuurhistoriese versameling); foto deur Melita Moloney, UP (© NKM)

Grense van tyd en styl vervaag by die studie van volkskultuur; anders as die ander tipes het hierdie stoeltjies oënskynlik geen stylkenmerke nie en waar die oorspronklike afbakening tot die negentiende-eeu steeds relevant mag wees ten opsigte van die ander vyf groepe sitmeubels, is bevind dat dit 'n baie kunsmatige begrening vir hierdie studie is. Die tydsverwysing is dus laat vaar.

Dit behoort gesê te word dat dit nooit beplan is om slegs op die melkstoeltjie as sitmeubel te konsentreer nie. Met voorbehoud kon hierdie navorsing oor enige van die tipes, of almal, handel. Opsigself is dit 'n aanduiding van die gebrek aan deurgronde navorsing en beskikbare inligting oor volksmeubels. Soortgelyks was die karige gevestigde terminologie – en die gepaardgaande verwarring – van meet af frustrerend.

Die studie het dus ontstaan uit 'n gebrek aan begrip vir 'n groep voorwerpe wat oënskynlik sekere fisiese kenmerke, en moontlik terminologie, in gemeen het en tot 'n spesifieke museum se versamelings behoort. Die doelwit is dus eerstens om hierdie en gelyksoortige sitmeubels begripstoeganklik te maak met 'n beskrywende voorstudie. In hierdie opsig is die navorsing 'n breë verkenning van sekere gebruiksvoorwerpe wat in versamelings bestaan, maar nie meer in die verwysingsraamwerk van baie besoekers aan hierdie versamelings nie. Juis die feit dat hul wél bestaan, maar vandag amper vergete is, en dat min gekonsolideerde inligting daarvoor beskikbaar was, lê aan die kern van die studie.

## 1.2. PROBLEEMSTELLING

Aangesien die term 'melkstoel' (lees: 'melkstoeltjie') reeds vir ses voorwerpe<sup>8</sup> in die studiegroep aangeteken is, ontstaan die vraag: wat is 'n melkstoeltjie? Wat is die funksie van 'n melkstoeltjie: is dit, soos die naam moontlik aandui, enigszins of selfs uitsluitlik as sitmeubel by melkery gebruik? Is daar enige ander assosiasies of verbande? Die moontlike antwoorde op hierdie vrae kan van die individuele voorwerpe in die studiegroep, hopelik deur vergelyking, begripstoeganklik maak.

Dit is verder moontlik om ten opsigte van die studiegroep as geheel, ondersoek in te stel na gedeelde kenmerke wat mag dui op groepsverband. Daar mag dus sprake wees van 'n tipologie,<sup>9</sup> waarmee bedoel word dat sekere eienskappe kenmerkend is van melkstoeltjies, en moontlik die sitmeubels in die studiegroep, en dit daarom tipeer.<sup>10</sup> Hierdie ondersoek na die tipologie kan die aanvanklike identifikasie daarvan saam met vyf ander tipes in die voorstudie, toe slegs baseer op die voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling, bevestig ten opsigte van die al die voorwerpe in die studiegroep.

8 Die Museum se kort ontsluitingsvorm, National Cultural History Museum (2006a:1), maak voorsiening vir 'n voorwerpnaam ("*object name*") én ander of alternatiewe name ("*other / alternative names*"). In die Kultuurhistoriese versameling word 'melkstoel' as alternatiewe naam gegee vir: NKM item HG 13235, Historiese Grootboek, vol. 13 en NKM items HG 13581, HG 13754-1, HG 13754-2, HG 13758-1 en HG 13758-2, Historiese Grootboek, vol. 14.

9 Volgens Edwards in Bullock, Stallybrass, & Trombley (1988:879): "*typology* [...] *Any system for classifying things, people, social groups languages etc., by types.*" Kyk ook die algemene betekenis van tipe (*type*): "*a kind, class, or category, the constituents of which share similar characteristics*" volgens Collins English Dictionary (2007:1740).

10 Tipeer word in Engels vertaal as '*typify*', wat volgens Collins English Dictionary (2007:1741) beteken: "*1. to be typical of; characterize 2. to symbolize or represent completely, by or as if by a type.*"



Die hoofdoel van hierdie ondersoek is dus om te bepaal of enige eienskappe die melkstoeltjie, fisies of andersins, tipeer. Hiervoor word die primêre bronne ondersoek: die stoeltjies in die studiegroep met die klem op hul fisiese kenmerke en konstruksie (in Hoofstuk 2) en ten opsigte van inligting oor hul aanwinst, klassifikasie, herkoms en geskiedenis ontsluit uit katalogi, registers, indekse en databanke in die dokumentasiesentrum van die Museum wat inligting oor die voorwerpe bevat (in Hoofstuk 3). Aanvullend daartoe word sekondêre bronne – teks en beelde – geraadpleeg in 'n poging om vrae oor die funksie en ander assosiasies, verbande en moontlike betekenis van melkstoeltjies in Hoofstuk 4 te beantwoord. Hoofstuk 5 eindig met gevolgtrekkings en aanbevelings vir verdere ondersoeke.

### 1.3. DIE KULTUURPRODUK IN KONTEKS

Meubels word, volgens funksie, groepeer as een van die volgende hoofteipes: bergmeubels (kaste en kiste), werk- en eetmeubels (tafels en lessenaars), slaapmeubels (beddens) en sitmeubels.<sup>11</sup> Waar die voorwerpe ten opsigte van hul gebruik as meubels geklassifiseer word, is dit van belang om te stel dat hul as handwerk die lig gesien het. Donkin<sup>12</sup> definieer handwerk as synde van spesifieke making (met die hand en met behulp van gereedskap), dat die kwaliteit van die produk die uitkoms is van die oordeel, vaardigheid en sorg van die maker, dat dit eerstens funksioneel<sup>13</sup> is en dat die materiaal waarvan dit gemaak is intrinsiek deel daarvan is.

Meubelgeskiedenis, 'n afdeling van meubelkunde,<sup>14</sup> betrek navorsers en lesers uit verskeie velde. Ontwerpers, waaronder argitekte, meer onlangs binne-argitekte<sup>15</sup>, interieur-, produk- en industriële ontwerpers, historici, veral kuns- en kultuurhistorici, antropoloë, museumkundiges, versamelaars en handelaars deel belange in dié vakgebied, waar die oorkoepelende begaan die studie van meubels as kulturele fenomeen is. In Suid-Afrika is groot bydraes op hierdie gebied deur kultuurhistorici gemaak. Die terrein van die kultuurhistorikus is juis ruim en akkomoderend,<sup>16</sup> sodat dit by uitstek geskik is tot interdisiplinariteit, soos verlang word in die geskiedkunde van meubels. “Kultuurgeskiedenis maak 'n studie van die kultuurprodukt, die skeppingsproses wat dit tot stand gebring het, die stimulus wat die proses geïnisieer het, en van die samehang van of verbande tussen kultuurprodukte en die dimensies [...] waarbinne hulle tot stand kom; dit is 'n studie waarbinne die skepper, die mens self, sentraal staan.”<sup>17</sup>

In voorwerpgerigte navorsing word die meubel meermale soos 'n historiese dokument bestudeer<sup>18</sup> – dit word beskryf, geanaliseer, verklaar, vergelyk en geëvalueer op soek na leidrade oor konteks en betekenis. Tempelhoff stel dit so: “Die voorhande meubelstuk is baie naby aan die ‘werklikheid’ waarna daar in die

11 Burden & Ekermans (2001:25-36); Franssen (1970:14)

12 Donkin (2001:5-6)

13 Donkin (2001:5): “Where the concepts exist, craft can be distinguished from fine art by the function of the end product. Craft objects are created for use rather than contemplation [...]”. Sy stel verder: “Over time a craft object may achieve artistic status” in Donkin (2001:5-6).


14 Meubelkunde word soms as sinoniem vir meubelgeskiedenis gebruik; in hierdie studie word egter aanvaar dat meubelkunde 'n wyer begrip is wat geskiedenis insluit, maar ook aspekte soos antropometrie, ergonomie, materiaalkunde, tegnologie en vervaardiging.

15 Die International Federation of Interior Architects / Designers (2005:26) se beleid oor opleiding vereis onder andere dat kuns-, argitektuur- en meubelgeskiedenis ingesluit word in die curriculum van leerders in dié dissiplines.

16 Grobbelaar (1990:56-58); Grobbelaar (1995:14-15)

17 Burden (2000:19)

18 Roodt-Coetzee (1962:48-50); Olivier (1987:19); Tempelhoff (1994:5-7)



**FIGUUR 1.12** Die Burden-model vir kultuurgeskiedenis (Burden 2000:21) herinterpreteer met die navorsingsterrein van hierdie studie in rooi aangedui (model deur Raymund König)

rekonstruering van die geskiedenis gesoek word. Die verstaan van daardie werklikheid is deel van 'n skeppings- en aftakelingsproses wat voortdurend aan die gang is, met die doel om die verlede opnuut te verhelder.”<sup>19</sup>

Hiervoor bied Burden se model vir kultuurgeskiedenis<sup>20</sup> (**figuur 1.12**) 'n akademies-teoretiese benadering waarvolgens die voorwerp, of idee, gekontekstualiseer kan word. Waar die model die geheelbeeld voorop stel, benadruk Burden terselfdertyd die belang van diepgaande studie oor “sekere onderdele van kultuur”<sup>21</sup> alvorens sintese bereik kan word. Aangesien hierdie ondersoek juis sy oorsprong vind in die ontoereikendheid van bestaande kulture, is dit beswaarlik moontlik om hier reeds die holistiese ideaal te verwesenlik. Burden stel wel: “Daarom is dit belangrik dat die navorser wat op 'n beperkte aspek van die vakgebied wil fokus, sal beseft dat daardie beperkte of afgebakende terrein nie in isolasie bestaan nie, maar binne die breër konteks van die vakgebied hanteer moet word.”<sup>22</sup>

In die model vergestalt dié breër konteks aan die hand van drie abstrakte asse wat in ruimte relatief tot mekaar voorgestel word. Die asse verbind die teenoorstaande pole, sodat geestelike teenoor stoflike kultuur gestel word (AB-as), patristies- teenoor volkskultuur (CD-as) en tradisionele teenoor eietydse kultuur (EF-as).

As tasbare kultuurskeppings tel meubels en dus ook melkstoeltjies onder stoflike kultuur,<sup>23</sup> hoewel hul samehang met die nie-tasbare ideewêreld nie daardeur ontken word nie. Daar word ook afgelei dat hul tot die

19 Tempelhoff (1994:6-7)

20 Burden (2000:15-26)

21 Burden (2000:17); Grobbelaar (1990:59) verklaar soortgelyks: “Aan die ander kant kan hy om op een of ander kultuurverskynsel in die besonder toelê, van die volksliedjie tot meubelkuns, en so nuwe kennis beskikbaar stel vir wie ookal later 'n oorkoepelende oorsig wil skryf.”

22 Burden (2000:18)

23 Kyk Burden (2000:20)

tradisionele behoort, waar dié term verwys na “’n verskynsel [...] wat reeds deur die gemeenskap aanvaar is en as ‘n tradisie van een geslag na ‘n ander of van een groep na ‘n ander oorgegee word.”<sup>24</sup> Burden stel die problematiek van die tyd-dimensie op hierdie as duidelik in haar bespreking,<sup>25</sup> sodat die feit dat hierdie tradisie byna vergete is, min invloed het op die plasing in die model.

Vir hierdie studie is die derde as – waar patrisiër- teenoor volkskultuur gestel word – van belang, omdat daar maklik begripsverwarring ontstaan oor konsepte soos volkskultuur.<sup>26</sup> Heelparty terme word gebruik om hierdie pole, en hul tussenvlak, te beskryf: “onderkultuur (pionier), middelkultuur (plattelands) en opperkultuur (patrisiër),”<sup>27</sup> “informele” teenoor “formele” kultuur,<sup>28</sup> en met verwysing na argitektuur gebruik Franssen<sup>29</sup> “vernacular”, “vernacular with decorative overlay” en “architect’s architecture”. Hierdie klassifikasie berus in hoofsaak op hoe getrou kultuurgoedere die heersende tydsgees weerspieël en is daarom ‘n aanduiding van die ideale en werklikhede van die maker en by implikasie ook dié van die gebruiker. Met betrekking tot meubels verskaf Burden, in haar ongepubliseerde studie oor Ou-Kaapse<sup>30</sup> meubels, die volgende verklaring:

Patrisiërmeubels word gemaak deur hoogs opgeleide meubelmakers, wat honderd persent op hoogte is van die nuutste styltendense en dit in hulle meubels reflekteer. Die middelgroep, plattelandse meubels, word gemaak deur meubelmakers wat oor goeie tegniese kwaliteite beskik, maar nie so afgerond is soos die gesofistikeerde meubelmakers nie en normaalweg ook nie oor die heel beste en nuutste gereedskap beskik nie. Hulle volg egter getrou die heersende meubelstyle na, hoewel meestal in vereenvoudigde vorm, en plaas dikwels hulle eie stempel op hul produkte. [...] Daar is altyd ‘n tydsverloop voordat die styl in die platteland posvat en wanneer dit eers aanvaar is, kom baie van die stylelemente knaend voor, selfs lank nadat die oorspronklike impetus verby is. Pioniermeubels word gemaak deur enigiemand wat slegs ‘n behoefte het aan ‘n funksionele artikel. Hoewel sommige pioniermeubels tog netjies afgerond is, toon die meeste ‘n mate van kruheid wat ‘n uitvloeisel is van ontoereikende gereedskap en dikwels ‘n totale gebrek aan opleiding by die maker. Dit toon normaalweg ook geen stylkenmerke nie.<sup>31</sup>

Hoewel dit hieruit duidelik is wat met die begrip ‘pioniermeubel’ bedoel word, bly die term problematies. As Fisher se definisie<sup>32</sup> van die ‘pionierstyl’ in Suid-Afrikaanse argitektuur letterlik gelees en van toepassing gemaak word op meubels, blyk dit te eng vir die doel van hierdie studie. Olivier spekuleer so hieroor:

Die wakis, trektafel en opvoustoeltjie is, wat funksie betref, in Suid-Afrika tiperend van die pioniertydperk van die veeboertrekkers en die Voortrekkers. Die meubels is egter nie noodwendig net in pionieromstandighede gemaak en gebruik nie en hoort eerder tuis onder plattelandse meubels. Hoe die egte pioniermeubels aan die Kaap gelyk het, is nie bekend nie. Daar word veronderstel dat die meubels vir pionierhuise stylloos en volgens eenvoudige konstruksiemetodes gemaak sou gewees het.<sup>33</sup>

24 Burden (2000:25)

25 Burden (2000:25)

26 Grobbelaar (1995:11-17); Burden (2000:23-25)

27 Grobbelaar (1995:9)

28 Burden (2000:25), waartoe Grobbelaar (1995:12) ‘semiformeel’ toevoeg.

29 Franssen (1987:42)

30 Burden (1997:III) definieer Ou-Kaapse meubels as: “[...] alle meubels wat sedert die vestiging van Westerlinge aan die Kaap plaaslik gemaak is en kenmerke van die heersende internasionale style van daardie tyd vertoon. Dit dek die ongeveer 250 jaar tot 1900.”

31 Burden (2007:[S.p.]

32 Fisher (2001): “*Pioneer: A term used for the first vernacular structures of European settlers new to an area in South Africa employing traditional building materials and techniques, both of their own or of the local inhabitants.*”

33 Olivier (1990:8)

Waar daar dus min of selfs geen sekerheid is oor die spesifieke omstandighede waarin die voorwerpe in die studiegroep hul ontstaan gehad het nie, sou die gebruik van 'pioniermeubels' strenggesproke onvanpas wees. Die term 'pionier' is terselfdertyd aanvegbaar, waar sommige historici<sup>34</sup> dit wantrou weens die eensydige bedoeling daarvan. Om getrou te bly aan die terme in Burden se model sou die alternatief juis wees om eenvoudig na volksmeubels te verwys wanneer die mees eenvoudige, styllose meubels – soos melkstoeltjies – bedoel word, hoewel dit nie strook met Olivier<sup>35</sup> se aanname, dat volksmeubels met motiewe uit die volkskuns versier is, nie. Die probleem lê dalk in die veelvuldige assosiasies, en soms lekebegrip, vir die Afrikaanse voorvoegsel 'volks-',<sup>36</sup> wat meer toeganklik is as dit gesien word as die vertaling van die Engelse 'vernacular', waar dit (weereens lenend uit die argitektuur) omskryf kan word as "[an] adjective applied to an indigenous style<sup>37</sup> of building that is largely untutored, but thought to be of considerable virtue [...]".<sup>38</sup> Die verwarring is nie uniek tot Afrikaans nie: in onlangse beskrywings van meubelgeskiedenis word woorde soos 'country',<sup>39</sup> 'homemade',<sup>40</sup> 'common'<sup>41</sup> en 'provincial'<sup>42</sup> saam met, of in plaas van, 'vernacular' gebruik.

Dit is waarskynlik hierdie 'ongesofistikeerde' groep meubels wat Johann Tempelhoff beskryf as 'tweedimensionele dokumente' in sy artikel 'Die meubelstuk as historiese dokument'.<sup>43</sup> Hierin identifiseer hy drie rolspelers in die bestaangeskiedenis van meubels: die maker, middelaar en gebruiker. Wanneer die maker dit vir eie gebruik bedoel en die middelaar dus afwesig is, is die derde dimensie so verlore. Vergeleke met veral patrisiërmeubels is daar dikwels sulke inligtinggapings by voorbeelde van volkskultuur. Gilbert stel dit ondubbelsinnig: "Common furniture is essentially anonymous [...]",<sup>44</sup> waarby Filbee voeg: "It is difficult to date a particular piece as they were not items to have been cherished when worn out or not needed."<sup>45</sup>

Daar is dus sekerheid dat die voorwerpe in die studiegroep aan die teenoorgestelde pool van patrisiërkultuur op die model lê. Vir die doel van hierdie studie word die voorwerpe in die studiegroep as 'volkskultuur' klassifiseer, sodat die navorsingsterrein strek tussen die pole van stoflike, tradisionele en volkskultuur, maar met die wete dat dit binne die konteks van die groter raamwerk pas.

34 Soos Etherington (2001:xii-xvii en 243-272)

35 Olivier (1990:8)

36 Burden (2000:23-25) bespreek die betekenis breedvoerig; kyk ook die uitgebreide argument in Grobbelaar (1995:11-14).

37 Die verwysing na "style" in hierdie aanhaling behoort nie in die kultuurhistoriese sin gelees te word nie, maar eerder as 'n 'wyse' of 'manier' volgens die breë Engelse definisie – kyk Collins English Dictionary (2007:1601-2).

38 Brawne in Bullock, Stallybrass, & Trombley (1988:894)

39 Knell (1992:7-8); Kinmonth (1993:1)

40 Knell (1992:7)

41 Gilbert (1991:1); Knell (1992:7-8); Kinmonth (1993:1)

42 Gilbert (1991:1); Kinmonth (1993:1)

43 Tempelhoff (1994)

44 Gilbert (1991:1)

45 Filbee (1977:159) se stelling handel spesifiek oor driepootstoeltjies.



#### 1.4. BRONNESTUDIE

Die museumvoorwerpe self is die primêre bronne wat die navorsing rig en in die volgende hoofstuk behandel word. Dit word ondersteun deur voorwerpinligting ontsluit uit die katalogi, registers, indekse en databanke in die Museum se dokumentasiesentrum.

Voorwerpgerigte navorsing strek dikwels oor die grense van vele vakdissiplines. In die geval van die melkstoeltjie is onder andere bronne uit die landbou- en kultuurgeskiedenis, letterkunde, die kunste en ander sosiale wetenskappe geraadpleeg. Hierdie sekondêre bronne behels tekstuele beskrywings met inbegrip van beelde.

‘n Literatuurstudie oor meubelgeskiedenis toon ‘n onlangse belangstelling in navorsing oor veral plattelandse en volksmeubels. Gilbert<sup>46</sup> wys daarop dat die laat twintigste-eeuse publikasies oor veral Engelse volksmeubels volg op ‘n vroeëre bewustheid in die Verenigde State van Amerika. Selfs voordat die eerste boek<sup>47</sup> oor Suid-Afrikaanse meubels verskyn het, is heelwat reeds oor Amerikaanse volksmeubels gepubliseer.<sup>48</sup> Bewusmaking, veral deur populêre Amerikaanse tydskrifte,<sup>49</sup> het daartoe bygedra dat ‘n groot aanvraag na oorspronklike stukke, en later ook reproduksies, ontstaan het. Dit sou op sy beurt aanleiding gee tot omvangryke dokumentasies,<sup>50</sup> soos dié van Shaker-voorwerpe deur John Kassej,<sup>51</sup> wat op sy beurt weer die reproduksie-industrie verder ondersteun het.

Geeneen van hierdie tendense het op soortgelyke skaal in Suid-Afrika posgevat nie. Boeke oor die Suid-Afrikaanse meubelgeskiedenis is eers in die afgelope halfeeue gepubliseer – Van Onselen<sup>52</sup> skryf in die eerste oor die onderwerp, *Cape antique furniture*, juis dat ‘n gebrek aan inligting hom inspireer om daarvoor te skryf. Die aanvoerwerk deur Van Onselen (1959) is gevolg deur boeke van Pearce (1960), Atmore (1965), Fransen (1970) en Baraitser & Obholzer (1971,<sup>53</sup> 1987 en 2004) en formele studies deur Botha (1969)<sup>54</sup>, Woodward (1982), Geldenhuys (1986) Fransen (1987), Olivier (1990) en onlangs Rabe (2007). In die 1980’s het enkele akademiese artikels<sup>55</sup> verskyn, waarna veral Tempelhoff<sup>56</sup> en Burden<sup>57</sup> insiggewende artikels gepubliseer het.

46 Gilbert (1991:270)

47 Van Onselen (1959)

48 Kyk byvoorbeeld na die omvattende lys in Fitzgerald (1982:310-311).

49 Fitzgerald (1982:306-315) lys heelwat tydskrifte, sommige so vroeg as 1943. Beduidend is sy verwysing na die katalogus vir ‘n uitstalling oor volksmeubels van die suidelike deelstate wat in 1952 verskyn in *The magazine antiques*. Gilbert (1991:270 en 282) se bibliografiese verwysings bevestig die tendens en verwys na tien essays in die joernaal *Antiques* se spesiale uitgawe van Maart 1968 getiteld *Symposium on American country furniture*.

50 Meander in Kassej (1980:v)

51 Kassej (1980)

52 Van Onselen (1959:ix)

53 Baraitser & Obholzer (1971) is in 1978 hersien in ‘n tweede uitgawe – kyk Baraitser & Obholzer (1978).

54 Botha se studie is ook in 1977 in boekformaat gepubliseer – kyk Botha (1977).

55 Grobbelaar (1984a en 1984b); Pretorius (1986); Olivier (1987)

56 Tempelhoff (1990, 1991a, 1991b, 1992 en 1995)

57 Burden (1998 en 2004), asook Burden, Gardner, Le Roux & Swart (2001)

Buiten Botha (1969) en Fransen (1970), wat beide aspekte van die Kaapse stoel behandel, en Olivier (1990) se studie van bergmeubels, word 'n breë spektrum funksionele meubeltipologieë deur die meeste outeurs van boeke en studies gedek. Die klem val ook, met enkele uitsonderings, op stylkenmerke van meubels, sodat gesofistikeerde (patrisiër) en middelvlak (plattelandse) Ou-Kaapse meubels, en veral stoele, deeglik beskryf en dokumenteer is deur navorsing. Dit is egter nie die geval met die volksmeubels, waar stylverbande dikwels afwesig is, nie.

Atmore (1965) was die eerste plaaslike outeur wat 'n poging aanwend om al drie vlakke van sofistikasie te beskryf. Hy bespreek kortliks enkele bankies, stoeltjies en voustoeltjies,<sup>58</sup> hoewel hy nie melkstoeltjies behandel nie. Dit is wel duidelik dat Atmore bygedra het tot die bewustheid wat teen die laat sestigerjare hier ontwikkel het.<sup>59</sup> Botha<sup>60</sup> se studie is in 1969 voltooi en in dieselfde jaar het 'n uitstalling – Die Kaapse Stoel<sup>61</sup> – by die Stellenbosch-Museum belangstelling aangewakker. Waar die Stellenbosch-uitstalling die Kaapse stoel toeganklik begin maak, is dit waarskynlik eers populêr ontsluit deur die eerste van drie publikasies deur Baraitser & Obholzer: *Cape country furniture*<sup>62</sup> word goed toegelig deur die subtitel: *A pictorial survey of regional styles, materials and techniques in the Cape Province of South Africa*. Omdat minder gesofistikeerde meubels vir die eerste keer breedvoerig in beeld en sonder veel diskriminasie gepubliseer word, lê die waarde daarvan juis in hierdie kwantitatiewe benadering.

Baraitser & Obholzer is die eerste Suid-Afrikaanse bron wat 'n melkstoeltjie, soortgelyk aan die in die studiegroep, publiseer. Slegs een foto<sup>63</sup> en 'n kort teksbeskrywing word gegee onder streeksvariasies van die Cederberg en Kouebokkeveld: “[The figure] shows a typical three-legged stool. These stools are made of proteawood and the seats, worn shiny by many years of sitting, show a beautiful reticulated pattern. The stools consist of a thin slab of proteawood cut transversely from the trunk and fitted with three stubby legs, usually about 15 cm high and also made of proteawood.”<sup>64</sup> In 'n bygewerkte samevoeging van hul vorige boeke publiseer Baraitser & Obholzer<sup>65</sup> in 2004 weer net een foto van 'n melkstoeltjie in die afdeling oor kombuisgeriewe, dié keer slegs met 'n onderskrif waarin dit 'n “three-legged milking stool” genoem word.

Soos Atmore<sup>66</sup> meld Woodward<sup>67</sup> terloops die skaarste aan stoeltjies in die Kaap; beide gebruik die generiese term ‘stool’ en verwys duidelik nie na melkstoeltjies nie. Geen ander verwysings kon in Suid-Afrikaanse vakliteratuur nagespeur word nie.

58 Atmore (1965:83-84 en 107-108)

59 Botha (1969:1); Fransen (1970:32)

60 Botha (1969)

61 Fransen (1970) verskyn as geïllustreerde katalogus van die gelyknamige uitstalling gehou in die Stellenbosch-Museum gedurende April 1969. Die Voorsitter van die Museum se Beheerraad verwys in sy inleiding na die sukses van die uitstalling en die gevolglike aanvraag na 'n publikasie (Marais in Fransen 1970:6).

62 Baraitser & Obholzer (1971), later hersien in Baraitser & Obholzer (1978).

63 Baraitser & Obholzer (1971:269): die onderskrif by hierdie foto lees: “Typical three-legged stool made of proteawood.” In Baraitser & Obholzer (1978:351) word 'n ander foto gebruik, maar met dieselfde teks en onderskrif.

64 Baraitser & Obholzer (1978:350)

65 Baraitser & Obholzer (2004:418)

66 Atmore (1965:83)

67 Woodward (1982:119-120)

Die mees omvattende bron oor tradisionele meubels in Afrika, uitgesluit suidelike Afrika, is Sieber (1980) se *African furniture and household objects*. Hoewel Sieber 'n kenner op die gebied is, konsentreer sy navorsing, soos die uitgebreide katalogi van Bocola (1995) en die van Dagan (1985), op voorbeelde uit Oos-, Sentraal- en Wes-Afrika. Toevallige verwysings na drie- en vierpootstoeltjies kom voor in dokumentasies van materiële kultuur, ondermeer in Hodder (1977), Reynolds (1968) en die argief van die Pitt Rivers Museum (2008a) by die Universiteit van Oxford, maar geen bronne vergelyk met Nettleton (2007) se opgawe en beskrywing van kopstutte op die kontinent nie.

Elders word die mees verreikende navorsing vervat in die lewenswerk van Weyns (1974): *Volkshuisraad in Vlaanderen: naam, vorm, geschiedenis, gebruik en volkskundig belang der huiselike voorwerpen in het Vlaamse land van de middeleeuwen tot de Eerste Wereldoorlog*. Hy bied 'n deurgronde argument oor die ontstaan en verloop van stoeltjies in Vlaandere, ondersteun deur data en verwysings. Betekenisvolle insig oor die tipologie in die Lae Lande is hierdeur, en die lys van sitmeubelterminologie in Van Oirschot (1978), ontsluit.

Sedert die vroeë 1990's het vier belangrike studies in Engels verskyn wat elk ongesofistikeerde meubeltipes in 'n historiese en streeksverband ondersoek: *English vernacular furniture: 1750-1900* deur Gilbert (1991), *English country furniture: the national and regional vernacular 1500-1900* deur Knell (1992), *Irish country furniture 1700-1950* deur Kinmonth (1993) en meer onlangs Bebb (2007) se *Welsh furniture 1250-1950: a cultural history of craftsmanship and design*. Al vier hierdie outeurs meld stoeltjies soortgelyk aan dié in die studiegroep, hoewel binne streeksverband en soms met spesifieke terminologie. Knell<sup>68</sup> bied veral insae in die konstruksiemetode en Kinmonth<sup>69</sup> kontekstualiseer die Ierse 'creepie' deeglik ten opsigte van ander sitmeubels en die gebruiksomgewing. Geen ander omvattende verwysings kon binne die vakgebied nagespeur word nie, sodat daar ongetwyfeld 'n gebrek aan kulturele bronne oor dié meubels bestaan.

Twee bronne was besonder waardevol om die geskiedenis en werkinge van die Museum te ontsluit: Dippenaar (1992) was redakteur van die eeufeespublikasie *Staatmuseum 100*, wat die verloop van die Museum tot in die vroeë 1990's met bydraes van verskeie outeurs toelig. Een hiervan was dr. Elda Grobler, wat al breedvoerige navorsing oor die Museum onderneem en gepubliseer het. Haar studie *Collections management practices at the Transvaal Museum, 1913-1964: anthropological, archaeological and historical*<sup>70</sup> was veral insiggewend om die museale bronne te kontekstualiseer en ontrafel.

68 Knell (1992:22-23)

69 Kinmonth (1993:29-34)

70 Grobler (2005)

## 1.5. DIE NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM EN DIE VERSAMELINGS

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum is geleë in die African Window-kompleks te Visagiestraat 149, Pretoria. Die geboue, tot 1991 die Ou Suid-Afrikaanse Munt,<sup>71</sup> is in 1997 deur die Museum in gebruik geneem,<sup>72</sup> maar die versamelings is eers volledig vanaf 2002,<sup>73</sup> twee jaar voor die eerste dokumentasie wat dié studie begin het, hier gevestig. Die voorafgaande honderd jaar van die Museum se bestaan is gekenmerk deur 'n gebrek aan genoeg ruimte en behoorlike fasiliteite.

Die Museum het sy oorsprong in algemene versamelings wat sedert die vroeë 1880's opgebou is<sup>74</sup> en in 1892 formeel georganiseer is toe die Staatsmuseum van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) tot stand gekom het. Uit hierdie museum sou die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, die Museum vir Geologiese Opname, die Transvaalmuseum en die Nasionale Dieretuin ontstaan. Amptenare van die ZAR is reeds in 1893 versoek om 'n verskeidenheid historiese én natuurhistoriese items vir die Museum te bekom.<sup>75</sup> Die versamelings is aanvanklik gehuisves in 'n kamer van die Raadsaal op Kerkplein,<sup>76</sup> maar dit was alreeds die volgende jaar nodig om dit te trek na 'n gebou op die markplein (nou Lilian Ngoyiplein, voorheen Strijdomplein). Die getal voorwerpe in die versamelings het vinnig gegroei en het vroeg al oorgehel na die natuurwetenskappe.<sup>77</sup> Daar was reeds teen 1895 'n behoefte aan bykomende akkommodasie en die konstruksie van die Ou Museumgebou, 'n landmerk in Boomstraat,<sup>78</sup> het kort voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) 'n aanvang geneem.<sup>79</sup> Dit sou eers na die oorlog voltooi en betrek word. Na die Britse okkupasie van Pretoria in Junie 1900 is die naam eers na die Pretoria Museum en hierna na die Transvaalmuseum verander.<sup>80</sup>

Veral die natuurhistoriese versamelings het vinnig gegroei, sodat uitbreiding weer genoodsaak is en werk aan die Nuwe Museumgebou (nou die Transvaalmuseum) in Markstraat (nou Paul Krugerstraat) het in 1910 begin. Slegs die sentrale blok is gebou en die natuurhistoriese uitstallings, bestem vir dié gebou, kon eers in 1925 van die Ou Museum oorgetrek word, meestal omdat die gebou na voltooiing tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1919) deur die ander staatsdepartemente beset is.<sup>81</sup> Die geskiedenisversameling, saam met dié vir antropologie en argeologie, is steeds in die Ou Museum in Boomstraat gehuisves en sou tot die totstandkoming van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (NASKO) as 'n onafhanklike instelling in 1964<sup>82</sup> met die natuurhistoriese afdelings meeding om hulpbronne en erkenning.<sup>83</sup>

71 Kyk Le Roux & Botes (1993:22)

72 Northern Flagship Institution (2001)

73 Grobler (2005:192)

74 Van Schalkwyk (2000:83)

75 Grobler & Dixon in Dippenaar (1992:3-4) vermeld twee omsendbriewe van die Museumraad in Junie 1893 wat verwys na: "1) items made by the indigenous inhabitants so as to build up a collection of their arts and artifacts, 2) items of interest in the field of natural history, including animals, plants, fossils, minerals and ores, and 3) items of European origin and history, in particular those of the Boers and the Voortrekkers."

76 Grobler & Dixon in Dippenaar (1992:2)

77 Grobler (2005:64-68)

78 Kyk Le Roux & Botes (1991:27-29)

79 Grobler & Dixon in Dippenaar (1992:9)

80 Grobler in Dippenaar (1992:80)

81 Brain in Dippenaar (1992:18)

82 Grobler in Dippenaar (1992:84)

83 Van die bestuursaspekte word toegelig in Grobler & Pretorius (2008:118-124).

Die onafhanklike museum het onder die eerste direkteur, mev. Kotie Roodt-Coetzee (1913-2005), floreer. Die personeelkorps en versamelings is onder haar leiding aansienlik uitgebrei, verskeie navorsingstoere is onderneem en die klassifikasie en dokumentasie van die versamelings is volgens museumkundige beginsels onderneem.<sup>84</sup> Die akute tekort aan ruimte sou egter voortduur, ten spyte van menige pogings om nuwe terreine, ook met die oog op 'n opelugmuseum, te bekom. Die skenking van twee eiendomme aan die Museum sou bydra daartoe dat die strewe na 'n opelugmuseum weldra laat vaar is<sup>85</sup> ten gunste van terreinmuseums: in 1972 is 'n eiendom met 'n historiese woning in Silverton deur die Stadsraad van Pretoria aan die Museum geskenk, gevolg deur 'n plaas oos van Pretoria in 1975. Hier sou onderskeidelik die Pioniermuseum in 1975 en die Willem Prinsloo Landboumuseum in 1980 open.<sup>86</sup> In 1988 is die Museum se naam verkort na die Nasionale Kultuurhistoriese Museum.<sup>87</sup>

Die Ou Museum in Boomstraat was teen hierdie tyd beswaarlik opgewasse om die Museum se werksaamhede te akkommodeer en is in 1992 na waterskade finaal gesluit.<sup>88</sup> Die administratiewe kantore is tydelik na 'n gebou in Sunnyside verskuif, terwyl uitstallings sou voortgaan by die satellietmuseums – Krugerhuis, die Pioniermuseum, Willem Prinsloo Landboumuseum, Sammy Marksmuseum, Pierneefmuseum, die Coert Steynbergmuseum en die Voortrekkermonumentmuseum. Bergplek en addisionele akkommodasie moes tydelik gevind word en verskeie geboue is hiervoor gebruik, onder andere die Ou Sinagoge<sup>89</sup> (Paul Krugerstraat 70) en Jansenhuis<sup>90</sup> (Strubenstraat 214). Die tekort aan gepaste administratiewe, stoor- en uitstalruimte het beslis bygedra tot bestuursprobleme in die versamelings. Hierdie gebreke, wat die Museum reeds in sy vroeë bestaan<sup>91</sup> ernstig gekortwiek het, sou voortduur tot die Museum onder een dak gebring is by die African Window. Sedert 1999 word die Museum bestuur deur die Northern Flagship Institution,<sup>92</sup> wat ook verantwoordelik is vir, onder andere, die Transvaalmuseum.

In hierdie studie word in naam onderskei tussen die twee versamelings waar stoeltjies in die studiegroep voorkom. Die versamelings se name is dié wat algemeen deur die Museum gebruik word en waarna in literatuur verwys word.<sup>93</sup>

84 Grobler in Dippenaar (1992:86-89)

85 Grobler in Dippenaar (1992:88-89)

86 Grobler in Dippenaar (1992:95-96)

87 Grobler in Dippenaar (1992:90)

88 Grobler in Dippenaar (1992:92)

89 Le Roux & Botes (1991:32)

90 Le Roux & Botes (1991:22)

91 Grobler (2005:117-118, 144-146, 153-154, 184, 188-192, 368-370)

92 Republiek van Suid-Afrika (1998:6)

93 Kyk byvoorbeeld Dippenaar (1992) Van Schalkwyk (2000) en Grobler (2005). Hierdie gebruiksterme is egter aanvegbaar. Dr. J.A. van Schalkwyk, huidige kurator van die Antropologie-versameling van die NKM, argumenteer byvoorbeeld dat, om een versameling Kultuurgeskiedenis te noem, inderwaarheid impliseer dat ander versamelings nóg met kultuur, nóg met geskiedenis omgaan (persoonlike mededeling, 23 Junie 2009). By haar uittrede as President van die Suid-Afrikaanse Museumvereniging in 1978 het Margaret Shaw reeds die volgende pleidooi gelewer: "*The terms 'cultural history' and 'ethnography' have settled into specific meanings, but if one thinks about it, ethnography is merely the cultural history of someone else. I think we should recognise this and find a term which would include all and indicate that we are part of each other.*" (Shaw 1978:16). Patricia Davison gee in haar artikel '*Rethinking the practice of ethnography and cultural history in South African museums*' 'n breedvoerige argument hiervoor baseer op haar ondervinding by die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad; kyk veral Davison (1990:162-163).



## Die Antropologie-versameling

Antropologiese (etnografiese) voorwerpe is reeds van die begin ingesluit in die versameling van die Staatsmuseum, maar is sonder veel diskresie of kunde versamel:<sup>94</sup>

*During the early years the documentation accompanying the objects was very poor or even non-existent. This was largely the result of a lack of intellectual framework for collecting the objects. Most objects were sent to the Museum by magistrates, farmers etc, or bought from traders such as JR Ivy or Colman Bros. At most, the information accompanying it consisted of place of origin and/or tribal affiliation.*<sup>95</sup>

A.R. Radcliffe-Brown was die eerste opgeleide antropoloog in diens van die Museum. Hoewel hy slegs sewe maande in 1921 by die Museum self gewerk het, het hy 'n groot invloed op die organisasie van die versameling gehad en het veral hierna as ere-kurator heelwat aanwinste vir die Museum beding.<sup>96</sup> Hy is in November 1933 opgevolg deur dr. W.T.H. Beukes, wat weereens vir 'n baie kort tydperk hier werksaam was en die Museum se diens vroeg in 1934 verlaat het om 'n pos by die Universiteit van Pretoria op te neem.<sup>97</sup> Beukes het wel, soos Radcliffe-Brown voorheen, ook as ere-kurator aangebly tot April 1938 en verskeie navorsingsreise onderneem, onder andere twee na Lesotho,<sup>98</sup> waartydens twee van die voorwerpe in die studiegroep ingesamel is.<sup>99</sup> Daar word met lof oor die deeglikheid van sy werk geskryf.<sup>100</sup> In teenstelling met die puristiese, selfs eng, aanslag wat sy voorganger gevolg het, was Beukes se benadering tot die vakgebied meer holisties. *"His interests ranged far and wide, and included documenting poor whites on rural farms, urbanised black people and migrant labourers."*<sup>101</sup>

Maer jare en 'n afname in aanwinste<sup>102</sup> sou volg tot 'n professionele beampte, Tienie Jacobs-Venter, byna twintig jaar later eers vir die versameling aangestel word. Sy het die versameling uitgebrei deur versoeke te rig aan plattelandse polisiestasies en ander staatsdepartemente. *"Large numbers of objects came in. Although duly accessioned, most are without provenance and were only identified with reference to the existing collection, which, because of the lack of documentation, could not always be trusted."*<sup>103</sup> Hierdie praktyk is reeds vroeër deur die Staatsmuseum gevolg. Die enigste voorwerp in die studiegroep wat tydens die 1950's ingesamel is, is juis geskenk deur die "Dept. Naturelle Sake",<sup>104</sup> drie jaar voor Venter die pos sou opneem. Venter skryf self dat sy in 1957 as hoof van die Etnologiese afdeling (nou Antropologie) aangestel is, maar ook:

94 Van Schalkwyk (2000:83)

95 Van Schalkwyk (2000:84)

96 Van Schalkwyk (2000:85)

97 Grobler (2005:128)

98 Grobler (2005:219)

99 NKM items ET 1935-206 en ET 1935-207

100 Roodt-Coetzee (1989:6) skryf: "n Redelik groot versameling voorwerpe van swart volkere in Suid-Afrika is reeds vroeër [voor Roodt-Coetzee se aanstelling in 1953] wetenskaplik goed gedokumenteer deur die volkekundige, dr. W. Beukes."

101 Van Schalkwyk (2000:86)

102 Grobler (2005:134) verskaf statistiek wat hierop dui.

103 Van Schalkwyk (2000:87)

104 NKM item ET 1954-1. "Geskenk deur die Dept. Naturelle Sake" [opskrif bo inskrywing vir voorwerp] en "Gegee aan T.A.C. Emmett, Kommissaris van Naturellesake te Louis Trichardt, deur Kaptein Makuleke, Sjangaan-stam, naby Punda Maria, Kruger Wildtuin" volgens Beukes & Nel-Blom-katalogus aanwinstnommer 1954-1.



“Daar is egter selde in die Etnologiese afdeling gewerk, aangesien die Kultuurhistoriese afdeling al ons tyd in beslag geneem het”.<sup>105</sup> Die huidige kurator skryf hierdie tendens toe aan die opkoms van Afrikaner Nasionalisme en die nuwe geesdrif waarmee die geskiedenisversamelings uitgebou is.<sup>106</sup>

Na die totstandkoming van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in 1964 is die Etnografie-afdeling geskei van Argeologie,<sup>107</sup> verdere aanstellings is gemaak<sup>108</sup> en teen die 1970's is beide versamelings, en die dokumentasiepraktyke, op stewige voet geplaas:

*To the team of Kees van der Waal, in charge of the anthropology section, and Edwin Hanisch in archaeology, with their various assistants, must go much of the credit for putting the two departments on the road to becoming museological and scientific entities in their own right. The documentation systems were standardised, many field trips were undertaken and a number of papers were published in scientific journals.*<sup>109</sup>

Van der Waal was in 1977 verantwoordelik vir die insamel van een voorwerp in die studiegroep.<sup>110</sup>

Die vakkundige beginsels en beleid in die Antropologie-versameling is laat in die twintigste eeu verbreed. Daar is weggedoen met die eng etnografiese opvatting om op ‘tradisionele’ voorwerpe te konsentreer en ‘n breë sosiohistoriese benadering, met inagneming van eietydse en geestelike kultuurgoedere, word nou gevolg.<sup>111</sup> In 1992 is ‘n voorwerp in die studiegroep ingesamel deur die huidige kurator, dr. J.A. van Schalkwyk.<sup>112</sup> Die uitgebreide versameling word tans gehuisves in die African Window-kompleks.

### **Kultuurhistoriese versameling**

Soos die geval met die Antropologie-versameling, is historiese voorwerpe reeds vroeg in die bestaan van die Staatsmuseum ingesamel.<sup>113</sup> Behalwe die ontvangs van voorwerpe<sup>114</sup> is min egter voor 1953 vermag, grootliks weens die meerdere status van die natuurhistoriese afdelings, ‘n gebrek aan ruimte en karige befondsing.<sup>115</sup>

In haar evaluering van die Museum se bestuurpraktyke skryf Grobler oor die geskiedenisversameling:

*The management of the history collection in the Transvaal Museum always took second place to ethnology during the period 1913 to 1953. Indeed it had little call on the duties or obligations of the staff members in charge. The work in that division was delegated to either the director, the ethnologist or an assistant, and could therefore only be done part-time. There was little interest in the historical collection and almost no expert knowledge about it. To say the least, the administration of the history collection was in a chaotic condition, [...] because there was no qualified historian or cultural historian on the staff.*<sup>116</sup>

105 Venter (1994:4)

106 Van Schalkwyk (2000:87)

107 Van Schalkwyk (2000:88)

108 Grobler in Dippenaar (1992:86)

109 Van Schalkwyk (2000:88)

110 NKM item ET 1977-146

111 Van Schalkwyk (2000:90)

112 NKM item ET 1992-54

113 Grobler (2005:63-64)

114 Roodt-Coetzee (1989:7) beskryf dit as volg: “Die grootste probleem het by die dokumenteer en verpakking van oudhede van die blankes gelê, die meeste wat sedert 1904 deur opsigters as geskenke ontvang is, voorwerpe met min museumkundige waarde en wat beskryf is as ‘historical curiosities’.”

115 Grobler (2005:368-372)

116 Grobler (2005:365)

Dit sou eers begin verander toe mev. Kotie Roodt-Coetzee op 1 September 1953 aangestel is as die eerste professionele beampte in die geskiedenisafdeling.<sup>117</sup> Sy het reeds voor hierdie datum navorsing by die Museum onderneem, as vrywilliger daar gewerk en het verskeie uitstallings georganiseer, onder meer vir die driehonderdjarige viering van Van Riebeeck se landing in 1952.<sup>118</sup> Hierdie was die eerste omvattende kultuurhistoriese uitstalling in die Ou Museumgebou en Roodt-Coetzee “[...] het toegesien dat die publiek vir die eerste keer ‘n groot verskeidenheid voorwerpe kon besigtig wat jare lank in die Museum se pakkamers gelê het”.<sup>119</sup> Die uitstalling word as ‘n groot sukses beskryf en het ongekende openbare belangstelling gelok.<sup>120</sup>

**Die jaar waarin Roodt-Coetzee aangestel is – 1953 – word as ‘n waterskeidingsjaar vir die versameling beskou:**

Van 1953 af het voortdurende dinamiese verandering in die geskiedenisafdeling van die Transvaalmuseum plaasgevind.

Die status van die geskiedenis- en later die kultuurgeskiedenisafdeling het verander. Waar dit eers afgeskeep en onversorg was, het dit nou ‘n betekenisvolle deel van die Museum geword. In die vormingsjare van die afdeling het Roodt-Coetzee reeds die grondslag vir die totstandkoming van ‘n nuwe kultuurhistoriese museum gelê. Die werk was nou vir die eerste keer in die hande van ‘n opgeleide vakkundige.<sup>121</sup>

Binne ‘n jaar het sy die geskiedenisversameling dramaties uitgebou en die aansien daarvan, ook binne die Transvaalmuseum, aansienlik verhoog.<sup>122</sup> Haar periodekamer-uitstaltegniek by onder meer die Pretoria-eeufees (1955) en die Voortrekkermonumentmuseum (1957) is hoog geprys.<sup>123</sup> Die dokumentasie en bestuur van die versameling is terselfdertyd hersien, ‘n kaartkatalogus vir die historiese versameling is begin,<sup>124</sup> navorsing en opleiding is onderneem en publikasies het die lig gesien.<sup>125</sup>

Al die voorwerpe uit die Kultuurhistoriese versameling in die studiegroep is eers na die totstandkoming van NASKO (1964) vanaf 1969 en tot ongeveer 1975 ingesamel. Ten spyte van beperkte fasiliteite en finansiële steun was hierdie ‘n tydperk van voortgesette groei vir die versameling.<sup>126</sup> Daar is ook besluit om nadruk te plaas op die insamel van voorwerpe wat sou bydra tot ‘n toekomstige opelugmuseum,<sup>127</sup> wat waarskynlik kon bydra tot die aanwinst van minstens van die voorwerpe in die studiegroep. Buiten haar direkteurspos het Roodt-Coetzee self as professionele beampte vir die kultuurgeskiedenisafdeling opgetree<sup>128</sup> en korrespondensie dui daarop dat sy persoonlik betrokke was by die aanwinst van voorwerpe en goeie verhoudings met donateurs en handelaars gehandhaaf het.<sup>129</sup>

117 Roodt-Coetzee (1989:6)

118 Roodt-Coetzee (1989:5-6)

119 Grobler & Pretorius (2008:120)

120 Grobler & Pretorius (2008:122-123)

121 Grobler & Pretorius (2008:124)

122 Grobler (2005:91)

123 Grobler & Pretorius (2008:125-127)

124 Grobler & Pretorius (2008:130)

125 Grobler (2005:91-93)

126 Grobler in Dippenaar (1992:86-90)

127 Grobler in Dippenaar (1992:86)

128 Grobler in Dippenaar (1992:85-86)

129 Kyk byvoorbeeld brief van 12 Junie 1969 vanaf Mevr. K. Roodt-Coetzee aan Mevr. JNL Redelinghuys, Halfmanskloof (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No 32 NKMeub 1967-1978) en brief van 17 Januarie 1972 vanaf Paul Roux aan Mev. Coetzee (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No 32 NKMeub 1967-1978).



Hoewel Roodt-Coetzee in 1978 uitgetree het as direkteur,<sup>130</sup> is dit duidelik dat haar invloed op die geskiedenis- versameling en die Museum lank hierna sou voortduur.<sup>131</sup>

Gedurende die 1970's en 1980's is heelwat tyd bestee aan die ontwikkeling van veral drie satellietmuseums<sup>132</sup> – die Pioniermuseum, Willem Prinsloo Landboumuseum, Sammy Marksmuseum – waar dele van die historiese versameling steeds gehuisves word. Die grootste deel van die versameling, wat na die sluiting van die Ou Museum in verkeie geboue bewaar is, is uiteindelik by die African Window bymekaar gebring.

## 1.6. DIE TERME 'STOELTJIE' EN 'MELKSTOELTJIE'

Met die uitsondering van een 'bankie'<sup>133</sup> word vyftien voorwerpe in die studiegroep in die data<sup>134</sup> van die Museum onder die voorwerpnaam 'stoel' klassifiseer. Buiten dat hul sitmeubels is, is hierdie generiese benaming beslis onvoldoende om die voorwerpe te onderskei van die ongeveer 1200<sup>135</sup> ander stoele in die Museum se Kultuurhistoriese versameling alleen.

Hoewel styl- en selfs vormvariasies in stoelontwerp voorkom, het 'n stoel gewoonlik 'n rugleuning. Van Oirschot definieer 'stoel' as die "*Algemene benaming voor draagbare zetel voor één persoon, gewoonlik voorzien van een rugleuning en van poten.*"<sup>136</sup> Die Engelse term 'chair' word omskryf as "*a seat with a back on which one person sits, typically having four legs and often having arms.*"<sup>137</sup> In Afrikaans word soortgelyk verklaar: "Meubel vir een persoon om op te sit, gewoonlik met 'n rug en vier pote".<sup>138</sup> Die museumkundige Margaret Shaw onderskei verder tussen 'n stoel ('chair') en 'n stoeltjie ('stool') in haar woordelys: "*chair – having a back rest, as distinct from stool*"<sup>139</sup> en "*stool – a seat without a back for one person*".<sup>140</sup>

In die afwesigheid van rugleunings, en vanweë die grootte, is dit dus wenslik dat geeneen van die voorwerpe in die studiegroep duidelikshalwe 'n stoel genoem behoort te word nie. Hierom is woordsoeke in verskeie tale onderneem om lig te werp op die terminologie van die studie en met die oog op formulering van soekwoorde.

In bronne word die meubels in die studiegroep tweërlei genoem: eerstens as 'n eenvoudige sitplek wat generies as 'n stoeltjie of, vanweë vorm, as 'n bankie beskryf word. Algemene terme met herleibare verband daarmee is:

130 Grobler in Dippenaar (1992:91)

131 Kyk Grobler in Dippenaar (1992:89, 91). Let ook op die huldeblyke in De Beer (1994:2), Ferreira (1994:3) en Venter (1994:4).

132 Grobler in Dippenaar (1992:93-98)

133 NKM item HG 13759, Historiese Grootboek, vol. 14

134 Die data verwys na voorwerpinligting in die museale bronne.

135 Persoonlike mededeling, 1 Maart 2007: mev. Annemarie Carelsen, Kurator vir meubels, tekstiele en metaal, NKM.

136 Van Oirschot (1978:111)

137 Collins English Dictionary (2007:281)

138 Odendal (1979:1084)

139 Shaw (1942:5)

140 Shaw (1942:11)



**Afrikaans:** 'stoeltjie',<sup>141</sup> 'bankie',<sup>142</sup> en 'kruk',<sup>143</sup> maar verkieslik 'krukkie',<sup>144</sup>

**Nederlands en Vlaams:** 'krukje',<sup>145</sup> 'schamel',<sup>146</sup> 'schemel',<sup>147</sup> en 'driepoot',<sup>148</sup>

**Duits:** 'der Schemel',<sup>149</sup> 'das Bänkchen',<sup>150</sup> en 'der Hocker',<sup>151</sup>

**Engels:** 'stool',<sup>152</sup> 'three-legged stool',<sup>153</sup> 'cricket',<sup>154</sup> 'buffet',<sup>155</sup> en 'creepie',<sup>156</sup>

**Noord-Sotho:** 'sedulô',<sup>157</sup> 'sennô',<sup>158</sup>

**Suid-Sotho:** 'setulo',<sup>159</sup> moontlik ook 'setuloana',<sup>160</sup> en 'setulwana',<sup>161</sup>

- 141 Die uitgawe van die WAT met hierdie woord is nog nie gepubliseer nie. Volgens Alet Cloete, mederedakteur van die WAT: "Wat 'stoeltjie' betref, het ek ons kaartmateriaal deurgegaan en tot die slotsom gekom dat dit apart gelemmatiseer moet word met 'n eie definisie. [...] Relatief lae sitmeubel, gew. van hout, en sonder 'n rugleuning of armleunings wat in sy eenvoudigste vorm bestaan uit 'n kleinerige sitplek vir een persoon en met drie of vier pote om dit van die grond te lig. Vgl. KLAVIERSTOELTJIE, MELKSTOELTJIE en VOETSTOELTJIE." Cloete, A. ([aec@sun.ac.za](mailto:aec@sun.ac.za)). Navraag: stoeltjie & Sandveld. *E-pos aan:* Botes, N. ([nico.botes@up.ac.za](mailto:nico.botes@up.ac.za)), 3 Desember 2007.
- 142 Verkleiningsvorm van 'bank' wat as 'n "Langwerpige meubelstuk, met of sonder leuning, waarop gew. meer as een persoon kan sit" gedefinieer word deur WAT (2007). In hierdie studie word uitdruklik bedoel dat leunings, soos in die betekenis van 'stoeltjie', afwesig is. Dit wil voorkom asof die verskil tussen 'n 'stoeltjie' en 'n 'bankie' berus op die planvorm van die sitting.
- 143 Van Wyk (2003:216): "Stoel sonder rugleuning."
- 144 Vermeld op die voorwerpkart vir NKM item HG 10666. Die woord met die agtervoegsel as die verkleiningsvorm word verkies in ooreenstemming met die betekenis van 'stoeltjie'. Let daarop dat slegs die woorde 'melkbankie' en 'melkstoeltjie' (en nie 'melkbank' en 'melkstoel' nie) gelys word in die WAT (2007). Kyk ook Nederlandse terme.
- 145 Den Boon & Geeraerts (2005:1860): "kruk [...] (meestal verkleinv.) stoel zonder leuning, vaak met ronde zitting". Van Oirschot (1978:72): "Krukje [...] Lage twee-, drie- of vierpoot, uit de 16e en 17e eeuw, maar ook later nog gemaakt, met of zonder rugsteun". Kyk ook Delftse Universitaire Pers (1980:6).
- 146 Kyk veral Weyns (1974:168). Den Boon & Geeraerts (2005:3075) verklaar 'schamel' as "houten driepoot waarop de boeren bij het kazen hun tobbe zetten; - driepoot waarop de wastobbe staat". Dit beteken ook 'schaamachtig [...] arm of van geringe staat [...] onaansienlik', soos 'skamel' in Afrikaans, wat volgens Boshoff & Nienaber (1967:581) ontleen is aan die Latynse 'scamellum'. Laasgenoemde is volgens Lewis & Short (1969:1638) die verkleiningsvorm ("little bench or stool") van 'scamnum', ("a bench, stool").
- 147 Skynbaar 'n wisselvorm van 'schamel' volgens Den Boon & Geeraerts (2005:3091): "laag bankje; stoeltje zonder leuning; - voetbankje". Volgens Botha (1969:12) 'n "sitbankie", hoewel sy ook verwys na 'n "schemel met rugleuning". Van Oirschot (1978:101) beskryf dit as 'n drie- of vierpotige stoeltjie uit die Middeleeue en Antieke meubelen (2007) definieer dit as 'n "Middeleeuwse lichte, driepotige stoel". Dit kan ook na 'n stokpootstoel (of Duitse Schemel) verwys.
- 148 Den Boon & Geeraerts: "stoeltje op drie poten" (2005:858), ook 'driepikkel' "(alg. Belg.N.) bankje of voetstuk met drie poten, syn. drievoet" (2005:858) of 'driestal' (2005:859).
- 149 Gajić (1977:919): "(lat. scamellus Bänkchen) Hocker, Fußbank".
- 150 Kyk Gajić (1977:919); let op die verkleiningsvorm.
- 151 Gajić (1977:514): "Schemel ohne Lehnen."
- 152 Filbee (1977:159): "This is a seat for one person, without arms or back, which together with the bench, was the most common form of seating until chairs came into more general use in Tudor times." Kyk ook Gilbert (1991:47), Gloag (1969:642), Knell (1992:22, 42) en Wolsey & Luff (1968:65-66).
- 153 Gebruik in Baraitser & Obholzer (1978:350). Filbee (1977:159): "Three-legged stool: In its simplest form it consisted of a flat piece of wood, of any shape, in which three legs were inserted, sometimes flush with the upper side of the seat". In Afrikaans dikwels verkort na 'driepoot' en volgens Den Boon & Geeraerts (2005:858, 859) in Nederlands moontlik ook 'driepikkel', 'driepoot' en 'drievoet'.
- 154 Ou Engelse term vir lae stoeltjie volgens Gilbert (1991:47, 267), Knell (1992:66, 176, 234), Filbee (1977:163) en Gloag (1969:274). Dit skyn ook dat dit nog in die negentiende eeu in Amerika gebruik is – kyk byvoorbeeld United States Patent and Trademark Office (2007), waar dit skynbaar verwys na 'n voetstoel.
- 155 Ou Engelse term volgens Knell (1992:66): "The word 'buffet' (pronounced as it is spelt, with the 't' sounded) seems to have most frequently described a common, three legged stool in the 15th century." Kyk ook Gilbert (1991:47) en Filbee (1977:163).
- 156 Ou Engels-lerse term volgens Kinmonth (1993:205): "CREEPIE / CREEPIE-STOOL / CREEPY (From the verb to 'creep') Particularly in the northern counties [of Ireland] a common low fireside stool, with three or four legs (and in Scotland a church stool of repentance)."
- 157 Volgens Kriel & Van Wyk (1989:225) 'n "sitplek"; vermeld in die Etnologie Stamboek vir NKM item ET 1977-146 as "sedulo" en in die Beukes & Nel-Blom-katalogus vir NKM item ET 1935-207 as "sedulo of setulo".
- 158 Kriel & Van Wyk (1989:235): "sitplek, bankie". Kyk ook Stoffberg (1967:55).
- 159 Volgens Hamel Part 1 (1965:224) 'n "bench" of "seat" in Engels; vermeld in Beukes & Nel-Blom-katalogus vir NKM item ET 1934-441.
- 160 Hamel Part 5 (1965:460) gee die betekenis as "backless seat".
- 161 Volgens die Direkteur van die Sesiu sa Sesotho Nasionale Leksikologie-eenheid by die Universiteit van die Vrystaat is beide 'setuloana' en 'setulwana' verkleiningsvorme in die spelwyse van onderskeidelik Lesotho en Suid-Afrika. Motsapi, M.J. ([motsapijm.hum@ufs.ac.za](mailto:motsapijm.hum@ufs.ac.za)). Help with translation. *E-pos aan:* Botes, N. ([nico.botes@up.ac.za](mailto:nico.botes@up.ac.za)), 13 Augustus 2007.

Al hierdie terme word losweg verbind met 'n sitmeubel wat in besonder geen rug- of enigins armleunings het nie. Daar word ook bedoel dat dit klein en laag is, soos die agtervoegsels wat oënskynlik op verkleinings duidelike aantoon. Dit is ook duidelik dat meervoudige gebruike daarmee geassosieer word – van 'n algemene sitmeubel tot 'n voetstoel. Hoewel hierdie generiese terme in geheel die voorwerpe in die studiegroep meer akkuraat beskryf as die woord 'stoel', word verwarring steeds veroorsaak omdat variasies voorkom in die meubels wat daardeur beskryf kan word.

Tweedens word meer spesifieke terme gebruik om te verwys na 'n stoeltjie soortgelyk aan dié in die studiegroep:

**Afrikaans:** 'melkstoeltjie',<sup>162</sup> 'melkbankie'<sup>163</sup> en 'melkblok'<sup>164</sup>

**Nederlands en Vlaams:** 'melkstoeltje',<sup>165</sup> 'melkkrukje'<sup>166</sup> en 'melkblok'<sup>167</sup>

**Duits:** 'der Melkschemel',<sup>168</sup> 'der Melkstuhl'<sup>169</sup>

**Engels:** 'milking stool'<sup>170</sup> en by uitsondering 'milk stool'<sup>171</sup> en 'milkmaid stool'.<sup>172</sup>

Uit hierdie woordelys blyk dit dat veral driepootstoeltjies in die Westerse geskiedenis wel in naam met melkery verbind word. Dit is egter onseker of uitsluitlik hierdie funksie daarmee verband hou. Hoewel die term 'melkstoel' as alternatiewe naam vir ses van die voorwerpe in die studiegroep aangegee word, word in Afrikaans meermale na 'melkstoeltjie' verwys om aan te dui dat dit relatief klein en laag is. Dit wil voorkom of daar met melkstoeltjie dus verwys word na 'n spesifieke tipe stoeltjie, meestal met drie pote.

Dit blyk dat 'melkbankie' min gebruik word. Die algemene begrip vir die woord 'bank' dui op 'n langer vorm wat sonder die verkleining ook as sitplek vir meer as een persoon kan dien. 'Melkblok' is waarskynlik nie in algemene gebruik nie. Die bedoeling van hierdie woord is wel duidelik: die funksie daarvan stem ooreen met dié van die ander, maar 'n monolitiese konstruksie (of by implikasie geen konstruksie) is hier ter sprake.

Uit die terminologie kan afgelei word dat die woord 'melkstoeltjie' – en die vertalings daarvan in Nederlands, Vlaams, Duits en Engels – in naam die sekerste assosiasie met meubels soos dié in die studiegroep het.

162 WAT (2007): "Stoeltjie gew. met drie pote waarop die melker [...] sit terwyl daar gemelk word". Vermeld deur Roodt-Coetzee in Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (1971:17) en Olivier (1980:121); kyk ook Departement van Nasionale Opvoeding (1972:101, 287).

163 Soortgelyk aan 'melkstoeltjie' volgens WAT (2007). Word ook vermeld in korrespondensie uit die Museum se argief – kyk brief van 17 Januarie 1972 vanaf Paul Roux (op Ouderwetse Winkel-briefhoof) aan Mev. Coetzee (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978) en brief van 9 Februarie 1972 vanaf Mev. K. Roodt-Coetzee aan Mnr. P.H. Roux, Ouderwetse Winkel, Hoofweg, Aston (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978).

164 WAT (2007): "houtblok waarop die melker sit terwyl daar gemelk word".

165 Kyk Weyns (1974:168); Den Boon & Geeraerts (2005:2132) verklaar as volg: "(het) stoeltje of bankje waarop men zit als men koeien melkt".

166 Van Oirschot (1978:81); Delftse Universitaire Pers (1980:64-65)

167 Scheij & Eriks (1913:6, 10) gebruik die term saam met en as alternatief vir 'melkstoeltje'.

168 Gajić (1977:707): "Sitzgelegenheit für den Melker." Kyk ook item AK201017 in Deutsches Historisches Museum (2007).

169 Gebhard (1969:78)

170 Onder andere in Filbee (1977:159); kyk ook na die algemene gebruik in Two-hundred milking stools and counting (1996:6) en die Afrikaans-Engelse vertaling in Departement van Nasionale Opvoeding (1972:101, 287). Baraitser & Obholzer (2004:418) verwys na 'n 'three-legged milking stool'.

171 Prescott (1937:103) dokumenteer die gebruik van hierdie woordvorm in dele van die Amerikaanse platteland.

172 Kench, Mothes & Szymanowski (1987:28)

## HOOFSTUK 2: DIE VOORWERPE

### 2.1 IDENTIFIKASIE VAN VOORWERPE IN DIE STUDIEGROEP

Die kriteria vir identifikasie van voorwerpe in die studiegroep, een van die primêre bronne van die navorsing, is baseer op die Afrikaanse terme 'stoeltjie' en 'melkstoeltjie' wat in Hoofstuk 1 behandel is. Daar is dus spesifiek gesoek na handgemaakte stoeltjies van hout, sonder rug- of armleunings, maar met pote wat in of deur 'n sitting bevestig is. Geen onderskeid is getref tussen stoeltjies met drie of vier pote nie.<sup>1</sup>

'n Soektog is eerstens onderneem om sulke voorwerpe in die Museum se Kultuurhistoriese versameling te identifiseer. Hierdie visuele verkenning is, onder leiding van me. Annemarie Carelsen (kurator vir meubels, tekstiele en metaal), onderneem by die Museum se berguimtes by Visagiestraat 149 en by die uitstallings in die Pioniermuseum, Willem Prinsloo Landboumuseum en die Voortrekkermonumentmuseum.<sup>2</sup> Dertien voorwerpe van soortgelyke konstruksie is gevind, waarvan twee (NKM items HG 10666 en HG 13581, **figuur 2.1**) deel van permanente uitstallings by die Pioniermuseum is en een (HG 9578) deel van die uitspantoneel by die Voortrekkermonumentmuseum uitmaak. Die berguimte van die Antropologie-versameling by African Window is later ondersoek en agt stoeltjies is hier geïdentifiseer.

Items van monolitiese konstruksie is in die Antropologie-versameling ondersoek, maar is nie by die studiegroep ingesluit nie. Met die evaluering van beide versamelings is drie voorwerpe van die studiegroep uitgesluit: ET 1961-11,<sup>3</sup> asook HG 54799 en HG 54800.<sup>4</sup> Die studiegroep bestaan dus uit 18 voorwerpe, met sewe uit die Antropologie-versameling en 11 uit die Kultuurhistoriese versameling.

Die naspeur van voorwerpinligting in die dokumentasiesentrum en argiewe van die Museum is vir voorwerpe uit beide versamelings onderneem, gevolg deur oor en weer ondersoeke en vergelykings tussen die voorwerpe en hul data. Detailondersoeke is hierna uitgevoer waartydens die afmetings en fisiese kenmerke van die voorwerpe bevestig en fotografies dokumenteer is (**figuur 2.2** en **2.3**). Hierdie data is gebruik vir die beskrywings wat volg.

### 2.2 ONDERSOEK NA FISIESE EIENSKAPPE

Met die beskrywing van die voorwerpe is gepoog om 'n objektiewe analise te gee, baseer op wat sigbaar en toeganklik was. Daar is twee hoofkomponente aan elke stoeltjie: die sitting, of blad, en die pote. Elk hiervan word beskryf in terme van hul fisiese eienskappe en die konstruksiemetode van hul samevoeging. Al die voorwerpe in die studiegroep is, sover vasgestel kon word, handgemaak en is dus nie geometries perfek nie.

1 Hoewel heelwat bronne, soos Filbee (1977:159) na driepootstoeltjies verwys, noem Van Oirschot (1978:101), Ingram (1987:7) en Kinmonth (1993:205) spesifiek dat drie óf vier pote voorkom.

2 Die Voortrekkermonument en Natuurreservaat word tans deur 'n onafhanklike liggaam bestuur. Voorwerpe uit die Kultuurhistoriese versameling van die Museum is op leen aan die Voortrekkermonumentmuseum; persoonlike mededeling, 29 Junie 2009: me. M.E. Schultze, Senior Inligtingkundige, NKM.

3 'n 'Bierstoel' of '*Magquemfu*' volgens die Etnologie Stamboek en 'bankie' volgens die voorwerpkaart. Dit is van monolitiese konstruksie en die enigste waarvan die pote onder die blad ondersteun word, 'n kenmerk wat by geen ander voorwerp in die studiegroep voorkom nie.

4 Beide dateer volgens die Historiese Grootboek, vol. 36, uit die 1970's, is masjiengemaak en vermoedelik van Nederland ingevoer.

**FIGURE 2.1, 2.2, 2.3**

- 2.1 NKM items HG 10666 (links) en HG 13581 in die kombuis van die Pioniermuseum, Silverton (© NKM)
- 2.2 Voorwerpe in die studiegroep uit die Kultuurhistoriese versameling tydens detailondersoek in Stoor KF2, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149 (© NKM)
- 2.3 Voorwerpe in die studiegroep uit die Antropologie-versameling tydens detailondersoek in Stoor KF5, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149 (© NKM)

Hiervoor kompenseer die beskrywings en dié aspekte word nie by elke voorwerp genoem tensy dit opvallend of kenmerkend is nie.

Ter wille van ordening is die voorwerpe van 1 tot 18 genommer. Hierdie orde volg uit die alfanumeriese orde van die voorwerpe se aanwinnommers, die primêre verwysing waarmee museumvoorwerpe geïdentifiseer word. Voorwerpe uit die Antropologie-versameling (waarvan die aanwinnommers met ET begin) is dus geplaas voor dié uit die Kultuurhistoriese versameling (waar die aanwinnommers met HG begin). Die laaste voorwerp in die alfanumeriese orde (OHG 1196) is deel van die tydelike katalogus van die Historiese Grootboek en vorm deel van die Kultuurhistoriese versameling.

Die fisiese eienskappe word in 18 tabelle aangeteken. Die volgorde van die inligting in elke tabel identifiseer eerstens die voorwerpsnommer in die studiegroep, gevolg deur die aanwinnommer en die berg- of uitstalplek waar dit gevind is. Afmetings word gegee volgens oormaat (lengte x breedte x hoogte, of deursnit gevolg deur hoogte), bladdiepte en pootdeursnit. Die oormaat verwys telkens na die langste afmeting in 'n spesifieke rigting; by die oormaat word die breedte deurgaans op bladhoogte gegee aangesien van die pote wyd buite die blad se rand staan en die pote se oormaat die leser mag verwar (kyk byvoorbeeld voorwerp 7, waar die blad 145mm breed is, terwyl die teenoorstaande pote se voete 415mm uitmekaar staan). Vanweë die growwe afwerking en ruwe vorms is die oormaat die mees konsekwente afmeting om die bestek van die stoeltjies te vergelyk. Die materiaal van die blad en pote, deurgaans hout, word gelys ter volledigheid. Vir sommige voorwerpe word die houtsoort in museale bronne volgens die populêre name aangedui, maar dit is onseker hoe akkuraat hierdie inligting is. Dit word, saam met die bron, vermeld waar dit beskikbaar is.

In die formaat van die beskrywings word die voorwerp eerstens ten opsigte van die vorm en hoofkomponente (blad en pote) geïdentifiseer, gevolg deur opmerkings oor die konstruksie, spesifiek waar hegters en vul- of hegmiddel sigbaar is. Laastens volg 'n kort beskrywing van merke waaraan die voorwerp uitgeken kan word. Foto's verskyn links in elke tabel en is genommer volgens die voorwerpsnommer in die studiegroep; die beelde vul die teks aan en behoort daarmee saam gelees te word.



**TABEL 2.1:** Voorwerp 1

**Aanwinstnommer:**

ET 1934-441

**Bergplek:**

Stoor KF5, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 502 x 148 x 290mm

Blad: 41 – 59mm diep

Pote: 24 – 37,5mm Ø

**Materiaal:**

Hout

**Beskrywing:**

Vierpoot met onewe, reghoekige blad waarvan een kort kant gepunt en dunner is. Die blad is, soos die stokpote, alkant rof en ongelyk. Een van die langer pote bly gelik [regs in 1.5], sodat die stoeltjie op die ander drie balanseer. Die pootdeursnit wissel drasties en twee pote loop (natuurlik) dunner na onder. Drie van die pootkoppe staan met plat ente bo die blad uit, waar die taggate duidelik te groot is. Die vierde is effe versink in die blad.

Splinters is bo die blad tussen die pote en taggate ingedryf om die pote in posisie te hou [1.7] – een bly effe los.

Min vlak snymerke kom bo die blad voor, met 'n diep bars tussen die pote aan die gepunte ent. Onder die blad loop 'n diep, lang bars oor die middel.



1.1



1.2



1.3



1.4



1.5, 1.6



1.7

**TABEL 2.2: Voorwerp 2**

**Aanwinstnommer:**

ET 1935-206

**Bergplek:**

Stoor KF5, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 595 x 395 x 330mm

Blad: planke 17 – 27mm diep, mik 49 – 57mm diep

Pote: 27 – 33mm Ø

**Materiaal:**

Hout

**Beskrywing:**

Driepoot – die enigste in die studiegroep waarvan die sitting nie 'n soliede houtblad is nie, maar opgemaak is uit 'n plat miksnit waarop drie onewe planke vasgespyker is om die opening te oorbrug. Uit die kerfmerke op die mik, planke en pote kan maklik afgelei word dat dit handgemaak is. Die taggate is soortgelyks bo die blad grof en gesplinter en die pootkoppe is versink in die blad – die enkelpoot in die mik [2.5] dieper as die ander (19mm onder die blad). Beide die ander taggate bars saam met die grein oop na die kante [2.6, 2,7] en tot onder die blad. Die pote, wyer na onder, staan effe boog en het almal ook barste.

Buiten die geroeste staalspykers waarmee die planke bevestig is kom geen ander hegters voor nie.

Geen opsetlike snymerke kon gevind word nie; behalwe die barste, splinters en maakmerke is die oppervlak redelik egalig.



2.1



2.2



2.3



2.4



2.5



2.6, 2.7

**TABEL 2.3:** Voorwerp 3



3.1



3.2



3.3



3.4



3.5



3.6

**Aanwinstnommer:**

ET 1935-207

**Bergplek:**

Stoor KF5, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 395 x 240 x 295mm

Blad: 38 – 49mm diep

Pote: 24 – 34mm Ø

**Materiaal:**

Hout

**Beskrywing:**

Driepoot waarvan die blad tussen skildvormig en langwerpig is met 'n dunner, amper plat ent by die enkelpoot; teenoorstaande is 'n breër kant, ingekeep tussen die ander twee pote. Maakmerke en die ongelykheid van die blad dui dat dit handgemaak is. Onder die blad is watervlekke [3.5]. Die pote is los en twee daarvan is van bo onsuksesvol met staalspykers langs die tapgat bevestig. Die tappe eindig plat en steek, vanweë die beweging in die pote, tans deur die blad. Die enkelpoot, wat 'n mik het net bo die voet, is in die lengte tot in die mik oopgeklouf [3.4]; dié poot se tap is bo die ergste beskadig en verweer. Die poot het ook bas aan, wat van die ander, reguit stokpote gestroop is. Barste en kewergate kom voor.

Die mees opvallende kenmerk van die stoeltjie is 'n vierde gat wat nie vir 'n poot gebruik is nie. Vanweë die rondheid en binnevlak wil dit voorkom of minstens dié gat van onder geboor is; geroeste draad hang hierdeur [3.6]. Van die roesmerke en kepe wat dit in die blad gemaak het is dit moontlik dat die stoeltjie hieraan opgehang is of dat iets swaars daaraan gehang het.



**TABEL 2.4:** Voorwerp 4

**Aanwinstnommer:**

ET 1954-1

**Bergplek:**

Stoor KF5, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 230 x 210 x 328mm

Blad: 102mm diep

Pote: 24 – 32mm Ø

**Materiaal:**

Hout

**Beskrywing:**

Vierpoot wat effe wieg tussen drie pote. Die dik blad is van 'n stuk stomp wat bo plat, op die omtrek feitlik regaf en onder halfronde gebol is. Die pote, met blinde tapvoeë bevestig, loop geleidelik dikker na onder en die voete staan wyd onder die blad uit. Die pootvoete staan nie plat nie; vanweë die hoek waarteen die pote onder eindig balanseer die stoeltjie op die punte, wat afgeslyt is [4.6].

Al vier pote is met staalspykers op die blad se omtrek verstewig (twee pote met elk twee spykers, andersins een), sodat barste in beide die blad en pote voorkom. Slegs een hiervan [4.5] is opmerklik diep.

Die blad is alom redelik glad afgewerk, met min gereedskapmerke. Die oppervlakte is effe verweer en naas die vlak barste en is daar enkele stampe op die kant [4.4] en enkele vlak, reguit snymerke middellang bo-op die blad.



4.1



4.2



4.3



4.4



4.5



4.6

**TABEL 2.5:** Voorwerp 5



5.1

**Aanwinstnommer:**

ET 1971-26-3

**Bergplek:**

Stoor KF5, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 447 x 145 x 326mm

Blad: 36 – 71mm diep

Pote: 23 – 36mm Ø



5.2

**Materiaal:**

Hout (maroelahout volgens Etnologie Stamboek)

**Beskrywing:**

'n Baie stewige vierpoot wat effe oorleun na een langer sy. Die blad, ongeveer simmetries, is bo en onder konkkaaf gerond, sodat die punte bo die sitvlak eindig. Onder die blad is geboë, onreëlmatige kristallynvlakke om die pote en middel [5.3]; die punte is getrap met hoekige kerfwerk [5.5]. Die pote skop wyd en onewe na buite en is taps gemaak by die blad. Die pote se tappe eindig in vlak met die sitting en elke paar is opsigtelik na aan mekaar [5.6].



5.3

Geen hegters of hegmiddel is gevind nie.



5.4

Naas gereedskapmerke kom enkele barste in die grein voor.



5.5



5.6

**TABEL 2.6:** Voorwerp 6



6.1



6.2



6.3



6.4



6.5



6.6

**Aanwinstnommer:**

ET 1977-146

**Bergplek:**

Stoor KF5, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 375 x 218 x 322mm

Blad: 24 – 53mm diep

Pote: 26 – 31mm Ø

**Materiaal:**

Hout (sitgedeelte van *marula*-hout en pote van *marulakgogo* volgens Etnologie Stamboek)

**Beskrywing:**

'n Vierpoot met 'n reghoekige blad waardeur die pote steek. Hoewel glad is die blad bo effe ongelyk en onder gerond met dunner kante op die lang sye. Die kort kante is regaf. Die stokpote is merkbaar taps gesny kort onder die blad; een poot het nog heelwat bas aan [6.6]. Die tappe loer net bo die blad uit waar die gate groter as nodig is; die pote pas dus losserig. Die pote skop willekeurig van onder die blad uit [6.3].

Geen meganiese hegters is gevind nie, maar daar is moontlik hegmiddel in van die tapgate (slegs sigbaar bo die blad).

Gereedskapmerke en kewergate is sigbaar. Snyhale kom bo die blad voor, met die meeste naby die mees afgeslyte hoek van die blad [6.2 regs bo].

**TABEL 2.7:** Voorwerp 7



7.1



7.2



7.3



7.4



7.5



7.6

**Aanwinstnommer:**

ET 1992-54

**Bergplek:**

Stoor KF5, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 404 x 145 x 343mm

Blad: 58mm diep

Pote: 27 – 31mm Ø

**Materiaal:**

Hout

**Beskrywing:**

Driepoot met 'n gevormde blad wat onder alom bol staan en bo met 'n effense helvlak bog. Dit leun oor na een lang kant, moontlik vanweë die poot [7.4 links agter]. Die pote, letterlik takke met bas, is elk dramaties verskillend: die enkelpoot het 'n mik as voet; die ander bestaan uit 'n tak wat boog staan en een wat kronkel, met beide voete ver buite die blad se rand (415mm uitmekaar). Die pote eindig bo gelyk met die sitvlak. Die tapgate van die paar teenoorstaande pote is aaneengesluit [7.5] en dié van die mikpoot is verruim, sodat die poot hier effe los is.

Van een tot drie staalspykers deur elke poot is sigbaar net onder die blad [7.6].

Fyn maakhale kom oral op die bol van die blad voor, die bas trek van die pootvoete los en enkele barste is gevind.



**TABEL 2.8: Voorwerp 8**



8.1

**Aanwinstnommer:**

HG 9578

**Bergplek:**

Uitspantoneel, Voortrekkermonumentmuseum



8.2

**Afmetings:**

Oormate: 12½" (317,5mm) Ø; 9" (228,6mm) hoog (volgens Historiese Grootboek, vol. 7; detailondersoek en bevestiging van die afmetings van die voorwerp was nie moontlik nie)

**Materiaal:**

Hout (waboomhout volgens Historiese Grootboek, vol. 7)



8.3

**Beskrywing:**

'n Stewige driepoot met 'n ronde skyf as blad wat na onder gering uitbol. Die kant is rondom regaf en met 'n eenvoudige gekepte maakpatroon aan die onderkant [8.4]. Die pote is noukeurig taps gemaak en elk eindig onder in 'n nou punt en bo in vlak met die blad.



8.4

Geen teken van hegters of hegmiddel is sigbaar nie.

Een prominente diep gleuf kom onder die blad voor; enkele holtes en greingolwe bo-op die blad; patroonmatige gereedskapmerke onder en op die kant is opvallend. Die konsekwentheid en kwaliteit van die vakmanskap is merkwaardig.

**TABEL 2.9:** Voorwerp 9



9.1



9.2



9.3



9.4



9.5



9.6

**Aanwinstnommer:**

HG 10666

**Bergplek:**

Kombuis, Pioniermuseum, Silverton

**Afmetings:**

Oormate: 415 x 210 x 190mm

Blad: 36 – 55 mm diep

Pote: 21 – 31mm Ø

**Materiaal:**

Hout (“wa- en doringboomhout” volgens Historiese Grootboek, vol. 8)

**Beskrywing:**

Vierpoot met langwerpige sitblad, gerond op die hoeke en met ‘n plat rand van wisselende dikte wat opstaan rondom ‘n redelik gelyke sitvlak. Een kort kant is 45mm laer en hier is die blad effe smaller en meer gerond; die hoër sykant is meer regaf [9.4]. Die pote het barste en is van onewe lengte en deursnit en moontlik ook van verskillende houtsoorte. Slegs twee pote is sigbaar getap na bo. Al eindig die pootvoete onder teen verskillende hoeke, staan die stoeltjie stewig op ‘n gelykvlak. Die pootkoppe steek in die hoeke deur die blad en is sigbaar verweer.

Drie pote is met tekstielstrok, sigbaar bo én onder die blad [9.3, 9.4], pasgemaak en een pootkop is heeltemal daarmee oorgetrek [9.6]. Een hiervan [9.2 regs onder] het ‘n verweerde keep waar ‘n wig moontlik vroeër in plek kon wees; een pootkop is opmerklik onbeskadig en mooi halfronde [9.2 regs bo] met ‘n moontlike spykergat reg van bo. Die vierde (en stewigste) poot is van bo met ‘n metaalplaat gewig [9.5].

Die borand van die blad het opmerklike stampe en kepe, veral diep by die pootkop met die metaalwig [9.5]. Bo-op is een brandmerk en verskeie snymerke, veral in die middel; die onderkant van die blad is na die middel diep uitgehol [9.3, 9.4] met snye loodreg op die langsgrigting. Die grein bars onderlangs oop.



**TABEL 2.10:** Voorwerp 10



10.1



10.2



10.3



10.4



10.5

Foto's 10.1, 10.2, 10.3 deur Melita Moloney, UP

**Aanwinstnommer:**

HG 13235

**Bergplek:**

Stoor KF2, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 630 x 220 x 265mm

Blad: +/- 32mm diep

Pote: 30 – 40mm Ø

**Materiaal:**

Hout (kameeldoringhout volgens Historiese Grootboek, vol. 13)

**Beskrywing:**

Driepoot met lang sitblad wat ingerond is aan die lang kant tussen die twee pote en geronde hoeke het aan die kant met die enkelpoot. Die pote loop skuins na buite en is effe taps gemaak, ovaal na rond in deursnit en steek deur die blad. Diep greindraad is bo die blad sigbaar.

Wigkepe [10.4, 10.5] is bo die blad sigbaar in die pootkoppe; een hiervan is verweer en oop. Vul- of hegmiddel is bo en onder die blad sigbaar om die tapgate.

Verspreide kort, vlak snymerke bo die blad. Diep en wye snyhale [10.3] onder die blad, veral dig bymekaar en loodreg op die langsrigting aan die een kant.

TABEL 2.11: Voorwerp 11



11.1

**Aanwinstnommer:**

HG 13581

**Bergplek:**

Kombuis, Pioniermuseum, Silverton

**Afmetings:**

Oormate: 375 x 278 x 260mm

Blad: 34 – 36 mm diep

Pote: 30 – 34mm Ø



11.2

**Materiaal:**

Hout (waboomhout volgens Historiese Grootboek, vol. 14)

**Beskrywing:**

Stewige driepoot met 'n konkawe, ovaal blad met twee skuins randvlakke wat die omtrek volg. Die pote is taps gemaak, redelik reguit en staan onder wyd uit. Die plat tappe eindig redelik vlak bo die blad.



11.3

Een pootkop wys twee staalspykerkoppe [11.6] en vul- of hegmiddel is sigbaar by die ander twee taggate.

Die blad toon verskeie kenmerke aan die bokant: daar is enkele kepe op die rand, greingolwe, 'n natuurlik gevormde gat dwarsdeur die blad naby die enkelpoot en twee boogvorm vlekke of brandmerke. Onder is maakhale (beitelmerke?) [11.4, 11.5] veral om die kant sigbaar, enkele barste en vlak snye tussen die pote.



11.4



11.5



11.6

**TABEL 2.12:** Voorwerp 12



12.1



12.2



12.3



12.4



12.5

Foto's 12.1, 12.2 deur Melita Moloney, UP

**Aanwinstnommer:**

HG 13754-1

**Bergplek:**

Stoor KF2, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 320 – 350mm Ø; 255mm hoog

Blad: +/- 65mm diep

Pote: 25 – 30mm Ø

**Materiaal:**

Hout (waboomhout volgens Historiese Grootboek, vol. 14)

**Beskrywing:**

Driepoot met amper ronde sitblad wat bo effe uitgehol is na die middel, reguit afwerk is om die rand [12.3] en onder weer afgeskuins is tot voor die pote. Die pote, amper rond in deursnit, loop skuins na onder en is taps gemaak met kwasse sigbaar. Pootkoppe steek netjies deur die blad met een daarvan netjies half rond [12.4]. 'n Lang las deur die middel van die blad, en hegmiddel, is duidelik sigbaar.

'n Staalspykerkop is bo die blad in een pootkop sigbaar [12.4] en soortgelyke gate (maar geen sigbare spykers nie) kom bo-op die ander twee pote voor [12.5].

Naas die las is die enigste merk bo-op die blad 'n vlak sirkelkeep [12.5] wat die middelpunte van die pootkoppe verbind. 'n Diep holte gevorm deur snymerke kom tussen die pote onder die sitblad voor [12.3].



**TABEL 2.13:** Voorwerp 13



13.1



13.2



13.3



13.4



13.5

Foto's 13.1, 13.2 deur Melita Moloney, UP

**Aanwinstnommer:**

HG 13754-2

**Bergplek:**

Stoor KF2, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 310 x 275 x 190mm

Blad: +/- 47mm diep

Pote: 25 – 30mm Ø

**Materiaal:**

Hout (waboomhout volgens Historiese Grootboek, vol. 14)

**Beskrywing:**

Driepoot wat oorhel na een kant; byna peervormige blad [13.2], bo effe uitgehol en die kante alom grof gerond. Die tapse pote, amper rond, loop oneweredig skuins na onder en eindig gelyk bo die blad. 'n Diep bars loop deur 'n taggat naby die smal kant van die blad, waar die pote effe los is en met twee spykers van die sykant deur die blad bevestig is [13.5].

Vul- of hegmiddel is bo en onder die blad sigbaar om die taggate.

Holtes en vlak gate sowel as enkele vlak snymerke is versprei bo-oor die blad, met diep willekeurige kepe onder tussen die pote, waar dit twee opmerklike holtes vorm [13.4].

**TABEL 2.14:** Voorwerp 14



14.1



14.2



14.3



14.4

Foto's 14.1, 14.2, 14.3 deur Melita Moloney, UP

**Aanwinstnommer:**

HG 13758-1

**Bergplek:**

Stoor KF2, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 390 x 220 x 180mm

Blad: 40 – 60mm diep

Pote: 25 – 30mm Ø

**Materiaal:**

Hout (waboomhout volgens Historiese Grootboek, vol. 14)

**Beskrywing:**

Stewige driepoot wat oorhel na die kant met een poot. Reghoekige blad, bo in een rigting tot 35mm konkaf uitgehol en dan afgeskuins aan die kort kante, waar 'n effense bo-rand eindig in regaf sykante. Al drie pootkoppe is sigbaar bo die blad, maar die enkelpoot (wat byna vertikaal staan) steek verder deur as die ander twee, wat beide skerp terugleun. Al die pote is taps gemaak, een van die skuinspote is rof (of beskadig) terwyl die ander twee meer eweredig silindries is.

'n Staalspykerkop is bo die blad in een van die skuinspote sigbaar [14.4] en vul- of hegmiddel wys bo die blad om die pootkoppe.

Buiten die grein is daar enkele merke in die kom bo die blad wat waarskynlik met die vorming van die holte verband hou en nie soos die doelbewuste snymerke op ander stoeltjies lyk nie [14.4]. Tussen die pote is die blad onder grof gekerf met vlak snye om die pote [14.3].

**TABEL 2.15:** Voorwerp 15



15.1



15.2



15.3

Foto's 15.1, 15.2 deur Melita Moloney, UP

**Aanwinstnommer:**

HG 13758-2

**Bergplek:**

Stoor KF2, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 300 x 220 x 210mm

Blad: 29 – 38mm diep

Pote: 22 – 25mm Ø

**Materiaal:**

Hout (waboomhout volgens Historiese Grootboek, vol. 14)

**Beskrywing:**

Driepoot wat effens hoër staan aan die kant met een poot. Reghoekige sitblad met 'n opstaanrand, afgeskuins tot 'n byna plat vlak waardeur die pote bo opstaan. Brandmerke bo en kepe aan al die rande. 'n Bars [15.2, 15.3] loop van naby die enkelpoot saam met die grein na die kant, maar skynbaar sonder invloed op poot of stabiliteit. Die silinderpote is effe taps en dele van twee pote het onderlangs afgesplinter.

Ten spyte van die dun blad is geen teken van wê, spykers of hegmiddel gevind nie.

Die onderkant van die blad is byna eweredig bedek met vlak, willekeurige snylyne, met enkele kort snymerke middellangs bo.



**TABEL 2.16:** Voorwerp 16



16.1

**Aanwinstnommer:**

HG 13759

**Bergplek:**

Stoor KF2, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 790 x 150 x 220mm

Blad: 70 – 78mm diep

Pote: 28 – 32mm Ø



16.2

**Materiaal:**

Hout (doringhout volgens Historiese Grootboek, vol. 14)

**Beskrywing:**

Lang vierpoot wat nie heeltemal plat staan nie en effe wieg tussen drie van die pote. Die blad is van 'n halwe kloofpaal of stomp wat ook aan die onderkant so-te-sê gelyk gemaak is. Die lang kante is rof gelaat, met 'n tak- of kwasknop sigbaar; die kort ente verskil van mekaar en is oneweredig. Twee kort stokpote steek met blinde tapvoeë weerskante in die blad en loop skuins na onder uit teen verskillende hoeke. Twee van die pote eindig loodreg onder, in stede van teen 'n skuinshoek, wat bydra tot die wankelrigheid. Barste kom op die blad en pote voor.



16.3

Geen hegter is sigbaar nie; van een lossigerige poot wil dit voorkom of die tapgate diep in die blad geboor is.



16.4

Enkele kort snymerke en krappe bo-op die blad [16.3]. Kewergate [16.4, 16.5] kom op die blad en pote voor (die voorwerp is daarom onlangs deur die Museum met beroking behandel).



16.5

**TABEL 2.17:** Voorwerp 17



17.1



17.2



17.3

Foto 17.1 deur Melita Moloney, UP

**Aanwinstnommer:**

HG 15065

**Bergplek:**

Stoor KF2, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 415 x 200 x 260mm

Blad: 45 – 55mm diep

Pote: 25 – 34mm Ø

**Materiaal:**

Hout

**Beskrywing:**

Driepoot met reghoekige sitblad waarvan die hoeke aan die kant van die enkelstaande poot teen 45° afgesny is om 'n onewe seskantige vorm op plan te maak. Die blad se kante is regaf en die rande bo-om is effe meer gerond as aan die onderkant; soortgelyks is die blad bo-op glad en onder grof. Al drie tappe is bo sigbaar en eindig amper gelyk met die blad. Die tapse stokpote wissel in deursnit, met een ooglopend van dikker deursnee, terwyl beide die ander gebuigde staalspykers in die tappe bo die blad het [17.3].

Dit kom voor of daar hegmiddel in die tapgate is.

Die grein is opvallend bo die blad, waar daar ook enkele klein, vlak snymerke voorkom. Die onderkant het diep slote en saag- of snymerke aan een kant en 'n diep keep in die langsgrigting [17.2].

**TABEL 2.18:** Voorwerp 18



18.1



18.2



18.3



18.4



18.5

**Aanwinstnommer:**

OHG 1196

**Bergplek:**

Stoor KF2, Suidelike vleuel, NKM, Visagiestraat 149

**Afmetings:**

Oormate: 445 x 250 x 300mm

Blad: 40 – 52mm diep

Pote: 26 – 35mm Ø

**Materiaal:**

Hout

**Beskrywing:**

Driepoot met bykans halfsirkel tot reghoekige sitblad, op plan gerond aan die lang kant met die enkelpoot en reguit aan die kant met twee pote. Die sitblad is holrond, met die onderkant ongeveer parallel aan die bokant, buiten vir 'n dikker wand op die omtrek. Die houtgrein is bo grof en verweer en die plat-ronde pootkoppe eindig bo die blad en baie na aan die rand. Die enkelpoot is langer, sodat die stoeltjie effe oorleun. Al drie pote skop na onder uit en is met die hand gekerf en geprofileer: 'n tapslopende silinder onder die blad gaan oor in 'n plat bolvorm, waarna onewe vyf- tot sewekantige suile wat bo en onder uitswel. Die enkelpoot eindig onder in 'n groot ovaal bal, terwyl die ander twee pote daaronder ronde skywe van verskillende hoogtes aan die voet het [18.5]. Hierdie is die enigste poging tot stylverwysing in die studiegroep.

Geen hegters is sigbaar nie.

Die grein is opvallend bo-op die blad; enkele kort merke kom voor aan die reguitkant van die blad se rand en drie klein holtes in die middel van die sitblad. Die blad se onderkant het verskeie snymerke, veral aan die kant met die twee pote [18.4].

## 2.3 BESPREKING VAN FISIESE EIENSKAPPE

### Hoogte

Dit is opmerklik dat al die voorwerpe in die studiegroep redelik laag is, in ooreenstemming met die beskrywings in die literatuur.<sup>5</sup> Die laagste, voorwerp 14, is 180mm hoog, met voorwerp 9 en 13 wat beide minder as 200mm hoog staan. Die hoogste, voorwerp 7, meet 343mm, maar hierdie afmeting is te wyte aan 'n opstaanpunt, sodat die sitting meestal op soortgelyke hoogte as voorwerpe 2 en 4 (onderskeidelik 330 en 328mm) is. Die items uit die Antropologie-versameling is ook hoër (gemiddeld 319mm) as dié in die Kultuurhistoriese versameling (gemiddeld 233mm). Beide hierdie mates, asook die hoogste (voorwerp 7) is laer as die gemiddelde sithoogte in eietydse antropometriese data.<sup>6</sup>

### Blad

In die studiegroep lê die grootste verskil in die vorm van die sitblad. Met die uitsondering van die saamgestelde mikblad van voorwerp 2 is daar in hoofsaak vier groepeerings ter sprake: reghoekige sittings (voorwerpe 6, 14, 15 en 16), ronde en ovaalvormige sittings (voorwerpe 4, 5, 8, 11 en 12), vry gevormde sittings (voorwerp 3, en meer so 13) en die grootste groep, wat langwerpig, maar nie totaal reghoekig is nie. Hiervan is die meerderheid 'n kombinasie van ronde en langwerpige sittings, met voorwerpe 7 en 9 alkant gerond en voorwerpe 1 en 17 wat op plan bykans geen ronding het nie. Hierdie aspek stem dus ooreen met Filbee<sup>7</sup> se stelling dat die sitting enige vorm kan aanneem.

Daar is opmerklike driedimensionele artikulering op baie van die blaaië. Die sitvlak is soms beslis uitgehol deur die maker (voorwerpe 5 en 14), maar meer dikwels is die blad net effe konkaf na die middel (voorwerpe 12, 13, 17 en 18). Dit is onseker of hierdie kenmerk slegs deur gereelde gebruik veroorsaak kon word. 'n Doelbewuste opstaanrand kom by van die voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling voor (kyk voorwerpe 9, 11 en 15). By veral voorwerp 5, waar sekere en skerp lyne die vlakke skei, het die maker baie aandag gegee aan die vorming van die blad se onderkant. Ander het geronde onderkante (kyk voorwerpe 4, 6, 7, 11, 12 en 14), maar die meerderheid is onder meestal plat (voorwerpe 1, 2, 3, 8, 10, 15, 16, 17 en 18). Waar snymerke dikwels onder die blad voorkom het dit 'n beduidende invloed op die vorm van veral voorwerp 9 en 12.

### Pote

Dit is opmerklik dat 'n poging tot stylverwysing net in een geval – by die pote van voorwerp 18 – voorkom.

Verskeie outeurs<sup>8</sup> meld dat drie pote meestal voorkom en skryf dit daaraan toe dat drie pote altyd stewig staan, selfs op 'n ongelyke vloer of op die grond. Dit word bevestig deur die nege driepootstoeltjies in die studiegroep. 'n Derde van die studiegroep het wel vier pote; hiervan wieg die helfte en staan net op drie van die pote gelyk (voorwerpe 1, 4, 16).

5 Gilbert (1991:124); Kinmonth (1993:8, 205); Weyns (1974:165); Ingram (1987:7) gee 'n hoogte van ongeveer 12 duim (+ /- 305mm), terwyl Baraitser & Obholzer (1978:350) verwys na pote wat ongeveer 15cm hoog is.

6 Hierdie hoogte is 440mm volgens Tutt & Adler (1985:23-24).

7 Filbee (1977:159); kyk ook Ingram (1987:7).

8 Knell (1992:23); Filbee (1977:159); Weyns (1974:173); Wolsey & Luff (1968:65-66); Kinmonth (1993:8 en 33); Ingram (1987:6-7)

Die pote is meestal silindervormig en is taps gemaak om deur tapgate in die blaai te pas. Snyhale hiervoor is by die meeste van die voorwerpe hoog op die pote, net onder die blad, sigbaar. In veral twee gevalle is daar 'n doelbewuste poging tot vormgewing van die pote: al drie pote van voorwerp 8 is konsekwent en noukeurig gekerf met die gereedskapmerke sigbaar, terwyl die pote van voorwerp 18 byna soos sierbalusters geprofileer is. Die ander uiterste is stokpote wat nog bas (voorwerpe 3, 6 en 7) of mikke (voorwerpe 3 en 7) het. Verally by voorwerp 7 is daar 'n skelle kontras tussen die natuurlike pote en die noukeurig gevormde blad.

Die meeste pote het min uitstaande kenmerke, buiten dat hul soms skeef is en dikwels op een voorwerp verskil, nie net in lengte nie, maar ook ten opsigte van die invalshoek (kyk voorwerp 14) en die meestal dikker voete. Hoewel die pootdeursnit ook wissel van poot tot poot en van voorwerp tot voorwerp, is die verskil nie dramaties nie: die afwyking is gemiddeld tussen 25 en 33mm, met die grootste verskil by die pote van voorwerp 1 (tussen 24 en 37,5mm). Die dunste poot het 'n deursnit van 21mm (voorwerp 9), met die dikste 40mm (die enkelpoot van voorwerp 10).

### Konstruksie

Al 18 voorwerpe se pote is met tapvoeë bevestig. Slegs twee hiervan, voorwerpe 4 en 16, het blinde tapvoeë waar pote nie bo deur die blad steek nie; dié twee voorwerpe het ook die diepste blaai in die studiegroep. Die ander 16 stoeltjies se pote is almal met deurlooptapvoeë vas, sodat die tappe, wat ook die pootkoppe is, bo die blad verskyn en dikwels daarbo uitstaan.

Soos Filbee<sup>9</sup> verwys Ingram<sup>10</sup> na die gebruik van wê om die getapte pote in posisie te hou. Knell gee die mees omvattende beskrywing:

*Although any crude furniture may popularly be called 'primitive', the term is more properly reserved for pieces with a simple form of wedged construction – generally based on a central slab (a seat or table top) with whittled stake-like members wedged into it to create legs and uprights. The member is deeply notched at one end, the notched end is rammed through the appropriate hole in the slab and a wooden wedge hammered into the notch to hold the member firmly in place. The protruding wedged end of the member is then cut off flush with the slab surface. There is seldom any form of decoration or any need for nails or screws.<sup>11</sup>*

Hoewel die tradisionele konstruksie wat hierbo beskryf word in beginsel ooreenkom met die deurlooptapvoeë in die studiegroep, is konvensionele wê, of tekens daarvan, net by twee voorwerpe (nommer 9 en 10) gevind. Dit is moontlik dat houtwê, soos in die aanhaling hierbo, wel by voorwerp 10 gebruik is. Vul- of hegmiddel is egter duidelik om die pootkoppe sigbaar en die toestand van die kepe is sodanig dat dit voorkom of die wê verlore is. By voorwerp 9 kom wigkepe op twee pootkoppe voor. Slegs een hiervan het nog 'n wig – 'n metaalplaat – in plek, terwyl die ander keep verweer en oënskynlik leeg is. Hierdie poot is wel met tekstielstrok om die tapgat verstewig. Die ander twee pote word ook met tekstiel in plek gehou, met een pootkop wat heeltemal daarmee oorgetrek is en die ander wat netjies half rond staan en moontlik 'n versonke spyker in het of vroeër gehad het. Dit is dus moontlik om hieruit af te lei dat pote beslis herbevestig of selfs

9 Filbee (1977:159)

10 Ingram (1987:7) verwys spesifiek na houtwê.

11 Knell (1992:22)



totaal vervang is, soos deur Knell<sup>12</sup> beskryf. Dit word onderskryf deur verskille in die vorm, kleur en lengte van die pote by voorwerp 9.

In een geval, by voorwerp 1, is houtsplinters tussen pote en tapgate gebruik om te kompenseer vir die grootte van die openinge. By sewe ander voorwerpe is spykers as hegters gebruik om die poot in posisie te hou, met voorwerp 7 waar dit van onder die blad bevestig is en voorwerp 13 waar een poot (vanweë 'n bars?) sydelings deur die blad gespyker is. In die geval van die ander vyf (voorwerpe 3, 11, 12, 14 en 17) is dit van bo bevestig en dien dit kennelik dieselfde doel as 'n konvensionele wig: dit swel die poot uit sodat dit stewig in plek bly.

Bykans ewe veel voorwerpe wys pootkoppe bo die blad of het tappe gelyk met die blad. Van die sewe voorbeelde waar die tappe ongeveer gelyk met die blad eindig is dit veral by voorwerpe 5 en 6 opmerklik in vlak met die kurwe van die sitting en is beslis afgewerk tot hier. Versonke tappe is die duidelikste sigbaar op voorwerp 2. Agt voorbeelde se pootkoppe steek beslis deur. Met gebruik en uit die aard van die eenvoudige konstruksiemetode is dit moontlik dat die tappe met tyd verder deur die blad sal steek, soos waarskynlik die geval is by voorwerpe 1, 6 en 15. By vyf van die voorwerpe (nommers 9, 10, 12, 14 en 18, almal in die Kultuurhistoriese versameling) is daar egter 'n bepaalde vorm aan die pootkoppe, van 'n egalige ronding tot 'n byna halvesfeer (een pootkop elk by voorwerp 9 en 12).

### **Maak- en gebruiksmarke**

Soos by handwerk verwag kan word is marke wat dui op die maak- en vormingsproses by die meerderheid voorwerpe sigbaar. Dit kom voor by die taps gemaakte pote, sommige van die tapgate (kyk voorwerpe 1 en 2) en veral waar die komponente gerond is. Laasgenoemde is duidelik sigbaar by voorwerp 7 (fyn hale onder die blad), 8 (patroonmatige kerfmarke op die rand van die blad en op die omtrek van die pote), 11 (maakhale onder die konkawe blad) en growwer marke by 14 (in die kom van die blad). Eensoortig is die vlak sirkel wat die middelpunte van die pootkoppe by voorwerp 12 verbind en waarskynlik 'n merker is vir die posisie van die tapgate.

Snymerke kom algemeen bo en onder die blad voor. Hierdie hale verskil van die gereedskapmarke en is duidelik 'n gebruikskenmerk. Dit kom ook telkens tussen en om die pote voor, wat aandui dat dit nie met die maakproses verband hou nie. By voorwerpe 1, 4, 6, 8, 11 en 16 is dit nie merkwaardig nie, maar by agt van die elf voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling is die blad onder erg gesny of gekerf, met aansienlike holtes so gevorm by nommer 9 en 12. Voorwerp 9 is ook bo die blad en op die rand daarvan merkbaar gesny. Die snymerke herinner in die algemeen aan die meshale op 'n snyblad wat vandag in 'n kombuis gebruik word.

## **2.4 SAMEVATTING**

Hoewel die voorwerpe in die studiegroep in sekere opsigte van mekaar verskil, is daar wesenlike ooreenkomste ten opsigte van hul komponente en konstruksie wat die stoeltjies in die studiegroep tipeer. Met die uitsondering van die snymerke op, en meer so onder die blad, is dit duidelik dat hul fisiese kenmerke

<sup>12</sup> Knell (1992:22-23)



ooreenkom met van die eienskappe wat deur ander outeurs genoem word in hul beskrywings van soortgelyke stoeltjies uit veral Engeland,<sup>13</sup> Ierland<sup>14</sup> en die Lae Lande,<sup>15</sup> ongeag van watter naam telkens daarvoor gebruik word. Vergeleke met die gemiddelde hoogte van 'n tipiese stoel se sitting is dié stoeltjies almal laag, daar is beslis geen bepaalde vorm vir die sitting nie, drie, of in minder gevalle vier, pote kom voor en drie pote staan beslis stewiger as vier. Deurlooptapvoeë word meestal gebruik om die pote te bevestig en dit wil voorkom of 'n dieper blad benodig word as dit met blinde tapvoeë vervang word. Die gebruik van wê is bevestig en hoewel geen houtwê gevind is nie, kan geredelikerwys afgelei word dat dit deur hegters, dikwels in dieselfde posisie as die tradisionele wê, vervang is.

Die voorwerpe is handgemaak, hoe noukeurig of onhandig ook al, en pas in hierdie opsig totaal binne die definisie van handwerk volgens Donkin<sup>16</sup> waarna reeds in Hoofstuk 1 verwys is. Hul is verder primêr funksionele voorwerpe met min poging tot aanstellerige dekorasie of stylverwysings; selfs in die een geval waar daar tog sprake van stylkenmerke is – die pote van voorwerp 18 – is dit 'n primitiewe weergawe daarvan. Meer as die helfte is gebruik vir meer as net sitmeubels, soos minstens uit die snymerke afgelei word.

Hierdie fisiese eienskappe dui reeds op meerdere groepskenmerke, wat vervolgens verder ondersoek word aan die hand van voorwerpinligting bekom uit museale bronne.

13 Gilbert (1991); Ingram (1987); Knell (1992); Filbee (1977)

14 Kinmonth (1993)

15 Van Oirschot (1978); Weyns (1974)

16 Donkin (2001:5-6)

## HOOFSTUK 3: ONDERSOEK VAN MUSEALE BRONNE

### 3.1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk ondersoek bronne in die dokumentasiesentrum van die Museum wat inligting oor die voorwerpe in die studiegroep ontsluit en die stoeltjies as primêre bron in hierdie navorsing ondersteun. Die museale bronne behoort inligting te bevat oor die identifikasie en klassifikasie van elke voorwerp, bestuursinligting, veral ten opsigte van verkryging, die Museum se beskrywings van fisiese kenmerke, asook die herkoms en geskiedenis van die voorwerpe. By gebrek aan 'n enkele, gekonsolideerde stelsel om hierdie voorwerpinligting te ontsluit, is meerdere bronne noodgedwonge geraadpleeg en vergelyk.

'n Oorsig van die museale bronne lei hierdie hoofstuk in, waarna die inligting daaruit in tabelformaat assimileer word, gevolg deur 'n bespreking en samevatting.

### 3.2. MUSEALE BRONNE

Katalogi, registers, indekse en databanke wat in boek-, legger-, kaart- of elektroniese formaat museumkundige data oor die voorwerpe in die studiegroep bevat, is ondersoek. Daar moet in gedagte gehou word dat die voorwerpe oor 'n tydperk van onderskeidelik 58 jaar in die Antropologie-versameling, en ongeveer ses jaar in die Kultuurhistoriese versameling, ingesamel is. Minstens in die Antropologie-versameling dek die bronne dus die werk van verskeie personeellede en is dit daarom dikwels die produk van verskillende benaderings tot en metodes van dokumentasie en indeksering. 'n Intrinsieke verskil bestaan ook tussen die benaderings wat in die twee versamelings gevolg is en hoe inligting met die verloop van tyd aangeteken en hersien is.

Hierdie verskille, en die aard van die Museum se verwysingstelsels, noodsaak dat data uit museale bronne beskou moet word in die konteks van die versamelings se geskiedenis. Van dié aspekte word uitgewys in die bespreking van die bronne.

Op enkele uitsonderings na kon bronne nagespeur word wat oorspronklik tydens die registrasie van voorwerpe geskep is, dit wil sê toe dit formeel in die versamelings opgeneem, en so in die onderskeie aanwinsregisters<sup>1</sup> van die versamelings aangeteken is. Die inskrywings in die aanwinsregisters bevat dikwels die mees volledige rekord van die voorwerp, sodat ander bronne (soos voorwerpkaarte) dieselfde inligting bloot herhaal of soms in geredigeerde formaat gee. Daar is egter gevalle waar die omgekeerde waar is en twee voorwerpe waarvoor geen inligting gevind kon word nie.<sup>2</sup>

In die bespreking hierna word die museale bronne alfabeties gelys.

1 'n Gebinde boek (of saamgestelde legger) waarin permanente insluitings in museumversamelings formeel aangeteken word en waartydens 'n unieke aanwinsnommer daaraan toegeken word; volgens Grobler (2005:399, 403) staan dit ook bekend as 'n katalogus of bloot 'n register.

2 Geen museale verwysings kon nagespeur word vir voorwerp 17 (NKM item HG 15065) nie. Voorwerp 18 (NKM item OHG 1196) is deel van 'n tydelike katalogus en word behandel in afdeling 3.2.5 (p.50) van hierdie hoofstuk.

### 3.2.1 Beukes en Nel-Blom-katalogus

Die Beukes en Nel-Blom-katalogus<sup>3</sup> (figuur 3.1) is 'n handgeskrewe aanwinstregister wat dateer uit 1934 en aanwinste in die Antropologie-versameling tot in die vyftigerjare dek. Dié register is onder andere deur Beukes gebruik vir die registrasie van voorwerpe wat hy tydens ekskursies ingesamel het. Inskrywings word dikwels ingelei deur 'n verklarende nota, byvoorbeeld: "Die volgende voorwerpe is aangekoop deur W.T. Beukes, gedurende 'n ondersoektog na Basoetoeland en die Transkei. 5 Jan – 24 Feb. 1935"<sup>4</sup> en "Van 1954-1 – '10 geskenk van die Dept. Naturelle Sake."<sup>5</sup>

In die Beukes en Nel-Blom-katalogus sluit die aanwinstnommers 'n jaartal<sup>6</sup> in wat eerste in alle inskrywings vermeld word. Vir die studiegroep verskyn die trefwoord 'stoel' deurgaans aan die kop van die inskrywing, gevolg deur terme in ander tale, sowel as waar, wanneer en teen watter prys die item aangekoop is. Min voorwerpbeskrywings kom voor, maar beskikbare inligting word konsekwent en in sinsverband gegee.

### 3.2.2 Databank: ET-aanwinstregister

Gerekenariseerde stelsels is in 1987 aan die Museum bekendgestel en, hoewel dit steeds voortduur, is die meerderheid van bestaande voorwerp-inligting tussen 1990 en 2005 in 'n elektroniese databank ingevoer.<sup>7</sup> Hierdie databank is slegs toeganklik vir museumpersoneel. As die jongste bron met hoofsaaklik kernagtige data is die elektroniese databank, met die hulp van me. M.E. Schultze, senior inligtingkundige, geraadpleeg indien geen ander bron gevind kon word nie. Dit was slegs in een<sup>8</sup> geval nodig (figuur 3.2).

### 3.2.3 Getikte Etnologie Stamboek

As 'n saamgestelde katalogus verwys die getikte Etnologie Stamboek na die werk van verskeie personeellede, hoewel daarop gelet moet word dat daar vir lang tye geen antropologie-beampte in diens van die Museum was nie.<sup>9</sup> In 1961 het die Museum besluit om die handgeskrewe aanwinstregisters vir antropologie oor te tik<sup>10</sup> om leesbaarheid te vergemaklik. Die getikte Etnologie Stamboek dupliseer dus Beukes se inskrywings vir aanwinste tussen 1934 en 1937, sowel as latere aanwinste tot in die vyftigerjare. Vir voorwerpe in die studiegroep is die getikte Stamboek 'n getroue weergawe van die handgeskrewe inskrywings in die Beukes en Nel-Blom-katalogus.<sup>11</sup>

- 3 Grobler (2005:241) verwys na hierdie bron as "*Catalogue used for the Nel-Blom Collection and collecting done by Dr W.T.H. Beukes*". Volgens dieselfde bron (143, 220, 241) is die Nel-Blom-versameling van antropologie voorwerpe vanaf 1934 deur die Museum uitgestal volgens 'n leenooreenkoms met die Universiteit van Pretoria. Beukes het dieselfde register as waarin die Nel-Blom-versameling aangeteken is gebruik vir voorwerpe wat hy ingesamel het.
- 4 Beukes & Nel-Blom-katalogus, nota voor aanwinstnommer [19]35-1.
- 5 Beukes & Nel-Blom-katalogus, nota voor aanwinstnommer 1954-1.
- 6 Volgens Grobler (2005:241) is die jaarverwysing weer in 1934 deur dr. W.T.H. Beukes ingestel, skynbaar in navolging van dieselfde stelsel wat deur Radcliffe-Brown gebruik is – kyk Van Schalkwyk (2000:85). Beukes se aanwinstnommers gee net twee syfers – dit wil sê '34' en nie '1934' nie - hoewel dit sedert 1954 volledig met vier syfers aangedui word in dieselfde katalogus. Om verwarring te voorkom word die jaartal in hierdie studie, ten opsigte van bronverwysings en aanwinstnommers, volledig gegee.
- 7 Grobler (2005:5-7)
- 8 Voorwerp 7, NKM item ET 1992-54; dit is onwaarskynlik dat 'n ander bron bestaan aangesien hierdie voorwerp in 1992 aangewins is, dit wil sê nadat die vaslegging van elektroniese data in 1990 'n aanvang geneem het.
- 9 Volgens Grobler (2005:355) is die eerste gekwalifiseerde, professionele beampte, na Beukes in dertigerjare, eers weer in die 1950's aangestel; kyk ook Venter (1994:4). In die Beukes en Nel-Blom-katalogus, sowel as in die getikte Etnologie Stamboek, is daar geen aanwinste aangeteken tussen 1937 en 1954 nie.
- 10 Grobler (2005:308)
- 11 Hoewel die Beukes en Nel-Blom-katalogus gedupliseer word in die getikte Etnologie Stamboek, word beide as bron vermeld vanweë die groter toeganklikheid van laasgenoemde.

34:441 Stool - inboorlingnaam: "setulo" of  
"se imo" - van die Bantwana-Klan  
waarskynlik 'n onderdeel van die  
Kxatla-taam. Gekoop op  
maloerskop, dist. Pretoria. (6.)  
OKT, 1934.

**FIGUUR 3.1** Inskrywing vir voorwerp 1, NKM item ET 1934-441 (Beukes en Nel-Blom-katalogus, Dokumentasiesentrum, NKM). Volgens Grobler (2005:242) dui die deurhaling met potlood daarop dat hierdie inskrywing reeds oorgetik is vir die duplikaat Etnologie Stamboek

ACQ # Composite	ET1992/54
Object Name	Stoel
long:description1	'n Baie ruwe driepoot-stoel gemaak uit hout.
long:description2	Hoogte = 315mm.
ACQUISITION method	Collected
Date	1992
FAMILY NAME	VAN SCHALKWYK
HONORIFIC	Dr
INITIALS	JA
PERSONAL NAMES	JOHNNY
PROVENANCE	
Comment	
Image number	
Etniese verband:	Noord-Tsonga 25

**FIGUUR 3.2** Verslag gedruk op 26 Julie 2007 vir voorwerp 7, NKM item ET 1992-54 (Databank: ET-aanwinsregister, Dokumentasiesentrum, NKM)

ET. 1971/26/3<sup>F</sup>

Shangaan N. Tonga - 25  
Thomo,  
Distrik Giyani  
Transvaal

STOEL xitshamo

Stoel van maroelahout, met vier ingevoegde pote. Die sitplek is konkaf be-  
werk, en die geheel mooi afgewerk.

Dit is eers met n byl en daarna met n beite l bewerk deur hoofman aan wie die  
stoel behoort het.

Afmetings: Hoogte:  $\frac{+}{-}$  32 cm.  
Lengte van sitgedeelte: 45 cm.

Gekoop van hoofman Thomo vir R1,00

**FIGUUR 3.3** Getikte inskrywing vir voorwerp 5, NKM item ET 1971-26-3 (Etnologie Stamboek, Dokumentasiesentrum, NKM)

Die besluit om van 'n getikte register gebruik te maak het daartoe gelei dat handgeskrewe inskrywings na 1961 nie voorkom vir voorwerpe in die Antropologie-versameling nie.<sup>12</sup> Daarom word die getikte Etnologie Stamboek dus die primêre aanwinstregister vir die versameling ná hierdie datum. Selfs na 1961 volg inskrywings in die getikte Etnologie Stamboek steeds die vroeëre formaat sonder opskrifte om inhoud te orden (**figuur 3.3**).

Die mees omvattende aanwinstreksels vir voorwerpe in die studiegroep verskyn eers in 1977 vir items wat deur C.S. van der Waal ingesamel is. Hoewel steeds geen beskrywing van die voorwerpe self gegee word nie, word die oorsprong, gebruik en insameling van die voorwerpe metodes en met geografiese verwysings aangeteken.

### 3.2.4 Historiese Grootboek

Die Historiese Grootboek is die aanwinstregister wat steeds<sup>13</sup> deur die Museum gebruik word vir registrasie van voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling. Die inskrywings vir die studiegroep verskyn in volume 7, 8, 13 en 14 daarvan en dek 'n tydperk van vooruitgang en sekerheid in die versameling.

Volume 7 en 8 is met die hand in ink voltooi<sup>14</sup> en verskeie notas, dikwels in potlood, verskyn telkens in die kantlyn (**figuur 3.4**). Aanwinste is numeries na mekaar ingeskryf met die aanwinstnommer duidelik in die kantlyn by die aanvang van elke inskrywing, waarlangs 'n trefwoord in drukskrif en hoofletters vermeld word. Dit word gevolg deur 'n aanduiding van oorsprong en datering en 'n kort beskrywing met, georden volgens opskrifte, verdere inligting, geskiedenis en van wie dit ontvang is. By gebrek aan inligting is van die opskrifte sonder meegaande inskrywings gelaat,<sup>15</sup> of in sekere gevalle is opskrifte sonder inligting bloot weggelaat.<sup>16</sup>

Hoewel die inskrywings oënskynlik min inligting op 'n eenvoudige manier dokumenteer, word die ordening daarvan eers waardeur wanneer dit vergelyk word met vroeër inskrywings in die Historiese Grootboek of selfs met dié in die Beukes en Nel-Blom-katalogus. Grobler<sup>17</sup> beskryf verkeerde pogings tot klassifikasie en indeksering in die eerste twee volumes van die Historiese Grootboek voor 'n keerpunt toe Roodt-Coetzee voltyds aangestel as beambte van die Museum<sup>18</sup> en verantwoordelikheid vir dokumentasie aanvaar het. Dit is duidelik dat Roodt-Coetzee geleidelik beheer geneem het oor die formaat van die dokumentasie en haar benadering word duidelik sigbaar vanaf volume 3 van die Historiese Grootboek.<sup>19</sup>

12 Grobler (2005:308)

13 Die eerste volume van die Historiese Grootboek is na afloop van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899–1902) begin volgens die formaat van die *Documenten*-register van die Staatsmuseum. Die aanwinstregisters van die Staatsmuseum word dus beskou as voorganger van die bestaande Historiese Grootboek; kyk Grobler (2005:247). Die Historiese Grootboek strek tans tot by volume 38.

14 Volume 1 tot 8 van die Historiese Grootboek bestaan uit handgeskrewe inskrywings op gelinieerde papier in voorafgebinde boeke. Volume 9 tot 20 van die Historiese Grootboek is getik.

15 Byvoorbeeld die inskrywing vir voorwerp 8, NKM item HG 9578, in volume 7 van die Historiese Grootboek; die opskrif 'Restourasie' is leeg gelaat.

16 Byvoorbeeld die inskrywing vir voorwerp 9, NKM item HG 10666 in volume 8 van die Historiese Grootboek; slegs enkele opskrifte word vermeld met die nodigste inligting. Verdere inligting oor hierdie voorwerp, waaronder 'n volledige beskrywing, sou later verskyn op die gelykgenommerde voorwerpkaart.

17 Grobler (2005:250) oor volume 1 van die Historiese Grootboek: "*This catalogue was regarded as a workbook by the staff dealing with the historical collection. It abounds with notes, cross-references, attempts at classification and indexing, alterations and additions.*" Oor volume 2 voeg sy by: "*This catalogue was regarded as a workbook even more so than volume 1, as there are numerous notes, cancellations, catchwords, and references to other entries [...]*" Grobler (2005:254).

18 Grobler (2005:312)

19 Grobler (2005:317)





Mei 1960  
10666 KRUKKIE STOEL  
DIS SWID-AFRIKA, KAAP BEGIN 20<sup>de</sup> ee  
WAI-EN DORINGBOOMHOUT.  
MATE: HOOGTE BY DIE HOOGSTE PUNT: 20CM  
BREDTE VAN KRUKKIE: 38CM.  
LENGTE VAN KRUKKIE: 21CM.  
A. 1230  
Nuwe nommer  
2710 AANWINS: GESKENK DEUR MNR. P. ROUX,  
OLDERWETSE WINKEL,  
ASHTON, KP. 26. 2. 71.  
24/1/90

FIGUUR 3.4 Inskrywing vir voorwerp 9, NKM item HG 10666 (Historiese Grootboek, vol. 8, Dokumentasiesentrum, NKM)

HG 13581		STOEL	Bergplek: PIONIERSHUIS
Verdere benaming: KLUKSTOEL		Datum: 19de of 20ste eeu.	Vindplek:
HOOFKENMERKE:		Gemaak in: Suid-Afrika	Gebruik in: Suid-Afrika
Materiaal: Natuurlik	Mate: Hoogte: 24 cm. Sitting: Lengte: 37cm. Breedte: 27 cm.		
Kleur: Natuurlik			
Styl:			
Maker:			
BESCHRYWING: Ovaalvormige sitting, effens uitgehol in middel. Ronde pote.			
Aanwinst: Gekoop van: Edselinghys, J.N. (nev.), Halfmenshof, Oor Forterville KAAP.	Tegniek: Handgemaak.	GESKIEDENIS: Onbekend.	
Prys: R25,00			
Raadsbesluit: 47			
Aanwinstdatum: 10.9.1993			
BESTOUPASIE:	LITERATUUR:		
TOESTAND: Redelik. Gebruiksmerke. Een poot ver- vang, los.			

FIGUUR 3.5 Getikte inskrywing vir voorwerp 11, NKM item HG 13581 (Historiese Grootboek, vol. 14, Dokumentasiesentrum, NKM)



*Coetzee did not start a new series of catalogues to incorporate her own particular style. Instead she used the existing catalogues in a new manner by classifying each object and by recording these particulars in the catalogue. The catalogues bear ample witness to her curatorial expertise, as she could also account for the collection by using the catalogues.*<sup>20</sup>

*Gradually the entries take on a standardized format: starting with a catchword, first in lower case and later always in capital letters, followed by a description of the object and its history. The name and address of the donor, the history of the donor and his family and acquisition number and date provided.*<sup>21</sup>

Die Historiese Grootboek is dus teen die laat sestigerjare (toe die eerste voorwerpe in die studiegroep daarin aangeteken is) tot 'n metodiese verwysing ontwikkel. Min hersienings, selfs van trefwoorde,<sup>22</sup> kom teen hierdie tyd voor. Die sekerste omyling van hierdie metodiek is sigbaar in die getikte volumes van die sewentigerjare, wat bestaan uit leggers met die inligting vir elke voorwerp op voorafgedrukte, afsonderlike velle getik en dan stewig gebind (**figuur 3.5**). Anders as in die getikte Etnologie Stamboek, gee dié formaat reeds opskrifte vir inligtingsvelde in 'n streng uitleg, sodat die inligting vir voorwerpe wat in volume 13 en 14 aangeteken is besonder konsekwent aangebied word. Vir die eerste keer word alle voorwerpe in hierdie volumes kort en akkuraat beskryf aangesien die voorafgedrukte formaat hiervoor voorsiening maak. Tog is daar (weer) min of niks aangeteken oor die geskiedenis of herkoms van die voorwerpe nie.

### **3.2.5 Tydelike Katalogus: Historiese Grootboek**

Die afkortings van tydelike katalogi word uitgeken aan die beginletter 'O' – ontleen aan die woord 'ongenommer' – gevolg deur die afkorting van die versameling, sodat voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling in die tydelike katalogus van die Historiese Grootboek (dus OHG) aangeteken is.<sup>23</sup>

Tydelike katalogi is gedurende 1992 in gebruik gestel met die doel om rekord te hou van voorwerpe sonder 'n aanwinstnommer.<sup>24</sup> Hoewel sulke gevalle strenggesproke nie in die versameling opgeneem is nie en dus nie as aangewins beskou kan word nie, is daar in die geskiedenis van die Museum meermale voorwerpe gevind sonder aanwinstnommers.<sup>25</sup> Hoewel dit te wyte is aan tekortkominge in die dokumentasiestelsel en bestuur, het logistiese beperkings (veral 'n gebrek aan gekonsolideerde bergruimte) daartoe bygedra.<sup>26</sup> Ten spyte daarvan dat die versamelings in 2002<sup>27</sup> na die nuwe perseel verskuif is, duur die probleem voort.

Die tydelike katalogus van die Historiese Grootboek word ingesluit as bron omdat dit die enigste bestaande rekord is van die (tydelike) aanwinstnommer vir voorwerp 18 (OHG 1196) in die studiegroep. Geen ander inligting oor hierdie voorwerp kon nog gevind word nie omdat 'n permanente aanwinstnommer ontbreek.

20 Grobler (2005:391)

21 Grobler (2005:312-313)

22 Grobler (2005:322)

23 Grobler (2005:11)

24 Grobler (2005:11) verwys daarna as "un-acquisitioned or apparently un-acquisitioned objects".

25 Grobler (2005:10, 146, 274-275, 313, 323) noem verkeie gevalle.

26 Grobler (2005:9-12)

27 Grobler (2005:192)

### 3.2.6 Voorwerpkaarte

Die waarde van 'n indeks met voorwerpkaarte is dat dit inligting oor 'n versameling kan ontsluit en, afhangend van die ordening daarvan, kruisverwysings moontlik maak. Met behulp van tegnologie word die funksie vandag in versamelplekke soos museums en biblioteke grootliks gefasiliteer deur elektroniese databanke. Hoewel die Museum nou van 'n so 'n databank gebruik maak, is verskeie kaartindekse deur die jare gebruik. Grobler<sup>28</sup> gee 'n oorsig van die gebruik van voorwerpkaarte vir beide die Antropologie-versameling en die Kultuurhistoriese versameling tot 1964, waarvan enkele punte hier van belang is.

Die vroegste verwysings na voorwerpkaarte vir die Antropologie-versameling dateer uit 1913.<sup>29</sup> Dit is onduidelik hoe volledig vroeë kaartindekse was en hoe lank dit in gebruik was, aangesien die Museum in 1944 met 'n herindeksering<sup>30</sup> van antropologie voorwerpe begin het baseer op die beginsels voorgestel deur Margaret Shaw<sup>31</sup> in haar handleiding *A system of cataloguing ethnographic material in museums*.<sup>32</sup>

Shaw se voorstel het standaard gestel vir 'n kaartformaat<sup>33</sup> met inligtingsvelde waarvolgens notas oor en beelde van 'n voorwerp op die kaart aangebring moet word. Verder het die handleiding ook bylae bevat met 'n woordelys vir voorwerpname<sup>34</sup> en 'n indeks wat verwys na stam-indeling volgens etniese verband.<sup>35</sup> In praktyk is veral die woordelys later gekritiseer en mettertyd aangevul,<sup>36</sup> maar die indeks vir stam-indelings word steeds deur die Museum gebruik en in die studiegroep word dit deurgaans vermeld op die huidige voorwerpkaarte en in die elektroniese databank. Hoewel Shaw se metode van groot waarde was om voorwerpinligting wetenskaplik te orden, was die herindeksering teen 1947<sup>37</sup> nog nie voltooi nie en is dit nooit volledig deurgevoer nie.

Die huidige formaat is waarskynlik eers na 1969 saamgestel, toe die Museum besluit het om voorwerpkaarte oor te tik.<sup>38</sup> Die getikte kaarte hou grootliks by die formaat wat Shaw ontwikkel het: trefwoorde in Shaw se lys kom steeds voor en in die meeste gevalle ook name in ander tale,<sup>39</sup> 'n verwysing na die indeks vir stam-indeling,<sup>40</sup> sowel as foto's of illustrasies.

28 Grobler (2005:206-210, 336-343)

29 Grobler (2005:282)

30 Grobler (2005:285-287)

31 Grobler (2005:285). Shaw was verbonde aan die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad. Kyk ook Shaw (1978:12).

32 Shaw (1942); die samesteller verwys in die inleiding daarna dat haar voorstel oorspronklik in 1940 publiseer is in die *Southern African Museums Association Bulletin* en intussen hersien is.

33 Grobler (2005:286) wys voorbeelde van dié voorwerpkaarte.

34 Shaw (1942:4); die bylae verskyn onder die titel *Object terminology for South African Material culture*.

35 Shaw (1942:20); die bylae verskyn onder die titel *Classification of South African tribes*. Die indeks is grootliks baseer op *A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa* deur Van Warmelo (1935); kyk ook Davison (1990:156) en Shaw (1942:2).

36 Grobler (2005:287, 342); Shaw (1978:12)

37 Grobler (2005:287)

38 Grobler (2005:343). Daar is ook besluit om terselfdertyd enige Engelse inskrywings na Afrikaans te vertaal.

39 'Native name of object' volgens Shaw (1942:2).

40 Tot voor aanwinste van die sewentigerjare word die stam-indeling vir die eerste keer volledig vermeld op die getikte voorwerpkaarte.




FIGURE 3.6, 3.7

3.6 Voorwerpkaart vir voorwerp 2, NKM item ET 1935-206 (Dokumentasiesentrum, NKM)

3.7 Voorwerpkaart vir voorwerp 6, NKM item ET 1977-146 (Dokumentasiesentrum, NKM)

Vir vroeër aanwinste bly aantekeninge ten opsigte van herkoms egter kernagtig en baseer op inligting wat reeds in die Beukes en Nel-Blom-katalogus, óf in die Etnologie Stamboek, aangeteken is (figuur 3.6). Van die fisiese beskrywings is wel bygewerk op die kaarte en redigering het ook plaasgevind: van die teks uit die Beukes en Nel-Blom-katalogus is effe ingekort<sup>41</sup> en in enkele gevalle is bykomende inligting op die voorwerpkaart vermeld wat nie tydens registrasie aangeteken is nie.<sup>42</sup> Die mees volledige voorwerpkaarte vir die Antropologie-versameling stem ooreen met Van der Waal se aanwinsrekords in die getikte Etnologie Stamboek van die sewentigerjare (figuur 3.7).

Ten tye van Roodt-Coetzee se voltydse aanstelling in 1953 was die Shaw-stelsel reeds bekend en, minstens ten opsigte van die kaartformaat, in gebruik vir die Antropologie-versameling. Vir die Kultuurhistoriese versameling het Roodt-Coetzee aanvanklik 'n karige, handgeskrewe kaartverwysingsstelsel<sup>43</sup> voortgesit, maar stelselmatig het sy 'n nuwe kaartkatalogus<sup>44</sup> ontwikkel en verfyn met bepaalde inligtingsvelde in 'n vaste formaat.<sup>45</sup>

Dit kom voor of voorwerpkaarte vir kultuurhistoriese voorwerpe reeds sedert die middel-vyftigerjare onder streng toesig van Roodt-Coetzee getik is.<sup>46</sup> Sy het ook persoonlik verantwoordelikheid<sup>47</sup> geneem vir die dokumentasie van die Kultuurhistoriese versameling en so kontinuïteit bewerkstellig, anders as wat die geval was in die Antropologie Afdeling.

41 Dit is veral die geval met Beukes se notas oor naamgewing in ander tale, byvoorbeeld vir voorwerp 3, NKM item ET 1935-207, waar die inskrywings in beide die Beukes en Nel-Blom-katalogus, en die getikte Etnologie Stamboek (duplikaat) lees: "Heet: 'sedulo' of 'setulo'. Laaste naam is ongetwyfeld van die Afrikaanse woord 'stoel' afgelei, 'sedulo' kom van werkwoord 'dula' = sit", terwyl dit op die voorwerpkaart bloot oorgetik is as: "SEDULO OF SETULO".

42 Die voorwerpkaart vir ET 1934-441 meld as bron 'n studie deur Stoffberg vir 'n ander naam ('sennô') wat nie oorspronklik in die Beukes en Nel-Blom-katalogus vermeld word nie. Terselfdertyd is 'n term in die oorspronklike inskrywing ('seimo') weggelaat. Kyk Stoffberg (1967:55).


43 Grobler (2005:336-337)

44 Grobler (2005:391)

45 Grobler (2005:199-200) beskryf hoe die stelsel ontwikkel is, onder andere met behulp van Prof P.C. Coetzee, eerste hoof van die Departement Biblioteekkunde by die Universiteit van Pretoria en eggenoot van Roodt-Coetzee.

46 Grobler (2005:338-342) wys verskeie voorbeelde van getikte kaarte, insluitend dié wat deur Roodt-Coetzee nagesien is.

47 Grobler (2005:198)



FIGUUR 3.8 Voor- en rugkant van die voorwerpkartaat vir voorwerp 9, NKM item HG 10666 (Dokumentasiesentrum, NKM)

Soos in die Historiese Grootboek is inligting op die voorwerpkarte vir die Kultuurhistoriese versameling streng georden volgens inligtingsvelde wat in hoofletters getik en onderstreep is (**figuur 3.8**). Die inligtingsvelde, en heelwat van die inskrywings, kom grootliks ooreen met dié in die getikte volumes van die Historiese Grootboek. Slegs in een geval, vir voorwerp 9, NKM item HG 10666, is die inligting vermeld in die Historiese Grootboek aansienlik uitgebrei op die voorwerpkartaat (vergeelyk figuur 3.4 met 3.8).

Uit die meerdere korreksies van trefwoorde is dit duidelik dat daar met tye groot onsekerheid was oor die klassifikasie van voorwerpe (kyk byvoorbeeld figuur 3.8). Die korreksies spreek van Roodt-Coetzee se erns hiermee, nie net met nuwe aanwinste nie, maar ook met voorwerpe wat reeds in die versameling was.<sup>48</sup> Waar Shaw se woordelys<sup>49</sup> reeds in 1942 hierdie probleem in die Antropologie-versameling gedeeltelik aangespreek het, of moes aanspreek, sou die Kultuurhistoriese versameling se eweknie – *Trefwoorde vir kultuurhistoriese voorwerpe*<sup>50</sup> – eers in 1974 die lig sien.

Waar die voorwerpkarte illustrasies<sup>51</sup> of foto's<sup>52</sup> van voorwerpe insluit, was dit van groot waarde met die uitken van voorwerpe (**figuur 3.6** en **3.7**). Hierdie is egter die een opsig waarin kaarte vir beide versamelings nie konsekwent is nie. Vir voorwerpe in die Antropologie-versameling het die voorwerpkarte, met uitsondering van aanwinste na die sewentigerjare, almal illustrasies of foto's van die voorwerp, terwyl net sommige in die Kultuurhistoriese versameling kontakafdrukke toon. Hoewel die voorwerpkarte vir die twee versamelings dus verskil ten opsigte van hul ontstaan en die benadering tot dokumentasie, wat in die twee versamelings gevolg is, kom dit wel ooreen in die mate waartoe hulle die onderskeie aanwinstregisters weergee, of in enkele gevalle selfs aanvul.

Vyf voorwerpkarte (buiten dié vir voorwerp 18, NKM item OHG 1196, wat net 'n tydelike aanwinstnommer het) kon nie opgespoor word nie en dit is onseker of hulle enigsins bestaan. Uitgesluit voorwerp 17, NKM item HG 15065, bestaan ander bronne wel vir vier van hierdie voorwerpe.

48 Grobler (2005:311, 312, 322, 336-342) verwys na verskeie gevalle waar Roodt-Coetzee bestaande dokumentasie, veral ten opsigte van trefwoorde, hersien en korreger het, ook in die Historiese Grootboek.

49 *Object terminology for South African Material culture*, 'n bylae tot Shaw (1942:4)

50 Slabbert (1974)

51 Vryhandsetse op voorwerpkarte was dikwels die verantwoordelikheid van die tikster; kyk Grobler (2005:337).

52 Foto's verskyn dikwels, maar nie deurgaans nie, as genommerde kontakafdrukke; volgens Grobler (2005:209) is foto's op voorwerpkarte eerste deur die Antropologie Afdeling gebruik in die vroeë 1960's.

### 3.3. KONSOLIDASIE VAN INLIGTING OOR DIE STUDIEGROEP ONTSLUIT UIT MUSEALE BRONNE

Dit is duidelik dat die naslaan van inligting oor die individuele voorwerpe in die studiegroep uit die museale bronne moontlik is, maar ook dat dit, minstens vir 'n buitestaander, moeilik toeganklik is. Die redes hiervoor is histories en volg uit die verskille in formaat, dat duplisering, bywerking en redigering (dikwels in 'n nuwe datastel) voorkom, dat die verwysingstelsels self hersien is en dat die twee versamelings en hul dokumentasie in die praktyk apart beskou en steeds so bestuur word.

Vir hierdie studie is dit dus eerstens wenslik om die gegewens te konsolideer waar meerdere bronne vir een voorwerp bestaan. Om verder 'n sinvolle vergelyking tussen data van verskillende voorwerpe te tref, en dus inligting oor die studiegroep as geheel te kan ondersoek, is dit nodig om die verskille te oorbrug sodat die inligting vervat in die museale bronne saam gelees kan word. Hierdie taak is onderneem aan die hand die *Brief cataloguing form – cultural history objects*,<sup>53</sup> die kort ontsluitingsvorm wat tans (2009) meestal deur die Museum gebruik word tydens registrasie van voorwerpe<sup>54</sup> (**Bylae A**). Volgens inligtingsvelde in dié vorm is voorwerpinligting uit die museale bronne geanaliseer en groepeer om sodoende 'n meestersverwysing in tabelvorm te skep.

Tabel 3.1, 3.2, 3.3 en 3.4 poog om die bestaande voorwerpinligting so te assimileer om vergelyking te vergemaklik, nie net tussen die voorwerpe nie, maar ook tussen voorwerpe in verskillende versamelings. Dit het ook ten doel om die leser tegelyk 'n oorsig te bied van inligting oor soveel verwante voorwerpe as moontlik.

Voorwerpe is, soos in Hoofstuk 2, genommer van 1 tot 18 volgens die alfanumeriese orde van die aanwinningsnommers. Die indeling volgens die versameling waartoe die voorwerpe behoort (Tabel 3.1 en 3.3 vir die Antropologie-versameling en Tabel 3.2 en 3.4 vir die Kultuurhistoriese versameling) is genoodsaak deur die beperkings op die gedrukte formaat van hierdie studie. Tabel 3.1 en 3.2 dek gegewens oor die identifikasie van voorwerpe en bestuursinligting van die Museum. Tabel 3.3 en 3.4 bevat beskrywings en ander kwantitatiewe data, asook meegaande en historiese inligting.<sup>55</sup>








53 National Cultural History Museum (2006a); dié kort formaat is 'n uittreksel van die meesgebruikte datavelde in die volledige weergawe, naamlik 'Object cataloguing form' (National Cultural History Museum, 2006c). Afrikaanse terminologie is ontleen aan die 'Kort ontsluitingsvorm – kultuurhistoriese voorwerpe' (Nasionale Kultuurhistoriese Museum 2004a) en die volledige weergawe in 'Lys van velde vir ontsluiting van 3-dimensionale voorwerpe' (Nasionale Kultuurhistoriese Museum 2004b).

54 Hierdie datavelde word nie gebruik vir die registrasie van boeke, dokumente, foto's, kunswerke, numismatiek, filatelie en argeologiese opgrawingsmateriaal nie; kyk National Cultural History Museum (2006c) en Nasionale Kultuurhistoriese Museum (2004b).

55 In National Cultural History Museum (2006a:1) word hierdie afdeling '*Associated information / History*' genoem – in Afrikaans 'Meegaande inligting / Geskiedenis' volgens Nasionale Kultuurhistoriese Museum (2004a:1).














**TABEL 3.1:** Voorwerpe in die Antropologie-versameling met ooreenstemmende voorwerpinligting uit museale bronne (Identifikasie en Bestuursinligting)

STUDIEGROEP		IDENTIFIKASIE			BESTUURSINLIGTING							
A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K	L	M
No.	Foto	Aanwinsno.	Voorwerpnaam	Ander / alternatiewe name	Metode van verkryging	Naam (skenker, ens.)	Adres (skenker, ens.)	Naam van insamelaar	Datum verkry	Oorspronklike toestand	Permanente bergplek	Museale bronne
1		ET 1934-441	Stoel	<i>Setulo / Seimo</i> * <i>Setulo</i> . Volgens Stoffberg, p. 55, staan die tipe stoel bekend as <i>sennō</i> . [Kyk Stoffberg (1967:55)]	Aangekoop (Prys 6d.)		Maloekskop Transvaal	Dr. WTH Beukes	Oktober 1934		Uitstalkas Kamer 2 [kantnota in potlood, slegs in die getikte Etnologie Stamboek]	Beukes & Nel-Blom-katalogus aanwinningsnommer [19]34-441 [handgeskryf], ook in getikte Etnologie Stamboek [duplikaat] * Voorwerpkarta ET 1934-441 [getik]
2		ET 1935-206	Stoel	Heet: ' <i>sedulo</i> ' of ' <i>setulo</i> '. Laaste naam is ongetwyfeld van die Afrikaanse woord 'stoel' afgelei, ' <i>sedulo</i> ' kom van werkwoord ' <i>dula</i> ' = sit. * <i>Sedulo</i> of <i>setulo</i>	Aangekoop (Prys 1/6)		Mt. Morosi, Suid-Basoetoland	Dr. W.T. Beukes	Januarie 1935		Kelder [kantnota in potlood, slegs in die getikte Etnologie Stamboek]	Beukes & Nel-Blom-katalogus aanwinningsnommer [19]35-206 & 207 [handgeskryf], ook in getikte Etnologie Stamboek [duplikaat] * Voorwerpkarta ET 1935-206 [getik]
3		ET 1935-207	Stoel	Heet: ' <i>sedulo</i> ' of ' <i>setulo</i> '. Laaste naam is ongetwyfeld van die Afrikaanse woord 'stoel' afgelei, ' <i>sedulo</i> ' kom van werkwoord ' <i>dula</i> ' = sit. * <i>Sedulo</i> of <i>setulo</i>	Aangekoop (Prys 9d.)		Mt. Morosi, Suid-Basoetoland	Dr. W.T. Beukes	Januarie 1935		Kelder [onduidelik; kantnota in potlood, slegs in die getikte Etnologie Stamboek]	Beukes & Nel-Blom-katalogus aanwinningsnommer [19]35-206 & 207 [handgeskryf], ook in getikte Etnologie Stamboek [duplikaat] * Voorwerpkarta ET 1935-207 [getik]
4		ET 1954-1	Stoel		Geskenk	Geskenk deur die Dept. Naturelle Sake [opskrif bo inskrywing vir voorwerp] * [nie aangeteken op voorwerpkarta nie]	Gegee aan T.A.C. Emmett, Kommissaris van Naturellesake te Louis Trichardt, deur Kaptein Makuleke, Sjangaan-stam, naby Punda Maria, Kruger Wildtuin		1954		Kelder [kantnota in potlood, slegs in die getikte Etnologie Stamboek]	Beukes & Nel-Blom-katalogus aanwinningsnommer 1954-1 [handgeskryf], ook in getikte Etnologie Stamboek [duplikaat] * Voorwerpkarta ET 1954-1 [getik]
5		ET 1971-26-3	Stoel * Stoel [deurgehaal] Bankie [deurgehaal] Stoel	<i>Xitshamo</i>	Aangekoop (Prys R1.00)	Hoofman Thomo	Thomo, distrik Giyani		[1971?]			Etnologie Stamboek aanwinningsnommer 1971-26-3 [getik] * Voorwerpkarta ET 1971-26-3 [getik]
6		ET 1977-146	Stoel	<i>Sedulo</i>	Aangekoop (Prys R1.00)	Jackson Kone	Mabins, Letaba-distrik Kaartverwysing: 24° 26' SB 30° 33' OL	CS van der Waal	15 Julie 1977			Etnologie Stamboek aanwinningsnommer 1977-146 [getik]; Voorwerpkarta ET 1977-146 [getik]
7		ET 1992-54	Stoel		Ingesamel			Dr. JA van Schalkwyk	1992			Databank: ET-aanwinningsregister, aanwinningsnommer ET 1992-54 [verslag, gedruk]








Ter wille van duidelikheid moet by die lees van Tabel 3.1 en 3.2 gelet word op die volgende:

- Buiten die voorwerpsnommer in die studiegroep (**kolom A**), foto's (**kolom B**) en bronverwysings (**kolom M**), is die opskrifte van kolomme ontleen aan die inligtingsvelde gelys in die Museum se ontsluitingsvorm, National Cultural History Museum (2006a).
- In ooreenstemming met die Museum se jongste voorskrif vir aanwinningsnommers (**kolom C**) word alle streepnommers met 'n horisontale skryfstreep (-) geskei van ander syfers. Kyk Nasionale Kultuurhistoriese Museum (2005:7). Waar punte voorkom na die afkorting wat die aanwinningsnommer inlei, is dit weggelaat.
- Ter wille van toeganklikheid word alle aanwinningsnommers met jaartalverwysings in die tabelle volledig, met vier syfers, vermeld (**kolom C**). Waar verwarring in die bronverwysing (**kolom M**) mag voorkom word die jaartal tussen vierkantige hakies gegee.
- Alle verwysings na geldeenhede (**kolom F**) is onveranderd gelaat en direk aangehaal uit die bron.
- Alle datums (**kolom J**) is so volledig moontlik in woorde uitgeskryf, ongeag in watter vorm dit oorspronklik aangeteken is.
- Meerdere bronne bestaan vir die meeste voorwerpe en waar hierdie bronne bykomende inligting bevat word hulle met 'n asterisk (\*) identifiseer by die inskrywing sowel as by die bron (**kolom M**).
- Vir leesbaarheid word trefwoorde en opskrifte wat slegs in hoofletters in die bronne verskyn telkens in gewone sinsverband geskryf.
- Hakies – ( ) – dui inligting aan wat nie presies in dieselfde orde of verband in die bron vermeld word nie. Die inhoud is dikwels slegs herrangskik volgens die opskrifte.
- Kommentaar en byvoegings word deurgaans tussen vierkantige hakies – [ ] – aangedui.

**TABEL 3.2:** Voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling met ooreenstemmende voorwerpinligting uit museale bronne (Identifikasie en Bestuursinligting)

STUDIEGROEP		IDENTIFIKASIE			BESTUURSINLIGTING							
A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K	L	M
No.	Foto	Aanwino.	Voorwerpnaam	Ander / alternatiewe name	Metode van verkryging	Naam (skenker, ens.)	Adres (skenker, ens.)	Naam van insamelaar	Datum verkry	Oorspronklike toestand	Permanente bergplek	Museale bronne
8		HG 9578	Stoel [in pen] Krukkie [in potlood]		Aangekoop (Prys R8.00)	Mev. J.N.L. Redelinghuys	Halfmanshof, naby Porterville		9 Junie 1969	Gebars en vol gaatjies	Uitgestal Voortrekkermonument Uitspantoneel [kantnota]	Historiese Grootboek, vol. 7, aanwinnommer 9578 [handgeskryf]
9		HG 10666 (L 710)	Krukkie [deurgehaal] Stoel	* Krukkie	Geskenk * [nota agter op ongemerkte foto geheg aan voorwerpkartaat lees: Bruikleen (deurgehaal en vervang met 10666)]	Mnr. P. Roux	Ouderwese Winkel, Ashton, K.P.		26 Februarie 1971	* Vol krap en sny merke. Die pote is skeef. [sic] en vol barste, terwyl insteekgate te wyd geword het.	* Stoor WPLM Rak 2B [kantnota]	Historiese Grootboek, vol. 8, aanwinnommer 10666 [handgeskryf]; * Voorwerpkartaat HG 10666 [getik]
10		HG 13235	Stoel	Melkstoel	Aangekoop (Prys, met ander, R110.00)	Rusbank Gallery	Hoogstraat 41, Worcester		27 Maart 1973	Redelik	Dieretuinskuur [nota in potlood] * D/S [nota in potlood]	Historiese Grootboek, vol. 13, aanwinnommer 13235 [getik]; Voorwerpkartaat HG 13235 [getik]
11		HG 13581	Stoel	Melkstoel	Aangekoop (Prys R25.00)	Redelinghuys, J.N. (mev.)	Halfmanshof, oor Porterville, Kaap		10 September 73	Redelik. Gebruiksmerke Een poot vervang, los.	Pioniershuis [nota in potlood]	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13581 [getik]
12		HG 13754-1 (L 711)	Stoel	Melkstoel	Aangekoop (Prys R25.00)	Redelinghuys, A. (mev.)	Halfmanshof, oor Porterville, Kaap		26 Oktober 1973	Redelik. Was middeldeur gebars, vasingelym.	Dieretuinskuur [nota in potlood] * D/S [nota in potlood]	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13754-1 [getik]; Voorwerpkartaat HG 13754-1 [getik];
13		HG 13754-2 (L 715)	Stoel	Melkstoel	Aangekoop (Prys R25.00)	Redelinghuys, A. (mev.)	Halfmanshof, oor Porterville, Kaap		26 Oktober 1973	Goed. Baie gebruiksmerke.	Dieretuinskuur [nota in potlood] * D/S [nota in potlood]	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13754-2 [getik]; Voorwerpkartaat HG 13754-2 [getik]
14		HG 13758-1 (L 495)	Stoel	Melkstoel	Aangekoop (Prys R25.00)	Redelinghuys, A. (mev.)	Halfmanshof, oor Porterville, Kaap		26 Oktober 1967 [1973?]	Redelik.	Dieretuinskuur [nota in potlood] * D/S [nota in ink]	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13758-1 [getik]; Voorwerpkartaat HG 13758-1 [getik]
15		HG 13758-2	Stoel	Melkstoel	Aangekoop (Prys R25.00)	Redelinghuys, A. (mev.)	Halfmanshof, oor Porterville, Kaap		26 Oktober 1973	Redelik. Gebruiksmerke.	Dieretuinskuur [nota in potlood] * D/S [nota in potlood]	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13758-2 [getik]; Voorwerpkartaat HG 13758-2 [getik]
16		HG 13759 (L 709)	Bankie		Geskenk	Redelinghuys, A. (mev.)	Halfmanshof, oor Porterville, Kaap		26 Oktober 1973	Redelik.	Dieretuinskuur [nota in potlood]	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13759 [getik]
17		HG 15065 (L 508)										
18		OHG 1196										Tydlike katalogus: Historiese Grootboek












**TABEL 3.3:** Voorwerpe in die Antropologie-versameling met ooreenstemmende voorwerpinligting uit museale bronne (Beskrywing en Meegaande inligting / Geskiedenis)

STUDIEGROEP			BESKRYWING				MEEGAANDE INLIGTING / GESKIEDENIS					Z
N	O	P	Q	R	S	T	U	V	W	X	Y	Z
No.	Foto	Aanwino.	Materiaal	Vervaardiging	Afmetings	Fisiese beskrywing	Maker	Periode / Styl	Funksie	Gebruiker / Eienaar	Geskiedenis / Assosiasies	Museale bronne
1		ET 1934-441	* Hout		* L: 48cm B: 15cm H: 27,5cm	* 'n Reghoekige, plat stuk hout met vier gate deur, een op elke hoek. Deur hierdie gate is kort houtpenne gestee om as pote vir die stoel te dien.			* Word slegs deur die mees senior en ouer mans gebruik om op te sit. Vrouens sit gewoonlik plat op die grond. [kyk Stoffberg (197:55)]		Van die Bantuana-klan waarskynlik 'n onderdeel van die Kxabla-stam. * Nlwane 34	Beukes & Nel-Blom-katalogus aanwino. [19]34-441 [handgeskryf], ook in getikte Etnologie Stamboek [duplikaat] * Voorwerpkart ET 1934-441 [getik]
2		ET 1935-206	* Hout			* Ruwe houtstoel met drie bene; die sitplek is in die vorm van 'n vurk met drie dwarsstrok wat vasgespyker is.					Patroon en materiaal [...] toon al Europese [sic] invloed. (Suid Basoetoland) * Suid-Sotho 31 (Suid-Basoetoland) (Europese invloed is sigbaar in die ontwerp en materiaal wat gebruik is.)	Beukes & Nel-Blom-katalogus aanwino. [19]35-206 & 207 [handgeskryf], ook in getikte Etnologie Stamboek [duplikaat] * Voorwerpkart ET 1935-206 [getik]
3		ET 1935-207	* Hout			* Ruwe houtstoel met drie bene; 'n gat is vir die vierde been gemaak maar is nie gebruik nie; spykers is gebruik om die pote vas te heg.					Patroon en materiaal [...] toon al Europese [sic] invloed. (Suid Basoetoland) * Suid-Sotho 31 (Suid-Basoetoland) (Europese invloed kan gesien word in die ontwerp en materiaal wat gebruik is.)	Beukes & Nel-Blom-katalogus aanwino. [19]35-206 & 207 [handgeskryf], ook in getikte Etnologie Stamboek [duplikaat] * Voorwerpkart ET 1935-207 [getik]
4		ET 1954-1				Stoel met vier pote.					Shangaan * Shangaan [deurgehaal] Noord-Tsonga 25	Beukes & Nel-Blom-katalogus aanwino. 1954-1 [handgeskryf], ook in getikte Etnologie Stamboek [duplikaat] * Voorwerpkart ET 1954-1 [getik]
5		ET 1971-26-3	Maroelahout	Dit is eers met 'n byl en daarna met 'n beitel bewerk deur hoofman Thomo aan wie die stoel behoort het.	L: 45cm H: +/- 32cm	Stoel van maroelahout, met vier ingevoegde pote. Die sitplek is konkaf bewerk, en die geheel mooi afgewerk.	Hoofman Thomo			(Hoofman Thomo)	Shangaan [deurgehaal] Noord-Tsonga 25	Etnologie Stamboek aanwino. 1971-26-3 [getik]; Voorwerpkart ET 1971-26-3 [getik]
6		ET 1977-146	Sitgedeelte - marula-hout; Pote - marulakgogo	Vervaardigingsmetode: Gate geboor.	L: 37cm B: 21cm H: 32cm		Gemaak deur Jackson Kone, 'n man van Mabins vir eie gebruik.	Gemaak in 1975.	Gebruik: Sitding deur mans en vroue. Bêreplek: Enige plek buite waar mense sit.	(Jackson Kone)	Bakoni ba ga Mametsa 36	Etnologie Stamboek aanwino. 1977-146 [getik]; Voorwerpkart ET 1977-146 [getik]
7		ET 1992-54	Hout		H: 315mm	'n Baie ruwe driepoot-stoel.					Noord-Tsonga 25	Databank: ET-aanwino. 1992-54 [verslag, gedruk]

Ter wille van duidelikheid moet by die lees van Tabel 3.3 en 3.4 gelet word op die volgende:

- Buiten die voorwerpinligting in die studiegroep (**kolom N**), foto's (**kolom O**) en bronverwysings (**kolom Z**), is die opskrifte van kolom 1 ontleen aan die inligtingsvelde gelys in die Museum se ontsluitingsvorm, National Cultural History Museum (2006a).
- In ooreenstemming met die Museum se jongste voorskrif vir aanwino. (**kolom P**) word alle streepnommers met 'n horisontale skryfstreep (-) geskei van ander syfers. Kyk Nasionale Kultuurhistoriese Museum (2005:7). Waar punte voorkom na die afkorting wat die aanwino. inlei, is dit weggelaat.
- Ter wille van toeganklikheid word alle aanwino. met jaartalverwysings in die tabelle volledig, met vier syfers, vermeld (**kolom P**). Waar verwarring in die bronverwysing (**kolom Z**) mag voorkom word die jaartal tussen vierkantige hakies gegee.
- Meerdere bronne bestaan vir die meeste voorwerpe en waar hierdie bronne bykomende inligting bevat word hulle met 'n asterisk (\*) identifiseer by die inskrywing sowel as by die bron (**kolom Z**).
- Die maateenheid (**kolom S**) van die oorspronklike inskrywing in die museale bronne word aangedui. Ter wille van vergelyking is dit vir voorwerp 8 omgeskakel na die metrieke stelsel en word dit, volgens huidige beleid in millimeter gegee; kyk National Cultural History Museum (2006a:1).
- Vir leesbaarheid word trefwoorde en opskrifte wat slegs in hoofletters in die bronne verskyn telkens in gewone sinsverband geskryf.
- Hakies – ( ) – dui inligting aan wat nie presies in dieselfde orde of verband in die bron vermeld word nie. Die inhoud is dikwels slegs herrangskik volgens die opskrifte.
- Kommentaar en byvoegings word deurgaans tussen vierkantige hakies – [ ] – aangedui.

TABEL 3.4: Voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling met ooreenstemmende voorwerpinligting uit museale bronne (Beskrywing en Meegaande inligting / Geskiedenis)

STUDIEGROEP			BESKRYWING				MEEGAANDE INLIGTING / GESKIEDENIS					
N	O	P	Q	R	S	T	U	V	W	X	Y	Z
No.	Foto	Aanwinsno.	Materiaal	Vervaardiging	Afmetings	Fisiese beskrywing	Maker	Periode / Styl	Funksie	Gebruiker / Eienaar	Geskiedenis / Assosiasies	Museale bronne
8		HG 9578	Waboomhout	Tegniek: Rof en ru afgewerk. Onverfynd en primitief. Duidelike ruwe merke van rasper onder aan die sitvlak en om die silindervormige pootjies. Die insteekpootjies steek aan die bokant van die sitvlak uit.	Ø: 12½" H: 9"  [Ø: 317,5mm H: 228,6mm]	Sirkelvormige sitvlak met drie insteekpootjies wat skuins ondertoe uitstaan onversier. Rond.		Boeremaak 17de eeu; (Laat-Gotiese styl) [kyk kolom Y]			(Suid-Afrikaans, Kaaplant. Boeremaak 17e eeu.) In die 17de en 18de eeu was hierdie tipe meubel feitlik die oorheersende styl in die boeregemeenskap as voorstelling van of erfenis van die Laat-Gotiese styl wat saam met die soldaat, matros en boer as oorspronklike blanke nedersetters saam met Van Riebeeck gekom het. Hierdie spesifieke stoeltjies is waarskynlik drie eeue laat. Dit wil sê, drie eeue nadat hierdie styl mode was, gemaak. Saam met die eerste blanke pioniers het die styl versprei na die binneland en van sy funksionele voordele as trekmeubel, het hierdie insteek-meubelstyl onder die boeregemeenskap voortgeleef tot selfs ná 1900.	Historiese Grootboek, vol. 7, aanwinnommer 9578 [handgeskryf]
9		HG 10666 (L 710)	Wa- en doringboomhout	* Tegniek: Handgemaak. Pote is bevestig d.m.v. insteek tegniek. Gate het seker met die tyd uitgeslyt want by die insteek is lappe om die pote gebind. Baie primitiewe en ruwe handewerk.	L: 38cm B: 21cm H: 20cm	* Waboom en doringboomhout krukke met 'n dik langwerpige uitgeholde sitplek van wa-boomhout en vier pote van doringboomhout. Die pootjies is ongelyk waar deur die sitvlak effens skeef staan. Aan die anderkant van die krukke is daar 'n uitholling met baie sny- en krapmerke. Blykbaar is daar vleis op gekap.		Begin 20e eeu			Suid-Afrika, Kaap	Historiese Grootboek, vol. 8, aanwinnommer 10666 [handgeskryf]; * Voorwerpkaart HG 10666 [getik]
10		HG 13235	Hout (kameeldoringhout)	Handgemaak. Baie ru.	L: 63cm B: 19cm H: 25cm	Halfmaanvormige sitting van hout. Drie insteek-pote, kort, ovaalvormig.		18de of 19de eeu			Suid-Afrika. Volgens die handelaar van die Sandveld afkomstig. Sulke bankies is feitlik tydloos en stam baie ver terug in die geskiedenis.	Historiese Grootboek, vol. 13, aanwinnommer 13235 [getik]; Voorwerpkaart HG 13235 [getik]
11		HG 13581	Waboomhout	Handgemaak.	L: 37cm B: 27cm H: 24cm	Ovaalvormige sitting, effens uitgehol in middel. Ronde pote.		19de of 20ste eeu			Suid-Afrika	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13581 [getik]
12		HG 13754-1 (L 711)	Waboomhout	Handgemaak. Kapmerke onder. Baie ru.	L: 35cm B: 32cm H: 22cm	Amper-ronde sitting. Drie insteekpote, voorste een korter - sitting loop skuins af na voor. Was rooi gevef.		19de eeu			Suid-Afrika	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13754-1 [getik]; Voorwerpkaart HG 13754-1 [getik];
13		HG 13754-2 (L 715)	Waboomhout	Handgemaak. Kapmerke onder duidelik sigbaar.	L: 31cm B: 25cm H: 19cm	Amper-peervormige sitting, effens hol in die middel. Drie insteekpote van ander hout, voorste een baie skuins.		19de eeu			Suid-Afrika	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13754-2 [getik]; Voorwerpkaart HG 13754-2 [getik]
14		HG 13758-1 (L 495)	Waboomhout	Handgemaak.	L: 39cm B: 22cm H: 18cm	Sitting van 'n uitgeholde boomstomp gemaak, reghoekig. Drie insteekpote, skuins uit na onder.		19de eeu			Suid-Afrika	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13758-1 [getik]; Voorwerpkaart HG 13758-1 [getik]
15		HG 13758-2	Waboomhout	Handgemaak.	L: 30cm B: 22cm H: 21cm	Reghoekige sitting, uitgehol om 'n rand te vorm. Drie insteekpote.		19de eeu			Suid-Afrika	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13758-2 [getik]; Voorwerpkaart HG 13758-2 [getik]
16		HG 13759 (L 709)	Hout (doringhout)	Handgemaak. Baie ru en eenvoudig.	L: 79cm B: 15cm H: 22cm	Lang, smal sitting, van boom-stomp gemaak, bo effens gelyk gemaak. Vier insteekpote, loop skuins uit na onder.		19de eeu	Is waarskynlik 'n melkstoeel.		Suid-Afrika	Historiese Grootboek, vol. 14, aanwinnommer 13759 [getik]
17		HG 15065 (L 508)										
18		OHG 1196										Tydlike katalogus: Historiese Grootboek



In die tabelle moet die teks as aangehaal uit die museale bronne beskou word. Derhalwe is heelwat van die geografiese verwysings verouderd en van die terme vandag onvanpas of onaanvaarbaar. Aangesien alle voorwerpinligting vir die studiegroep in Afrikaans beskikbaar is, was vertaling nie nodig nie.<sup>56</sup> Waar geen inligting vir enige voorwerp in die studiegroep bestaan het nie, is sulke inligtingsvelde (en dus die kolom) weggelaat.<sup>57</sup>

### 3.4. VOORWERPINLIGTING ONTSLUIT UIT MUSEALE BRONNE

#### 3.4.1 Identifikasie

Hierdie bespreking handel oor inskrywings in kolomme C, D en E van Tabel 3.1 en 3.2. Twee aspekte is hier ter sprake, naamlik die aanwinsnommer en klassifikasie volgens naam.

**Aanwinsnommer** (kolom C van Tabel 3.1 en 3.2; herhaal in kolom P van Tabel 3.3 en 3.4)

‘n Aanwinsnommer is die primêre verwysing waarmee museumvoorwerpe geïdentifiseer word en elke voorwerp het daarom ‘n unieke verwysingskode wat tydens registrasie<sup>58</sup> op die item self aangebring<sup>59</sup> word. Hiermee kan data in die dokumentasiesentrum van die Museum ontsluit word.

Die Museum gebruik ‘n stelsel waar die aanwinsnommer deur ‘n alfabetiese kode<sup>60</sup> aandui tot watter versameling ‘n voorwerp behoort. Hiervolgens dui nommers wat met ET<sup>61</sup> begin op die Antropologie-versameling en HG<sup>62</sup> op die Kultuurhistoriese versameling. Die numeriese verwysing wat op dié kode volg verskil: vir die Kultuurhistoriese versameling word voorwerpe opeenvolgend genummer, terwyl ‘n jaartal ingesluit word in die nommers die Antropologie-versameling.<sup>63</sup> In beide versamelings word sommige aanwinsnommers voltooi deur ‘n verdere streepnommer<sup>64</sup> (byvoorbeeld ET 1971-26-3 of HG 13754-2). Vir voorwerpe in die studiegroep dui die streepnommer op items wat saam aangewins is,<sup>65</sup> hoewel dit andersins ook kan dui op pare, identiese voorwerpe of meer dikwels om die onderdele van ‘n voorwerp te identifiseer.<sup>66</sup>

Die kort ontsluitingsvorm maak voorsiening vir vorige aanwinsnommers<sup>67</sup> – geen data is egter gevind wat hieronder in die konsolidasie van inligting oor die studiegroep ingesluit kon word nie. In die Kultuurhistoriese

56 Die enigste museale bron met Engels is ook gedeeltelik in Afrikaans – die elektroniese Databank (vir NKM item ET 1992-54) gee opskrifte en enkele inskrywings in Engels, hoewel die kerndata, ingesluit voorwerpnaam en beskrywing, wel in Afrikaans is; kyk Figuur 3.3.

57 Geen van die bronne vermeld byvoorbeeld inligting oor ontbrekende onderdele vir enige van die voorwerpe in die studiegroep nie. Die inligtingsveld ‘*Missing parts*’ in National Cultural History Museum (2006a:1) is daarom nie in die gekonsolideerde inligting ingesluit nie.

58 Nasionale Kultuurhistoriese Museum (2005:4)

59 Grobler (2005:310-323) gee ‘n breedvoerige bespreking van die dokumentasiepraktyke in die Museum.

60 Nasionale Kultuurhistoriese Museum (2005:6)

61 Dit is moontlik afgelei van die vorige naam van die afdeling, naamlik Etnologie; kyk Grobler (2005:306, 440).

62 Volgens Grobler (2005:310) dui dit op Historiese Grootboek, of in Engels *Historiography Catalogue*; dié vertaling verklaar ook die omruilbare gebruik van die afkortings HG en HC sonder dat duplisering of verwarring voorkom. In hierdie studie word die Afrikaans deurgaans gebruik.

63 Nasionale Kultuurhistoriese Museum (2005:6); dié jaartal verwys na die jaar waarin aanwins plaasgevind het.

64 Nasionale Kultuurhistoriese Museum (2005:7)

65 Byvoorbeeld NKM items HG 13754-1 en HG 13754-2, beide op 16 Oktober 1973 aangekoop van mev. A Redelinghuys volgens die Historiese Grootboek (vol. 14). Kyk ook Grobler (2005:302).

66 Nasionale Kultuurhistoriese Museum (2005:7-10)

67 “*Previous acquisition numbers*” in National Cultural History Museum (2006a:1)



versameling het sommige voorwerpe wel bykomende verwysings na die Landboueregister<sup>68</sup> en van die voorwerpe self is daarvolgens gemerk. Daar moet op gelet word dat die Landboueregister nie implementeer is nie en dat dit 'n onvolledige en onbetroubare bron is.<sup>69</sup> Die Museum het in April 1992<sup>70</sup> 'n omvattende opname onderneem om 'n inventaris van alle museumvoorwerpe en gepaardgaande inligting saam te stel en dit is moontlik dat die Landboueregister as gevolg hiervan nooit voltooi is nie.

In Tabel 3.2 en 3.4 word Landboueregisternommers tussen hakies onder die aanwinnommer vermeld ter wille van volledigheid.

As deel van 'n museum se bestuurstelsel is 'n aanwinnommer se kritiese waarde vir hierdie studie dus as skakel tussen die museumvoorwerp en enige inligting of data in die dokumentasiesentrum wat daarmee verband hou. Die twee gevalle waar dit nie moontlik was om inligting oor 'n voorwerp te bekom nie lewer bewys hiervan: vir voorwerp 17, NKM item HG 15065, bestaan skynbaar geen museale verwysing nie,<sup>71</sup> terwyl voorwerp 18, NKM item OGH 1196, slegs 'n tydelike aanwinnommer het. Die tydelike katalogus van die Historiese Grootboek is in dié geval die enigste museale bron en bevat (nou) slegs inligting ter identifikasie van die voorwerp en die huidige bergplek daarvan.

#### **Voorwerpnaam en ander / alternatiewe name** (kolom D en E van Tabel 3.1 en 3.2)

Die voorwerpnaam verwys na die klassifikasie van die museumitem. Waar die kort ontsluitingsvorm<sup>72</sup> in praktyk nie vereis dat 'n voorwerpnaam<sup>73</sup> noodwendig 'n goedgekeurde trefwoord<sup>74</sup> hoef te wees nie, kan al die finale voorwerpnaam wat getabuleer is wel as trefwoorde gelees word omdat goedgekeurde standaardlyste vir beide versamelings bestaan en al vir 'n geruime tyd in gebruik is.

Twee finale<sup>75</sup> voorwerpnaam kom in die museale bronne voor: 'bankie' (voorwerp 16) en 'stoel' vir die res (uitgesluit voorwerpe 17 en 18 in Tabel 3.2, waarvoor geen voorwerpinligting bekom kon word nie).

68 Aanwinnommers in die Landboueregister word aangedui met die letter L, gevolg deur 'n syferkode. So byvoorbeeld word voorwerp 9, NKM item HG 10666, ook identifiseer as NKM item L 710 – kyk die handgeskrewe nota in die kantlyn van die Historiese Grootboek (vol. 8) vir aanwinnommer HG 10666 (figuur 3.4): “Nuwe nommer L710” onderteken J. du Toit en dateer 24 Januarie 1990. Du Toit was na alle waarskynlikheid tydelik in diens van die Museum en was beslis nie 'n vakkundige beamppte nie (Schultze, M.E., Senior Inligtingkundige, NKM, 9 Julie 2008 - persoonlike mededeling).

69 In die meeste gevalle bestaan die Landboueregister uit afdrukke van voorwerpkaarte uit die Kultuurhistoriese versameling met notas wat nuwe nommers vermeld. Duplisering het ook plaasgevind aangesien NKM item L 495, minstens in die Landboueregister, óók verwys na voorwerp 9, NKM item HG 10666. Op die voorwerp self kom slegs L 710 (saam met HG 10666) egter voor.

70 Grobler (2005:11); die opname is insieer met die oog op 'n nuwe gebou vir die Museum.

71 In volume 17 van die Historiese Grootboek is die getikte bladsy met potlood genommer. Die aanwinnommer van voorwerp 17, NKM item HG 15065, ontbreek egter tussen die voorafgaande (HG 15064 op bladsy 64) en die daaropvolgende (HG 15066 op bladsy 65) inskrywings. Geen voorwerpkaart of -lêer kon opgespoor word nie en die kaarte van die Landboueregister toon geen rekord vir voorwerp L 508 (op die kant van die voorwerp aangedui) nie.

72 National Cultural History Museum (2006a:1)

73 Riglyne vir die toekenning van voorwerpnaam word as volg verduidelik in die handleiding (Nasionale Kultuurhistoriese Museum 2005:12) vir aanwinning van museumvoorwerpe: “Die mees spesifieke bekende naam uit die algemene spreektaal word hier, in natuurlike taal, neergeskryf, bv. AANDROK, PROFIELSKAAF, LITOGRAFIE, ens. Die doel is slegs die breë identifikasie van die voorwerp deur middel van die voorwerpnaam, sodat ook nie-spesialiste toegang tot die voorwerp kry. Modestyl-, makersname, materiale en ander beskrywende terme word dus nie hier gebruik nie.”

74 Trefwoorde, of rangwoorde volgens Grobler (2005:200), is amptelike name wat gelys word in 'n goedgekeurde indeks, soos die *Object terminology for South African Material culture* in Shaw (1942) of “Trefwoorde vir kultuurhistoriese voorwerpe” in Slabbert (1974).

75 Let op die deurgehaalde of bygevoegde voorwerpnaam vir voorwerpe 5 (bankie), 8 en 9 (krukkie).

Die Museum se handleiding verduidelik ander en alternatiewe voorwerpname soos volg: “*Fill in synonyms, and names in other languages*”.<sup>76</sup> Sewe sulke terme kom voor: ‘*setulo*’ (voorwerp 1, 2, 3), ‘*seimo*’ (voorwerp 1), ‘*sennô*’ (voorwerp 1), ‘*sedulo*’ (voorwerp 2, 3 en 6), ‘*xitshamo*’<sup>77</sup> (voorwerp 5), ‘*krukkie*’ (voorwerp 9) en ‘*melkstoel*’ (voorwerp 10, 11, 12, 13, 14 en 15). Vir vier voorwerpe met museale verwysings (nommer 4, 7, 8 en 16) word geen alternatief gegee nie.

### 3.4.2 Bestuursinligting

Hierdie bespreking handel oor inskrywings in kolom F tot L van Tabel 3.1 en 3.2.

#### **Metode van verkryging, Naam (skenker, ens.), Adres (skenker, ens.)** (kolom F tot H van Tabel 3.1 en 3.2)

Twaalf van die voorwerpe in die studiegroep is aangekoop en pryse word vermeld. Daar is geen aanduiding van die verkoper van voorwerpe 1, 2 en 3 nie. Vir drie voorwerpe word elk een verkoper gelys, waarvan een ‘n handelaar – die Rusbank Gallery<sup>78</sup> in Worcester – was.

Ses items (almal in die Kultuurhistoriese versameling) is van mev. Redelinghuys van Halfmanshof in die Kaap gekoop. Mev. Annie Redelinghuys<sup>79</sup> en haar man<sup>80</sup> was bekende handelaars.<sup>81</sup> Briefwisseling tussen die Museum en mev. Redelinghuys is in die Museum se argief gevind. Met betrekking tot die voorwerpe in die studiegroep skryf Roodt-Coetzee (met verwysing na voorwerp 8<sup>82</sup>) aan Redelinghuys:

Verder moet u asseblief ook soek na meubels met insteekpootjies soos die ronde oustoeltjie van Waboomhout wat u in Wupperthal se wêreld gekry het. Ek sal baie bly wees om een van hierdie soort meubels, hetsy stoel of bank of tafel te kry wat in goeie kondisie en mooi afgewerk is, miskien met ‘n versiering daarop, iets wat ‘n mens graag as pronkstuk in die Museum wil vertoon.<sup>83</sup>

In ‘n artikel oor mev. Redelinghuys word geskryf: “Sy en Kollie het ‘n groot liefde vir die Sandveld se meubels en hulle is ook van die min mense in die land wat meubels uit dié streek verkoop. Sandveld-meubels is besonder skaars omdat daar so min daarvan gemaak is.”<sup>84</sup> Volgens mev. Redelinghuys self is die meeste

76 National Cultural History Museum (2006b:2)

77 Die Tsonga woord ‘*xitshamo*’ word in Engels vertaal as ‘*a chair*’ (in Afrikaans ‘n stoel), volgens mnr. Paul Nkuna van die Departement Afrikatale, Universiteit van Suid-Afrika; Nkuna, P.H. ([nkunaph@unisa.ac.za](mailto:nkunaph@unisa.ac.za)). Translation: Xitshamo. *E-pos aan*: Botes, N. ([nico.botes@up.ac.za](mailto:nico.botes@up.ac.za)), 13 Julie 2009.

78 Kyk voorwerp 10 in Tabel 3.2. “Gallery” volgens die Engelse spelling; kyk ook brief, in Engels, van September 1972 vanaf (Mrs) Zeldia Geller op Rusbank Gallery (Pty.) Ltd briefhoof (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978).

79 Dit kom voor of die verskillende voorletters waarmee daar in die museale bronne (kyk kolom G, Tabel 3.2) na mev. Redelinghuys verwys word, te wyte is aan die gebruik om vir getroude dames na die manlike eggenoot se voorletters te verwys. Mev. J.N.L. Redelinghuys (vir voorwerp 8), mev. J.N. Redelinghuys (voorwerp 11) en mev. A. Redelinghuys (voorwerpe 12 tot 16) is dieselfde persoon. Volgens Viljoen (1975:I) verwys die adres Halfmanshof na ‘n plaas in die distrik Gouda; die egpaar sou, volgens dieselfde bron, later na Tulbagh verhuis.

80 Mnr. Redelinghuys word in Viljoen (1975:I) “Kollie” en in Baraitser Obholzer (1978:8) “Koelie” genoem.

81 “Hulle soek nie net waardevolle stukke vir hul self nie maar verkoop ook daarvan en help ander versamelaars besondere stukke opspoor” (Viljoen 1975:I) en “Sy verkoop ook graag Africana aan Transvalers want hulle waardeer dit gewoonlik baie meer as die Kapenaars, meen sy” (Viljoen 1975:II). Kyk ook die dankbetuiging aan die Redelinghuys in Baraitser & Obholzer (1978:8).

82 Voorwerp 8, KNM item HG 9578, is op 9 Junie 1969 van mev. Redelinghuys aangekoop, drie dae voor hierdie skrywe van Roodt-Coetzee. Voorwerp 8 is ook rond en word beskryf as van waboomhout gemaak, soos in die brief beskryf word.

83 Brief van 12 Junie 1969 vanaf Mevr. K. Roodt-Coetzee aan Mevr. J.N.L. Redelinghuys, Halfmanshof (naby Porterville, K.P.) (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978). Die item ter sprake was die eerste stoeltjie van tapkonstruksie in die Kultuurhistoriese versameling; Roodt-Coetzee se versoek om nog te bekom is waarskynlik verantwoordelik dat nog sewe ander sulke voorwerpe oor die volgende vier jaar van haar aangewins is.

84 Viljoen (1975:II)

voorwerpe wat sy aan die Museum verskaf het van die Sandveld en Cederberg afkomstig.<sup>85</sup>

Drie items (voorwerpe 4, 9 en 16) is aan die Museum geskenk, waarvan een (voorwerp 16) deur mev. Redelinghuys. Die ander twee skenkers is onderskeidelik “die Dept. Naturelle Sake”<sup>86</sup> vir voorwerp 4 en mnr. P. Roux van die Ouderwetse Winkel, Ashton in die Kaap vir voorwerp 9. In die Museum se Jaarverslag van 1971 skryf Roodt-Coetzee:

‘n Stinkhout stoeltjie is in bruikleen ontvang van mnr. P. A. Roux van Ashton, Kaapprovinsie. Dit is ‘n heel eenvoudige maar unieke en sonderlinge plattelandse meubel (ook bekend as ‘melkstoeltjie’) met vier silindervormige insteekpootjies, - ‘n sitmeubel wat noue ooreenkoms vertoon met Laat-Gotiese meubels wat op Hollandse skilderye van die 17e eeu voorkom en wat as ‘n relik bly voort leef het in veral die Noordweste.<sup>87</sup>

Hierdie kan voorwerp 9<sup>88</sup> wees, hoewel die hout daarvan, volgens die museale bronne, wa- en doringboomhout is (kyk kolom Q in Tabel 3.4). In korrespondensie word ook na die bruikleen-item verwys: “Laasgenoemde in u brief naamlik die Insteekpoot stoeltjie of Melkbankie; ag Mev. u moet dit maar daar vir ons bewaar indien ek iets soortgelyks kry sal ek dit aan u Museum skenk.”<sup>89</sup> en “Baie dankie vir u vriendelikheid om die melkbankie langer in hierdie Museum te laat bly. Ek sê vooruit baie dankie vir dié een wat u nog vir ons gaan soek.”<sup>90</sup> Dit is dus ook moontlik dat die oorspronklike leen-item (van stinkhout?) vervang is deur ‘n ander stoeltjie wat in die plek daarvan geskenk is.

Vir voorwerp 7 word slegs aangedui dat dit ingesamel (“*collected*” volgens die verslag van die databank, kyk figuur 3.2) is.

Die adres van die skenker of verkoper dui in sekere gevalle aan waar die voorwerp bekom is; dit geld veral vir voorwerp 1 (Maloepskop, skynbaar in die distrik Groblersdal,<sup>91</sup> nou in Mpumalanga), voorwerpe 2 en 3 (Mt. Morosi, Suid-Basoetoland, nou Lesotho), voorwerp 4 (“Gegee aan T.A.C. Emmett, Kommissaris van Naturelle Sake te Louis Trichardt, deur Kaptein Makuleke, Sjangaan-stam, naby Punda Maria, Kruger Wildtuin” volgens die Beukes & Nel-Blom-katalogus se inskrywing vir NKM item ET 1954-1; beide Louis Trichardt en Punda Maria is nou geleë in die Limpopoprovinsie), voorwerp 5 (Thomo, distrik Giyani, Limpopoprovinsie) en voorwerp 6 (Mabins, Letaba-distrik, nou in Limpopoprovinsie).

85 Persoonlike mededeling, 14 Augustus 2007: mev. Annie Redelinghuys (Posbus 130, Tulbagh, 6820). Mev. Redelinghuys kan egter nie spesifieke voorwerpe onthou nie aangesien sy heelwat voorwerpe aan die Museum verskaf het.

86 Volgens die opskrif bo die inskrywing vir voorwerp in die Beukes & Nel-Blom-katalogus vir aanwinstnommer 1954-1 [handgeskryf], asook in die getikte Etnologie Stamboek [duplikaat]. Daar word verder genoem dat voorwerp 4 “gegee” is aan “T.A.C. Emmett, Kommissaris van Naturellesake te Louis Trichardt, deur Kaptein Makuleke, Sjangaan-stam, naby Punda Maria, Kruger Wildtuin.” Aanwinste is dikwels bekom deur skenkings van staatsdepartemente en -kantore in die platteland (kyk die afdeling oor Die Antropologie-versameling in Hoofstuk 1, p.14).

87 Roodt-Coetzee in Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (1971:17)

88 Kyk, vir hierdie voorwerp, die nota agter op die ongemerkte foto geheg aan die voorwerpkaart vir NKM item HG 10666 wat lees: Bruikleen (deurgehaal en vervang met 10666).

89 Handgeskrewe brief van 17 Januarie 1972 vanaf Paul Roux (op Ouderwetse Winkel-briefhoof) aan Mev. Coetzee (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978).

90 Brief van 9 Februarie 1972 vanaf Mev. K. Roodt-Coetzee aan Mnr. P.H. Roux, Ouderwetse Winkel, Hoofweg, Aston (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978).

91 Volgens die latere toevoeging op die voorwerpkaart vir NKM item ET 1934-441, wat verwys na ‘n studie deur Stoffberg (1967) getiteld ‘Die tegniese skeppinge van die Bantwane van die distrik Groblersdal.’

**Naam van insamelaar, Datum verkry** (kolom I en J van Tabel 3.1 en 3.2)

Vir vyf voorwerpe in die studiegroep word die naam van die insamelaar vermeld: dr. Beukes (voorwerpe 1, 2 en 3), C.S. van der Waal (voorwerp 6) en dr. J.A. van Schalkwyk (voorwerp 7). Geen museumbeampte word genoem as insamelaar vir die voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling nie (kyk kolom I, Tabel 3.2). Hierdie aanwinste het wel tydens Roodt-Coetzee se direkteurskap plaasgevind en daar is min twyfel dat sy beslis betrokke was.<sup>92</sup>

Die datum van aanwins word meestal vermeld. Waar dit nie duidelik genoem word nie, kan die jaartal vir voorwerp 5 afgelei word as 1971 uit die aanwinsnommer (NKM item ET 1971-26-3). Daar is moontlik 'n tikfout by die rekord vir voorwerp 14, waar beide die getikte museale bronne die aanwinsdatum as 26 Oktober 1967 gee en kwitansienommer 57 aandui vir die transaksie. Dieselfde kwitansienommer word ook aangedui vir voorwerpe 15 en 16, waar die datum (soos ook vir voorwerpe 12 en 13) 26 Oktober 1973 is. Al hierdie voorwerpe is van mev. Redelinghuys bekom. Dit kom dus voor asof die jaartal op die rekord vir voorwerp 14 ook 1973 (en nie 1967 nie) behoort te wees.

Vir voorwerp 17, waarvoor geen museale bron bestaan nie, kan die datum van verkryging uit die sekwensie van die aanwinsnommer afgelei word uit inskrywings in die Historiese Grootboek. In volume 17 daarvan dateer aanwinste voor en na waar die aanwinsnommer (NKM item HG 15065) moet verskyn uit Oktober en November 1975.<sup>93</sup>

Die datum van verkryging vir voorwerp 18, met 'n tydelike katalogusnommer, is onbekend.

**Oorspronklike toestand** (kolom K van Tabel 3.1 en 3.2)

Geen inligting is onder dié hoof aangeteken vir voorwerpe in die Antropologie-versameling (voorwerpe 1 tot 7 in die studiegroep) nie. Minstens sedert die Historiese Grootboek in getikte formaat verskyn kom die opskrif 'Toestand' voor en die voorwerpkaarte vermeld dit, sodat dit vir alle voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling beskikbaar is.

Die inskrywings vermeld meestal die toestand as redelik (voorwerpe 10, 11, 12, 14, 15 en 16), soms aangevul met verwysing na gebruiksmarke (voorwerpe 11 en 15). In een geval, vir voorwerp 13, word die toestand as goed beskryf, aangevul met verwysing na die baie gebruiksmarke. Vir drie voorwerpe word die toestand meer breedvoerig beskryf: vir voorwerp 9 word die skewe pote en die groot insteekgate (tapgate) genoem, vir voorwerp 11 word genoem dat een poot los was en vervang is en vir voorwerp 12 dat dit middeldeur gebars was en vasgelym is.

92 Kyk Grobler in Dippenaar (1992:85-86); korrespondensie uit die NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief dui ook hierop.

93 NKM item HG 15062 (bladsy 62 van die Historiese Grootboek, vol. 17), 'n tafel, is op 4 Oktober 1975 van mev. Redelinghuys gekoop; NKM item HG 15063 (bladsy 63), 'n karring, is van onbekende aanwins; NKM item HG 15064 (bladsy 64), 'n koperkastrol, is op 6 November 1975 van mev. Redelinghuys verkry; NKM item HG 15066 (bladsy 65), 'n muurraakie, is op 3 November 1975 van mev. Redelinghuys gekoop; NKM item HG 15067 (bladsy 66), 'n tafeldoek, is ook op 4 Oktober 1975 van mev. Redelinghuys aangekoop.

### **Permanente bergplek** (kolom L van Tabel 3.1 en 3.2)

In die museale bronne word verwys na bergplekke wat gebruik is voor die versamelings na die African Window-kompleks getrek is. Buiten vir items 8 en 11 (tans by die Voortrekkermonumentmuseum en die Pioniermuseum onderskeidelik) is hierdie verwysings dus verouderd. Huidige inligting word volledig in Hoofstuk 2 vir elke voorwerp gegee.

### **3.4.3 Beskrywing**

Hierdie bespreking handel oor inskrywings in kolomme Q tot T van Tabel 3.3 en 3.4.

### **Materiaal** (kolom Q van Tabel 3.3 en 3.4)

Vir drie inskrywings word die materiaal nie genoem nie (voorwerp 4, asook 17 en 18, waarvoor museale verwysings nie bestaan nie).

Voorwerpe 1, 2 en 3 word op die voorwerpkaarte aangedui as van hout gemaak, terwyl die oorspronklike bronne (hier die Beukes & Nel-Blom-katalogus en die getikte Etnologie Stamboek) dit nie noem nie. Die materiaal vir voorwerp 7 word ook as hout aangedui.

Die houtsoorte word genoem vir voorwerp 5 (marolahout), 6 (“*marula*-hout” en “*marulakgogo*” volgens die Etnologie Stamboek), 8, 11, 12, 13, 14 en 15 (waboomhout), 9 (“wa- en doringboomhout” volgens die Historiese Grootboek), 10 (kameeldoringhout) en 16 (doringhout). Hoe akkuraat die houtidentifikasie telkens hier is, is onseker. Dit is wel bekend dat die Museum onder Roodt-Coetzee erns gemaak het van houtidentifikasie. In 1964 was hierdie een van die onderwerpe van ‘n kursus<sup>94</sup> wat by die Ou Museum aangebied is. Daar is ook korrespondensie in die argief wat daarop dui dat hout deur analise wetenskaplik geïdentifiseer is.<sup>95</sup> Volgens dr. Kromhout, wat by die kursus en wetenskaplike identifikasie betrokke was, het hy dikwels, as bosbouvak kundige, in die 1960’s en 1970’s visuele identifikasie by die Ou Museum op versoek van Roodt-Coetzee onderneem.<sup>96</sup> Hierdie uitkennings is, volgens Kromhout, meestal mondelings oorgedra, sodat geen rekord daarvan bestaan nie. In die museale bronne is daar ook geen verwysing na houtidentifikasie vir die voorwerpe in die studiegroep nie.

### **Vervaardiging** (kolom R van Tabel 3.3 en 3.4)

In die Antropologie-versameling kom slegs twee verwysings na die vervaardiging voor: by voorwerp 5 word genoem dat dit met ‘n byl en daarna ‘n beitel gevorm is en by voorwerp 6 slegs dat gate geboor is (moontlik vir die tapgate?). In die Kultuurgeskiedenis versameling word meestal genoem dat dit handgemaak is. In twee gevalle word meer breedvoerige beskrywings van die voorwerp gegee: by voorwerp 8 word raspermerke

94 Aangebied deur dr. C.P. Kromhout van die Departement van Bosbou - kyk die afdeling oor die “Identifikasie van Suid-Afrikaanse Houtsoorte” in die notas van die “Vakansiekursus in museumwese vir die Kultuurhistoriese Museum: 29 Junie-3 Julie 1964” (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Doos 4, Opleiding: Lesings/artikels). Die ongenommerde bladsye van die notas en program dui die spreker verkeerdelik as “Cromhout” aan.

95 Byvoorbeeld brief met onderwerp “Houtmonsters” van 17 Maart 1960 vanaf C.P. Kromhout, Sekretaris van Bosbou (op Departement van Bosbou-briefhoof) aan Mev. K. Roodt-Coetzee, Vakkundige Beampte Kultuurgeskiedenis, Ou Museum (NKM Direkteursargief Stelsel 1 No. 15 TM 1/60), asook Memorandum van 15 Desember 1976 vanaf C.P. Kromhout (op Departement van Bosbou-briefhoof) met onderwerp “Uitkenning van hout – ondersoek van stoel” (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978).

96 Persoonlike mededeling, 28 Junie 2007: dr C.P. Kromhout, voormalige Direkteur van Bosbou-navorsing, Departement van Bosbou (Renaissance-oord 160, Brummeria, 0184).



onder die blad genoem en by voorwerp 9 word na die tapvoeë verwys as 'n "insteek tegniek" (slegs op die voorwerpkaart vir NKM item HG 10666) en melding word gemaak van die tekstielstroke ("lappe") om die pote. In vyf gevalle (voorwerpe 8, 9, 10, 12 en 16) word spesifiek genoem dat die voorwerpe rof gemaak is.

#### **Afmetings** (kolom S van Tabel 3.3 en 3.4)

Die afmetings ontbreek vir drie voorwerpe (nommer 2, 3 en 4) waarvoor museale verwysings bestaan. Die oormate vir voorwerp 1 (in sentimeter) kom slegs op die voorwerpkaart vir NKM item ET 1934-441 voor. Voorwerp 8 se mates word in duim gegee, met die res meestal konsekwent in sentimeter. Vir voorwerp 7 word slegs die hoogte (in millimeter) aangedui.

Waar beskikbaar word afmetings van die voorwerpe in die museale bronne slegs in oormaat gegee. Dit kom voor of afmetings eers sedert 1969 konsekwent geneem en aangeteken is, waarskynlik toe die Museum besluit het om alle voorwerpkaarte oor te tik.<sup>97</sup> Dit verklaar waarom mates vir voorwerp 1 in die metrieke stelsel op die voorwerpkaart gegee word (terwyl die voorwerp in 1934 aangewins is).

#### **Fisiese beskrywing** (kolom T van Tabel 3.3 en 3.4)

In die Antropologie-versameling gee die oudste museale bronne vir voorwerpe 1, 2 en 3 geen beskrywing van die voorwerp nie – die voorwerpkaarte vir hierdie items gee wel woordelike beskrywings. Verder word voorwerp 4 eenvoudig beskryf as 'n stoel met vier pote en voorwerp 7 as 'n baie ruwe driepoot-stoel. Vir voorwerp 6 kom geen beskrywing voor nie.

Op een uitsondering na (voorwerp 9) gee die oorspronklike bronne vir voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling kort beskrywings van die vorm, meestal die aantal en vorm van die pote en ander opvallende kenmerke soos die skuinste waarteen pote staan. Die kaart vir voorwerp 9 het 'n breedvoerige woordelike beskrywing van die item wat nie in die Historiese Grootboek voorkom nie (**figuur 3.4**).

#### **3.4.4 Meegaande inligting / Geskiedenis**

Hierdie bespreking handel oor inskrywings in kolomme U tot Y van Tabel 3.3 en 3.4.

#### **Maker** (kolom U van Tabel 3.3 en 3.4)

Die maker is vir twee voorwerpe (Hoofman Thomo vir voorwerp 5 en Jackson Kone vir voorwerp 6) aangeteken. Vir albei word die maker ook as verkoper aangedui (kyk kolom G van Tabel 3.1).

#### **Periode / Styl** (kolom V van Tabel 3.3 en 3.4)

Vir die voorwerpe in die Antropologie-versameling is die enigste inskrywing hier vir voorwerp 6, waar die jaar van vervaardiging (1975) gegee word. Nege inskrywings kom voor vir die items in die Kultuurhistoriese versameling: voorwerp 8 (wat in die Historiese Grootboek beskryf word as "Boermaak 17de eeu" en van die "Laat-Gotiese styl"), voorwerp 9 (van die "Begin 20e eeu" volgens die Historiese Grootboek), voorwerp 10 (18de of 19de eeu), voorwerp 11 (19de of 20ste eeu) en voorwerpe 12, 13, 14, 15 en 16 (19de eeu).

97 Kyk Grobler (2005:343)

### **Funksie** (kolom W van Tabel 3.3 en 3.4)

Daar word net in drie gevalle uitdruklik na die funksie van die voorwerp verwys. By voorwerp 1 kom hierdie verwysing slegs op die voorwerpkaart vir NKM item ET 1934-441 voor en is duidelik bygewerk (gebruik deur “die mees senior en ouer mans”) met verwysing na die studie deur Stoffberg.<sup>98</sup> Die funksie van voorwerp 6 is dokumenteer as ‘n sitding, gebruik deur mans en vroue (hierdie voorwerp is van die maker aangekoop – kyk kolomme G, Tabel 3.1 en U, Tabel 3.3). Die voorafgedrukde velle van die getikte Historiese Grootboek maak nie voorsiening vir die opskrif ‘funksie’ nie. Die funksie van voorwerp 16 verskyn in die Historiese Grootboek vir NKM item HG 13759 bygetik onder die opskrif ‘beskrywing’: “Is waarskynlik ‘n melkstoel”.

### **Gebruiker / Eienaar** (kolom X van Tabel 3.3 en 3.4)

Die formaat van die museale bronne maak nie spesifiek voorsiening vir inskrywings onder hierdie hoof nie. Dit is vir die twee gevalle waar dit in Tabel 3.3 voorkom ontsluit uit die konteks van die oorspronklike bronne. Vir voorwerp 5 meld die Etnologie Stamboek vir NKM item 1971-26-3: “Dit is eers met ‘n byl en daarna met ‘n beitel bewerk deur hoofman aan wie die stoel behoort het.” Hierdie inligting kon ook afgelei word vir voorwerp 6, waar die inskrywing in die Etnologie Stamboek vir NKM item 1971-146 meld: “Gemaak deur Jackson Kone, ‘n man te Mabins vir eie gebruik. [...] INGESAMEL van Jackson Kone [...]”

### **Geskiedenis / Assosiasies** (kolom Y van Tabel 3.3 en 3.4)

Inligting in die kolom omvat in die breë data wat nie noodwendig onder die opskrif verskyn nie, maar verband hou met die geskiedenis, assosiasies en herkoms van die voorwerpe soos aangeteken in die museale bronne.

Vir die sewe voorwerpe van die Antropologie-versameling word deurgaans verwys na Shaw<sup>99</sup> se stam-indeling volgens etniese verband. Hiervolgens word verwys na Ntwane 34 (voorwerp 1, slegs op die voorwerpkaart vir NKM item ET [19]34-441), Suid-Sotho 31 (voorwerpe 2 en 3, slegs op die voorwerpkaarte vir NKM items ET 1935-206 en ET [19]35-207), Noord-Tsonga (voorwerp 4, slegs op die voorwerpkaart vir NKM item ET 1954-1, voorwerp 5 en 7) en Bakoni ba ga Mametša 36 (voorwerp 6). In die vier gevalle waar slegs die voorwerpkaarte Shaw se indeling gee, is die inligting bygewerk aangesien minstens voorwerpe 1, 2 en 3 ingesamel is voor haar klassifikasie in 1942 gepubliseer is en in 1944 deels deur die Museum geïmplementeer is.<sup>100</sup> So is Beukes se twee aanwinste uit Basoetoland (Lesotho) – voorwerpe 2 en 3 – aangevul met die verwysing na Suid-Sotho 31. Beukes se gesamentlike inskrywing vir die aanwinst van hierdie twee voorwerpe is ook geskei na aparte voorwerpkaarte en die teks is geredigeer, herorden volgens die formaat van die voorwerpkaart en effe ingekort.<sup>101</sup> Beukes se opmerking “Patroon en materiaal van albei toon al Europese [sic] invloed” (Beukes & Nel-Blom-katalogus aanwinstnommer [19]35-206 & 207) is in beginsel behou, maar herbewoord na “Europese invloed is sigbaar in die ontwerp en materiaal wat gebruik is” (op die gelykgenommerde voorwerpkaart).

98 Stoffberg (1967:55)

99 Kyk *Classification of South African tribes* in Shaw (1942) en Van Warmelo (1935).

100 Grobler (2005:285-287)

101 Vergelyk die voorwerpkaart van voorwerp 2, NKM item ET 1935-206, in Figuur 3.6 met Beukes se inskrywing vir NKM items [19]35-206 & 207 in die Beukes & Nel-Blom-katalogus en die getikte Etnologie Stamboek, wat lees: “Twee stoele deur inboorlinge gemaak. Patroon en materiaal van albei toon al Europese [sic] invloed. Heet ‘sedulo’ of ‘setulo’. Laaste naam is ongetwyfeld van die Afrikaanse woord ‘stoel’ afgelei; ‘sedulo’ kom van werkwoord ‘dula’ = sit. By Mt. Morosi in Suid Basoetoeland gekoop.”

Vir voorwerp 4 en 5 is die verwysing na Shangaan deurgehaal en vervang met Noord-Tsonga 25; vir beide is hierdie korreksie op die voorwerpkaarte (onderskeidelik NKM items ET 1954-1 en ET 1971-26-3) én in die Etnologie Stamboek aangebring.

Vir ses voorwerpe (nommers 11, 12, 13, 14, 15 en 16) in die Kultuurhistoriese versameling kon slegs die verwysing na 'Suid-Afrika' onder geskiedenis en assosiasies in Tabel 3.4 aangedui word. Hoewel die naam deurgaans by dié voorwerpe in die museale bronne voorkom, verskil die formaat en volgorde waarin dit vermeld word tussen die aanwinstregister en die voorwerpkaarte. In eersgenoemde verskyn die voorafgedrukte opskrifte "Gemaak in:" en "Gebruik in:" – vir beide word telkens "Suid-Afrika" genoem (kyk NKM items HG 13581 (**figuur 3.5**), HG 13754-1, HG 13754-2, HG 13758-1, HG 13758-2 en HG 13759 in die Historiese Grootboek, volume 14). Die gelykgenommerde voorwerpkaarte,<sup>102</sup> wat nie voorafgedruk is nie, meld "Suid-Afrika" as 'n opskrif, gevolg deur 'n tydsverwysing (**figuur 3.8**).

Twee langer inskrywings kom voor: vir voorwerp 8 in volume 7 van die Historiese Grootboek (NKM item HG 9578) word onder 'Geskiedenis' verwys na die Laat-Gotiese styl waarvan die stoeltjie 'n laat voorbeeld moet wees, dat dit 'n trekmeubel kon wees en dat die "insteek meubelstyl onder die boeregemeenskap voortgeleef tot selfs ná 1900." Vir voorwerp 10 verwys die inskrywing in volume 13 van die Historiese Grootboek (NKM item HG 13235) en die gelykgenommerde voorwerpkaart dat dit, volgens die handelaar, van die Sandveld afkomstig is. Dit word aangevul met: "Sulke bankies is feitlik tydloos en stam baie ver terug in die geskiedenis." Die handelaar was Rusbank Gallery van Worcester (kyk kolom F, Tabel 3.2).

### 3.5. SAMEVATTING

In die breë kontekstualiseer die museale bronne die voorwerpe in die studiegroep en ontsluit inligting wat nie deur ondersoek van die voorwerpe self beskikbaar is nie. Vir hierdie studie is dit duidelik dat geen van die museale bronne apart van mekaar, of van die voorwerpe, gelees behoort te word nie. Hierdie bronne vul mekaar aan, veral by die vroeëre aanwinste in die Antropologie-versameling waar korreksies en byvoegings slegs in die latere museale bronne voorkom.

Vergeleke met die Museum se huidige meesgebruikte formaat, die kort ontsluitingsvorm,<sup>103</sup> het geen van die voorwerpe in die studiegroep volledige rekords in die museale bronne nie. Hierdie standaard is eers sedert 2004<sup>104</sup> in die omvattende formaat beskikbaar en dit is te verwagte dat voorwerpe wat meer as 70 jaar tevore aangewins is, nie volledig daaraan sal voldoen nie.

<sup>102</sup> Uitgesluit voorwerp 11, NKM item HG 13581, en 16, NKM item HG 13759, waarvoor nie voorwerpkaarte bestaan nie.

<sup>103</sup> National Cultural History Museum (2006a)

<sup>104</sup> Die Afrikaanse formaat is omvat in Nasionale Kultuurhistoriese Museum (2004a), waaruit die Engelse weergawe, National Cultural History Museum (2006a), ontleen is.

Die tekortkominge is ook te wyte aan die bestuursbenaderings wat oor tyd in elke versameling ontwikkel is, waarvan heelparty – soos Shaw<sup>105</sup> se stelsel – nie volledig deurgevoer<sup>106</sup> is nie. Dit is ook die gevolg van inligting wat nie bekend was nie (byvoorbeeld wie die maker was), of wat as van mindere belang geag is (byvoorbeeld van wie die handelaars die voorwerpe aangekoop het) en dus nie in die museale bronne aangeteken is nie.

### 3.5.1 Identifikasie en klassifikasie

Die identifikasie van voorwerpe, deur aanwinnommers en klassifikasie volgens naam, is van uiterste belang vir hierdie studie. Aanwinnommers is die kritiese skakel tussen voorwerpe en museale bronne. In twee gevalle kon geen museale bronne nagespeur word nie; een hiervan was as gevolg van 'n tydelike aanwinnommer (of inderwaarheid dat geen aanwinnommer bestaan het nie); vir die ander het 'n aanwinnommer bestaan, maar geen data nie.

Die klassifikasie van die meerderheid items onder die voorwerpnaam 'stoel' is vaag aangesien geen van die voorwerpe 'n rugleuning<sup>107</sup> het nie. Die gebruik van 'stoel' kan moontlik begryp word om die voorwerpe generies as sitmeubels te identifiseer en vir gevalle waar voorwerpe in die Antropologie-versameling in die dertigerjare aangewins is (voorwerpe 1, 2 en 3), aangesien geen trefwoordelys waarskynlik voor 1942 bestaan het nie. Dat dit daarna en tot in die laat twintigste eeu gebruik is, moet waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die herindeksering van antropologie voorwerpe volgens Shaw se stelsel nooit voltooi is nie, sodat daar waarskynlik voortgegaan is met die praktyke van die voorafgaande jare. In die Kultuurhistoriese versameling is die oorgrote meerderheid voorwerpe beslis ingesamel vóór standaardterme<sup>108</sup> in 1974 beskikbaar was. Dit verklaar ten dele die onsekerheid oor voorwerpnaam wat deurgehaal en verander is.

Die term 'bankie' is, vanweë die langer vorm van voorwerp 16 wat so klassifiseer is, nie aanvegbaar nie.

Van die alternatiewe name in ander tale ('setulo' in Suid-Sotho; 'sedulo'<sup>109</sup> en 'sennô' Noord-Sotho) verwys nie na 'n stoel nie, maar eerder na 'n bankie of sitplek. In Tsonga verwys 'xitshamo' wel na 'n stoel en dit is onseker of ander en meer akkurate terme in hierdie taal bestaan. Beide die alternatiewe Afrikaanse terme ('krukkie' en 'melkstoel') verwys beslis na 'n sitmeubel sonder rugleuning en kan dui op 'n spesifieke konstruksiemetode.

Soos in Hoofstuk 1<sup>110</sup> bespreek is die naam 'stoel' misleidend en behoort die voorwerpnaam minstens 'stoeltjie' (in Engels 'stool'<sup>111</sup>) te lees. Dit is ook wenslik om van die voorwerpe in die studiegroep 'n 'melkstoeltjie', eerder as 'n 'melkstoel', te noem.

105 Shaw (1942)

106 Grobler (2005:285-287)

107 Kyk die afdeling oor Die terme 'stoeltjie' en 'melkstoeltjie' in Hoofstuk 1, p.17.

108 Slabbert (1974); in hierdie bron verskyn die trefwoorde 'bankie' en 'melkstoel', laasgenoemde dalk verkeerdelik sonder die agtervoegsel wat dui op die verkleiningsvorm.

109 Moontlik eerder 'sedulô' – kyk Kriel & Van Wyk (1989:225).

110 Kyk die afdeling oor Die terme 'stoeltjie' en 'melkstoeltjie' in Hoofstuk 1, p.17.

111 Kyk Shaw (1942:11).

Die klassifikasie van die voorwerpe volgens die museale bronne is dus meestal onakkuraat in soverre dit na die trefwoord 'stoel' verwys en die trefwoordelys<sup>112</sup> in Afrikaans behoort uitgebrei te word om die term 'stoeltjie' apart van 'stoel' te lys; verder behoort 'melkstoel' aangepas<sup>113</sup> te word om 'melkstoeltjie' te lees in ooreenstemming met die gebruik in Afrikaans.

### 3.5.2 Herkoms, geskiedenis en assosiasies

Dit is, minstens vir die ses voorwerpe in die Antropologie-versameling, bekend waarvandaan die voorwerpe kom omdat geografiese inligting, soms vaag, beskikbaar is. Dit is hieruit moontlik om te bepaal dat die voorwerpe van 'n wye geografiese gebied afkomstig is, van die huidige Lesotho tot Limpopoprovinsie. Die voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling het geen sulke verwysings nie, hoewel voorwerp 10 skynbaar, volgens die handelaar, van die Sandveld<sup>114</sup> kom en voorwerp 8 moontlik van Wupperthal<sup>115</sup> (teen die Cederberg). Dit is ook bekend dat mev. Redelinghuys meestal handel gedryf het met items uit die Sandveld en Cederberg, sodat bespiegel kan word dat, naas voorwerp 8, ook nommers 11 tot 16 van hierdie streek afkomstig mag wees. Dit is opmerklik dat al die voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling van handelaars, almal van die huidige Wes-Kaap, bekom is en dat geen inligting beskikbaar is oor van wie die handelaars dit aangekoop het nie.

Slegs in drie gevalle vir voorwerpe in die Antropologie-versameling word aangedui van wie die item bekom is: vir voorwerp 4 word aangedui dat dit indirek vanaf kaptein Makuleke deur 'n staatsdepartement afkomstig is en vir voorwerpe 5 en 6 word die verkopers by name genoem; beide word ook genoem as die onderskeie makers van die voorwerpe. Hierdie is uitsonderlike inligting, veral in die lig daarvan dat geen sulke data vir enige ander voorwerp beskikbaar is nie. Buiten dié drie voorwerpe waar assosiasies met individue duidelik aangeteken is, word slegs Shaw se stam-indeling volgens etniese verband vermeld vir die Antropologie-versameling. Verder gee die museale bronne min konkrete data oor die herkoms of geskiedenis van voorwerpe. Dertien van die voorwerpe met museale data en twee sonder museale data is dus van anonieme herkoms.

Twee inskrywings kontekstualiseer wel voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling breedweg: die verwysing na die "Laat-Gotiese styl" en dat "die styl versprei na die binneland en van sy funksionele voordele as trekmeubel, het hierdie insteek meubelstyl onder die boeregemeenskap voortgeleef tot selfs ná 1900"<sup>116</sup> het dieselfde strekking as "Sulke bankies is feitlik tydloos en stam baie ver terug in die geskiedenis."<sup>117</sup> Met styl word waarskynlik eerder verwys na die konstruksiemetode, aangesien geen werklike stylkenmerke voorkom nie. Verdere ondersoek word genoodsaak om sin te maak van die verwysing na die Laat-Gotiese tydperk en die tydloosheid van die voorwerpe.

112 Slabbert (1974)

113 Kyk Afdeling 1.5: Die terme 'stoeltjie' en 'melkstoeltjie'

114 Volgens die inskrywing in die Historiese Grootboek, volume 13, vir NKM item HG 13235.

115 Kyk Brief van 12 Junie 1969 vanaf Mevr. K. Roodt-Coetzee aan Mevr. J.N.L. Redelinghuys, Halfmanshof (naby Porterville, K.P.) (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978).

116 Aangeteken vir voorwerp 8 in die Historiese Grootboek, volume 7, vir NKM item HG 9578.

117 Aangeteken vir voorwerp 10 in die Historiese Grootboek, volume 13 vir NKM item HG 13235.



### 3.5.3 Datering

Die enigste sekere datering word vir voorwerp 6 gegee waar vermeld word dat dit in 1975 gemaak is; hierdie inligting kan as akkuraat beskou word omdat die voorwerp van die maker – mnr. Jackson Kone – aangekoop is. Dit is moontlik om redelikerwys af te lei dat ook voorwerp 5 moontlik in die laaste helfte van die twintigste eeu, of minstens in die twintigste eeu, gemaak is aangesien dit in 1971 aangewins is van die maker, Hoofman Thomo. Die datums van verkryging, wat strek van 1934 tot 1992, kan nie andersins met sekerheid verbind word met die datering van die voorwerpe nie.

Data is tog beskikbaar waar die Museum, slegs vir voorwerpe in die Kultuurhistoriese versameling, aantekeninge gemaak het oor die periode waartoe die voorwerpe behoort. Soos by houtidentifikasie word geen bronne vermeld nie en dit is dus onseker hoe akkuraat hierdie inligting is. Dit word bemoeilik deurdat die voorwerpe van handelaars bekom is.<sup>118</sup> Indien hierdie notas met dieselfde deeglikheid as Roodt-Coetzee se benadering tot die identifikasie van hout onderneem is, sou hierdie data minstens baseer wees op een of ander vorm van navorsing. Dit is dus wel moontlik om te aanvaar dat die daterings min of meer akkuraat mag wees, veral as in gedagte gehou word dat wye tydvlakke gedek word deur die notas (byvoorbeeld sewentiende eeu vir voorwerp 8, agtiende of negentiende eeu vir voorwerp 10, negentiende eeu vir voorwerp 12 tot 16, negentiende of twintigste eeu vir voorwerp 11 en begin twintigste eeu vir voorwerp 9).

Uit die museale bronne wil dit dus voorkom of datering moontlik so vroeg as die sewentiende, maar beslis tot in die twintigste eeu, moontlik is.

### 3.5.4 Beskrywing en fisiese eienskappe

Min afwykings is gevind tussen die aangetekende mates en dié wat tydens detailondersoeke vir hierdie studie geneem is (kyk die afdeling oor Ondersoek na fisiese eienskappe in Hoofstuk 2). Meer akkurate beskrywings van die voorwerpe se fisiese eienskappe kom vanaf die laat 1960's in die museale bronne voor, ongeag van watter bron ter sprake is. Selfs die langer beskrywings bly egter kernagtig en dui slegs op die hoofkenmerke – die diep snymerke onder verskeie sitblaaië word byvoorbeeld slegs vir voorwerp 9 en 12 genoem. Dit is daarom betwyfelbaar of die voorwerpe slegs aan die teksbeskrywings uitgeken sal kan word.

Dit is opmerklik dat onder vervaardiging en die kort beskrywings van fisiese eienskappe meermale verwys word na die mate van grofheid (die woorde 'ruwe' en 'rof' kom agt keer voor) waarmee die voorwerpe gemaak is. Daar word verder dikwels in museale data verwys na 'insteekpootjies'<sup>119</sup> of 'insteek-pote', 'insteek meubelstyl', 'insteek tegniek' en 'ingevoegde pote'. Al hierdie terme dui beslis op die tapvoeë waarmee pote bevestig is en geen onderskeid word hierdeur tussen deurlooptapvoeë en blinde tapvoeë (soms ook as sokvoeë bekend) gemaak nie.

118 Volgens Grobler (2005:197) het Roodt-Coetzee moeite gedoen om mondelinge bronne op te teken en inligting oor voorwerpe te verifieer. Kyk ook Roodt-Coetzee (1962:48-50). Hierdie taak is natuurlik makliker gedaan as 'n voorwerp deur 'n familielid van die maker of eienaar bekom word, soos dikwels die geval was, en bykans onmoontlik indien dit van 'n handelaar verkry word en geen herkoms bekend is nie.

119 Kyk ook die verwysing in die brief van 12 Junie 1969 vanaf Mevr. K. Roodt-Coetzee aan Mevr. J.N.L. Redelinghuys (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978) en Roodt-Coetzee se beskrywing van die bruikleen-item in die Museum se Jaarverslag van 1971 in Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (1971:17), asook mnr. Paul Roux se verwysing na "Insteekpoot stoeltjie" in sy brief van 17 Januarie 1972 aan Mev. Coetzee (NKM Direkteursargief: Kotie Roodt-Coetzee-argief, Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978).

### 3.5.5 Funksie

Buiten dat uit die klassifikasie van die voorwerpe onder die trefwoord 'stoel' afgelei kan word dat dit as sitmeubel moes dien, kom slegs twee direkte verwysings hierna voor: vir voorwerp 1 word, in die latere, bygewerkte bron, verwys na 'n sitmeubel "vir die mees senior en ouer mans";<sup>120</sup> hierteenoor word vir voorwerp 6 uitdruklik vermeld dat dit as sitding buite die huis deur mans en vroue gebruik word.<sup>121</sup>

Vir voorwerp 16, die 'bankie', is aangeteken dat dit waarskynlik 'n melkstoel is.<sup>122</sup> Soortgelyks kom die alternatiewe naam 'melkstoel' vir ses voorwerpe voor en kan hierdie funksie dus moontlik met minstens sewe voorwerpe verbind word. Een ander funksie word vermeld: vir voorwerp 9 word genoem dat daar blykbaar vleis op gekap is.<sup>123</sup> Museale bronne dui dus, soos die ondersoek na die fisiese eienskappe van die voorwerpe, daarop dat van die voorwerpe meervoudige gebruike moes hê.

Samevattend kan dus gestel word dat die museale bronne nie omvattende data oor enige van die voorwerpe in die studiegroep bevat nie, dat die klassifikasie van die voorwerpe volgens trefwoorde in die museale bronne meubelkundig vaag is, dat vyftien van die agtien voorwerpe in die studiegroep van anonieme herkoms is en dat hul oor 'n tydperk van 58 jaar van 'n wye geografiese omgewing – van die huidige Wes-Kaap tot Limpopo – ingesamel is. Dit is ook moontlik, maar onbevestig, dat hul datering 'n tydperk van drie tot vier eeue kan verteenwoordig.

Hoewel die ondersoek van die museale bronne dus in enkele opsigte bydra tot die begrip van die voorwerpe in die studiegroep, bied dit beperkte inligting en min sekerheid, sodat heelparty vrae oor die voorwerpe in die studiegroep onbeantwoord bly. Die sekondêre bronne word daarom in Hoofstuk 4 ondersoek.

120 Voorwerpkaart vir NKM item ET 1934-441; hierdie opmerking is duidelik baseer op die studie deur Stoffberg (1967), waarna ook op die voorwerpkaart verwys word.

121 Inskrywing in die Etnologie Stamboek vir NKM item ET 1977-146, herhaal op die gelykgenommerde voorwerpkaart.

122 Inskrywing vir NM item HG 13759 in die Historiese Grootboek, volume 14.

123 Slegs op die voorwerpkaart vir NKM item HG 10666.

## HOOFSTUK 4: DIE MELKSTOELTJIE IN TEKS EN BEELD

### 4.1. INLEIDING

Uit Hoofstuk 2 is dit duidelik dat die studiegroep sekere fisiese eienskappe, veral ten opsigte van hul konstruksie, deel. Die ondersoek van die museale bronne in Hoofstuk 3 gee egter nie voldoende inligting om hierdie fisiese kenmerke histories of ten opsigte van funksie, verband en betekenis te kontekstualiseer nie. Waar daar aanduidings van tipologiese ooreenkomste is, is dit nodig om die ondersoek uit te brei na sekondêre bronne in 'n poging om die voorwerpe in die breë begripstoeganklik te maak en so die ondersoek na tipologie uit te brei.

In hierdie hoofstuk word twee brontipes daarom ondersoek: teks (uit beskrywings wat meubelgeskiedenis dek, sowel as letterkunde en ander geskrewe bronne) en beeld (as illustrasie of dokumentasie en, soos met teks, ter wille van konteks).

### 4.2. ONTWIKKELING EN VERBANDE

Tekstuele bronne en uitbeeldings is bestudeer om eerstens die moontlike oorsprong van voorwerpe soortgelyk aan die in die studiegroep, en verbande met ander meubeltipes, na te speur.

In sommige bronne word monolitiese konstruksie verbind met die ontwikkeling van meubels met 'n eenvoudige tapvoegkonstruksie.<sup>1</sup> In sy bespreking van die evolusie van Vlaamse sitmeubels beweer Weyns<sup>2</sup> dat die houtblok<sup>3</sup> die voorganger was waaruit die generiese 'schamel' en die langer 'bank' ontwikkel het. "Worden er nu in een dun, rond of rechthoekig houtblok drie poten gestoken, dan krijgen we een schamel."<sup>4</sup> Met 'schamel'<sup>5</sup> word 'n onopgesmukke, klein en meestal driepootstoeltjie bedoel wat maklik rondgeskuif<sup>6</sup> kan word. Weyns<sup>7</sup> meld "de blok" en "driehoek-blok" en dui, soos Baarden & Schubad,<sup>8</sup> daarop dat monolitiese konstruksie onder andere in Afrika<sup>9</sup> voorkom. Voorbeelde is ook bekend waar dit nie uit een stuk hout gekerf word nie, maar waar 'n sitmeubel met pote verkry word van 'n tak met meervoudige mikke en lae vertakkings.<sup>10</sup> Sulke en ander lae sitmeubels van monolitiese konstruksie kom ook in die Museum se Antropologie-versameling voor (**figuur 4.1, 4.2, 4.3 en 4.4**).

1 Outeurs in ander tale verwys na 'Primitivmöbel' in Duits (Gebhard 1969:78) en 'primitive furniture' in Engels (Knell 1992:22).

2 Weyns (1974:167)

3 Uit hierdie stelling kan begryp word waarom die term 'melkblok' deur Weyns (1974:1444) vermeld word en ook voorkom in die WAT (2007).

4 Weyns (1974:168)

5 Kyk veral die definisie van Den Boon & Geeraerts (2005:3075). Botha (1969:12) verwys daarna as 'n sitbankie, maar gebruik die wisselvorm 'schemel' en meld "Die sitplek kan in hierdie geval driehoekig of reghoekig wees afhangende van die aantal pote".

6 Baarden & Schubad (1958:23)

7 Weyns (1974:167, 168). Kinmonth (1993: 33-34) wys soortgelyks daarop dat, in Ierland, "the block" kan verwys na 'n dik sitblad met drie pote óf na 'n monolitiese konstruksie sonder pote.

8 Baarden & Schubad (1958:9)

9 Kyk Sieber (1980:144-145).

10 Kyk veral Sieber (1980:130-131).



**FIGURE 4.1, 4.2, 4.3, 4.4**

- 4.1 NKM item ET 1935-94: *setulo* van 'n garingboomstam uit die huidige Lesotho volgens die voorwerpkaart (© NKM)
- 4.2 NKM item ET 1977-53: *sepona* uit die Letaba-distrik volgens die Etnologie Stamboek (© NKM)
- 4.3 NKM item ET 1977-76: *sepuna* uit die Letaba-distrik volgens die Etnologie Stamboek (© NKM)
- 4.4 Mnr. Sam Moifatswane met NKM item ET 1990-27, 'n sitmeubel gemaak uit 'n drievoudige mik (© NKM)



**FIGURE 4.5, 4.6, 4.7, 4.8**

- 4.5 "Schamel, Egyptian, Nieuwe Rijk, omstreeks 1450 v. Chr." (Victoria en Albert Museum, Londen) (Baarden & Schubad 1958:9)
- 4.6 "Stool. Elm. 1510-45"; Engeland (The Mary Rose Trust) (Knell 1992:42)
- 4.7 "Low stool made of ash"; Engeland, vermoedelik uit die negentiende eeu (Beamish Museum) (Gilbert 1991:47)
- 4.8 Ierse 'creepie stool' (Ulster Folk and Transport Museum) (Kinmonth 1993:31)

Die aantal pote op eenvoudige stoeltjies wissel, veral by stoeltjies uit Afrika.<sup>11</sup> Dit blyk dat driepootstoeltjies reeds teen 1450 v.C. in Egipte vir allerlei gebruike<sup>12</sup> aangewend is (**figuur 4.5**). Tydens en na die Middeleeue is die 'schamel' en soortgelyke stoeltjies met drie of vier pote algemeen as primêre sitmeubel gebruik.<sup>13</sup> Van Oirschot<sup>14</sup> en Weyns<sup>15</sup> meld ook die latere gebruik daarvan in die Lae Lande. Knell<sup>16</sup> en Gilbert<sup>17</sup> publiseer voorbeelde uit Engeland met deurlooptapvoeë wat sterk ooreenkomste toon met dié in die studiegroep: 'n vierpoot uit die sestiende eeu (**figuur 4.6**) en 'n driepoot, vermoedelik uit die negentiende eeu (**figuur 4.7**).

Dat drie pote meestal voorkom word daaraan toegeskryf dat drie pote altyd stewig staan, selfs op 'n ongelyke vloer of op die grond.<sup>18</sup> Verskeie outeurs<sup>19</sup> verduidelik ook dat die lae hoogte van vroeë meubels verband hou met 'n gehurkte posisie en 'n vuur op vloerhoogte. Kinmonth<sup>20</sup> meld verder dat die afwesigheid van skoorstene in Ierse plattelandse huise ook verband hou met die lae hoogte van stoeltjies, of 'creepies' (**figuur 4.8**).

11 Sieber illustreer onder andere voorbeelde uit Soedan (1980:130), Kenia en Tanzanië (1980:131, 143), Uganda (1980:142), Zaire en die Sentraal Afrikaanse Republiek (1980:144), Zimbabwe (1980:145) en Nigerië (1980:152). Van 'n sentrale, uurglas-vormvoetstuk, twee slee-pote tot drie, vier en meer pote kom voor.

12 Baarden & Schubad (1958:9): "[...] Zitmeubelen die gebruikte werden door ambachtslieden, zoals pottenbakkers, beeldhouwers en sandalenmakers."

13 Weyns (1974:168): "Tot tegen het einde van de 11<sup>e</sup> eeuw was de schamel, naar STEIN in zijn 'Kulturfahrplan', 471, meedeelt, hèt zitmeubel: stoelen (= met rugsteun) waren tot dan toe een erezitplaats". Kyk ook Botha (1969:12).

14 Sestiende en sewentiende eeu, maar ook later, volgens Van Oirschot (1978:72, 81).

15 Volgens Weyns (1974:1388) kom die eerste boedellys-verwysing na 'melkstoel' in 1721 in Overpelt voor.


16 Knell (1992:42)

17 Gilbert (1991:47)

18 Volgens Knell (1992:23), Filbee (1977:159), Weyns (1974:173), Wolsey & Luff (1968:65-66), Kinmonth (1993:8 en 33) en Ingram (1987:6-7).

19 Weyns (1974:165), Gilbert (1991:124) en Kinmonth (1993:8).

20 Kinmonth (1993:8): "As a result, seats were often made remarkably low to enable people to sit close to the floor level fire with their heads beneath the wreaths of smoke."



**FIGURE 4.9, 4.10, 4.11, 4.12, 4.13**

- 4.9 "Melkstoeltje" (Weyns 1974:166)  
 4.10 "Driehoekige schamel" na Bruegel (Weyns 1974:172)  
 4.11 "Driestal" na Bruegel (Weyns 1974:174)  
 4.12 "Blokstoeltje" (Weyns 1974:170)  
 4.13 "Blokarmstoel" (Weyns 1974:171)

Die eenvoudige driepootstoeltjie het die ontwikkeling van sommige Westerse meubels beïnvloed. Volgens Weyns het die 'schamel', minstens in die Lae Lande, gedien as prototipe vir ander sitmeubels: buiten vir die 'melkstoeltje' (wat hy die eerste, eenvoudige sitmeubel van nie-monolitiese konstruksie<sup>21</sup> noem, **figuur 4.9**) wys hy op en bespreek die evolusie daarvan met betrekking tot die meerdoelige "driehoekige schamel"<sup>22</sup> (**figuur 4.10**) waaruit die "driestal"<sup>23</sup> ('n driehoeksittingstoel met rugleuning, **figuur 4.11**) ontwikkel het. Filbee<sup>24</sup> bevestig dat driehoeksittingstoel<sup>25</sup> ontstaan het uit eenvoudige driepootstoeltjies. Dit is wel opmerklik dat die aanvanklike stok- of ruwe silinderpote<sup>26</sup> weldra vervang is met meerdere siergedraaide elemente (**figuur 4.14**) en die toevoeging van 'n raam.<sup>27</sup>

Vierpootstoeltjies het soortgelyk ontwikkel: Weyns wys op die toevoeging van die vierde poot en 'n rugleuning in die "blokstoeltje"<sup>28</sup> en armlleunings in die "blokarmstoel"<sup>29</sup> (**figuur 4.12** en **4.13**). Anders as vir die "driehoekige schamel" en driehoeksittingstoel bly die sitting van soliede hout hier behoue; dikwels is die onderstel ook sonder 'n spanraam tussen die pote. Hierdie eienskappe kom ook voor in ander eenvoudige Westerse volkstoele: die Duitse 'Schemel' (ook bekend as 'n stokpootstoel<sup>30</sup> of 'Brettschemel'<sup>31</sup>) word geken aan 'n sitblad waardeur tapse pote met sigbare wê<sup>32</sup> bo die blad bevestig is. Die rugleuning word direk in die sitting bevestig sonder verband met die pote (**figuur 4.15**).

21 Weyns (1974:168)

22 Weyns (1974:168, 172-173); die "driehoekige schamel" was volgens Weyns nie slegs as sitmeubel gebruik nie. Waar dit in Bruegel se uitbeelding van 'Boerebruiloft' (1568) dien as tafelvlak, word dit as sitplek gebruik in 'De vette keuken' (1563).

23 Weyns (1974:173-174); Botha noem dié stoel 'n "schemel met rugleuning" (1969:12) en "Middel-eeuse Hollandse schemel" (1969:10-11).

24 Filbee (1977:72, 183)

25 Botha (1969:10-11) noem dit "Engelse stoele opgebou uit gedraaide spille ('turned spindle chairs') en Filbee (1977:71) 'Turned chairs'. Burden (2004:132) noem, soos Botha, die *schemel* en verbind gedraaide driehoeksittingstoel van die 15e en 16e eeu in Nederland en Engeland met die oorsprong van die Ou-Kaapse tolletjiesstoel.

26 Knell (1992:22) noem dit 'whittled stake-like members' en Gloag (1969:719) 'stick construction'.

27 Volgens Knell (1922:23) "a simple rail". Daar is natuurlik sparre bo-aan sowel as 'n spanraam tussen die pote, wat eweneens die geval is met soortgelyke voorbeelde met vier pote volgens Wolsey & Luff (1968:66) en Knell (1992:23-24).

28 Weyns (1974:169-170)

29 Weyns (1974:170-172)

30 Van Oirschot (1978:101, 112-113)

31 *Süddeutscher Brettschemel* (letterlik 'plankstoel' maar in Engels gegee as 'South German rustic chair') volgens Klatt (1961:168-9).

32 Veral sigbaar in die maattekening in Klatt (1961:168-9).





FIGURE 4.14, 4.15, 4.16, 4.17

- 4.14 Driehoeksittingarmstoel met gedraaide elemente, circa 1675-1710 (Knell 1992:23)
- 4.15 Duitse stokpootstoel (Van Oirschot 1978:101)
- 4.16 Ierse *hedge*-stoel (Monaghan County Museum) (Kinmonth 1993:37)
- 4.17 Walliese stokrugstoel, hier met slegs drie pote (Tom Crispin-versameling) (Gilbert 1991:126)

Die Ierse *hedge*-stoel<sup>33</sup> en Walliese stokrugstoel<sup>34</sup> is soortgelyk, hoewel laasgenoemde se pote nie altyd in tappe bo die sitblad wys nie vanweë 'n dieper sitblad (**figuur 4.16** en **4.17**). Beide se konstruksiemetode, uitgesonder fyn draaiwerk, kan vergelyk word met dié van Windsor-stoele,<sup>35</sup> en verbeeld waarskynlik die skakel tussen die eenvoudige stoeltjie en meer ontwikkelde stoeltipes, soos die Windsor-stoel, die duidelikste.

### 4.3. FUNKSIE

Daar is reeds in Hoofstuk 1 bepaal dat veral driepootstoeltjies in die Westerse geskiedenis in naam met melkery verbind word. Uit die primêre bronne is daar geen uitsluitel of 'n melkstoeltjie enigsins, of uitsluitlik, as sitmeubel gebruik is wanneer koeie met die hand gemelk word nie. Uit die ondersoeke in Hoofstuk 2 en 3 is ook bepaal dat sekere van die voorwerpe, naas as sitmeubel, ook vir ander gebruike (soos om op te sny) aangewend is. 'n Ondersoek na funksie is dus aan die hand van sekondêre bronne geloods om hierdie aspekte te verken.

#### 4.3.1 Melkery

Buite Suid-Afrika kon geen gedokumenteerde verband tussen stoeltjies en melkery in die res van Afrika afgelei word nie. Die term 'melkstoeltjie' – en die direkte vertalings daarvan in Nederlands, Vlaams, Duits en Engels – noodsaak dat die verband tussen stoeltjies en melkery minstens in Suid-Afrika, die Lae Lande, Duits- en Engelssprekende lande ondersoek word.

33 Kinmonth (1993:34): "The close association between stool and chair is more obvious with the slab-seated hedge chairs of rural Ireland than perhaps anywhere else."

34 Volgens Gilbert (1991:126) 'n "Welsh stick-back chair". Bebb (2007:46-48) noem dit net "Welsh stick chair", hoewel hy duidelik na dieselfde stoeltipe verwys. Bebb (2007:46) wys drie- en vierpoot Walliese stokrugstoele en stel dat "[...] many being in effect stools with a simple back support."

35 Die verwysing na Windsor-stoele word hier in die algemene begrip vir dié term bedoel, soos Knell (1992:125) verduidelik: "Today, 'Windsor' is a generic term for any chair which has both the legs and the uprights wedged into holes bored in a slab seat". In haar bespreking van die oorsprong van Windsor-stoele meld Filbee (1977:73) Walliese stoele en voeg by: "It is easy to see how such a chair could have developed from the universally used three-legged stool".

In sy omvattende werk oor Vlaamse volkshuisraad noem Weyns<sup>36</sup> nie melkery direk nie, maar impliseer tog die verband deur terme soos ‘melkstoeltje’, maar ook ‘kuistoel’ en ‘koestoel’.<sup>37</sup> Onder die afdeling getiteld “Wijze van zitten en van het houden van den emmer” in die Nederlandse handleiding *Over het melken en de behandeling der melk* word beide die ‘melkblok’ en ‘melkstoeltje’ genoem. Die melker se sitposisie word as volg beskryf:

*Als de melker zóó ver gevorderd is, gaat hij aan de rechterzijde van de koe zitten op het melkblok of melkstoeltje, dat van behoorlijke hoogte dient te zijn, en voorzien van een flink handvat; de emmer wordt ter voorkoming van melkverlies schuin tusschen de knieën gehouden, en zóó geplaatst, dat het laagste gedeelte van den rand op het achter-stuk van de rechter-klomp rust.*<sup>38</sup>

Net sommige bronne<sup>39</sup> oor Engelse meubels noem melkery te midde van heelwat ander gebruike vir stoeltjies. Die gebruik van ‘n sitmeubel deur die melker word wel duidelik beskryf in die Engelse landbougeskiedenis.<sup>40</sup> Ingram<sup>41</sup> gee ‘n beskrywing van hoe die melkmeisie (**figuur 4.18**) dit gebruik en verduidelik verder:

*Milking stools were normally three-legged, to give them stability on uneven ground. About 12 inches in height, they were round, hexagonal, octagonal or half-octagonal with one long straight edge, depending on the favoured local design. They were carved from a solid piece of elm, normally about 1½ thick, into which the three legs approximately 1½ inches in diameter, normally of ash or hazel, were tenoned and secured with a wooden wedge. Rectangular stools with four legs were also used, as were stools with a single support. The method of construction was the same as for the three-legged type. In Wiltshire, where the single-legged stool was used, the other types were derisively referred to as ‘lazy-legged stools’.*<sup>42</sup>

In die Verenigde State van Amerika is die gebruik vir melkery bekend: die tydskrif *Illinois country living*<sup>43</sup> gee ‘n beknopte en populêre oorsig van dié gebruik. Dit is ook opmerklik hoeveel patente<sup>44</sup> vir die verbetering van die melkstoeltjie (dikwels met ‘n plint vir die melkemmer) hier tydens die negentiende en vroeg twintigste eeu geregistreer is.

Volgens Gebhard<sup>45</sup> is klein drie- en vierpoot ‘Schemels’ gebruik vir melkery in streke van Duitsland en is veral die enkelpoot-melkstoeltjie meer bekend in die Alpe-streek en in Switserland. In sy opmerkings oor die melkstoeltjie in Duitsland verklaar hy verder dat die melkstoeltjie een van die belangrikste meubels met eenvoudige tapvoegkonstruksie<sup>46</sup> van Europa is.

Dit is duidelik dat die term in Europa en Amerika in algemene gebruik was.

36 Weyns (1974:167, 168)

37 Streeksname, beide letterlik ‘koeistoel’.

38 Scheij & Eriks (1913:10)

39 Knell (1992) meld glad nie die verband nie. Gilbert (1991:2, 17, 89) beskryf nie die assosiasie met melkery direk nie, maar verwys tog enkele kere na ‘milking stool’. Filbee (1977:159) stel wel dat “Such [three-legged] stools include the traditional milking stool”.

40 Weller (1982:119); Wright ([S.a.]:24). Kinmonth (1993:34) stel verder dat: “[...] the common assumption that three-legged stools were called milking stools is more appropriate to England than Ireland.”

41 Ingram (1987:6-7)


42 Ingram (1987:7)

43 Two-hundred milking stools and counting (1996:6-7)

44 Kyk byvoorbeeld United States Patent and Trademark Office (2007).

45 Gebhard (1969:23, 78)

46 Gebhard (1969:78): “Die Melkstühle gehören zu den wichtigsten Primitivmöbeln Europas.”



**FIGURE 4.18, 4.19**

**4.18** Detail uit *Charming Milkmaid* (1936); die byskrif lees: “Miss K N Lewis, winner of the ‘Dairymaid Charm’ competition at the London Dairy Show, returns to work at her farm home in Bankyfelin, Carmarthen. The cow is decked with garlands of flowers won by Miss Lewis at the show.” (© Richards / Fox Photos / Getty Images) (Viewimages 2007:3166515)

**4.19** Detail uit ongetitelde tekening (1921) deur Erich Mayer (1876-1960), NKM item HC 7014-175 (© NKM)

In enkele gevalle meld Suid-Afrikaanse outeurs die verband met melkery: ‘n toneel in ‘n koeistal word beskryf in André P. Brink (1935-) se roman *Gerugte van reën* (1978) waarin verwys word na ‘n “lae melkstoeltjie” en dat dit, soos ‘n emmer, rondgedra<sup>47</sup> word. In die skets, *Toesig hou by die melkery*, beskryf Deon Knobel hoe hy melkery uit sy kinderdae<sup>48</sup> onthou en noem:

Elke melker het sy eie melkstoeltjie gehad waarop gehurksit is, die regterskouer effens onder die koei ingeskuif en teen haar vasgedruk om die melker se liggaam te stabiliseer en die nodige vastigheid te gee vir die krag wat tog nodig was om die dik melkstrale uit te melk met ‘n knyptrekbeweging tussen duim en voorvinger.<sup>49</sup>

Knobel verklaar wel op navraag dat die melkstoeltjie waarna hy verwys nie soseer ‘n meubelstuk was nie: “Soos ek onthou was dit meestal omgekeerde ou 5 of tien gelling blikke, ek dink dalk ghriesblikke met handvatsels waarop hulle gesit het.”<sup>50</sup> Dit skyn ooreen te kom met ‘n tekening van ‘n plaastoneel (**figuur 4.19**) deur Erich Mayer (1876-1960). Hoewel Mayer bekend is vir sy betroubare dokumentasie<sup>51</sup> van die plattelandse lewe in veral die vroeg twintigste eeu, is dit nie duidelik waarop die melker in hierdie geval sit nie. Die silindervorm kan ‘n stomp (of dus melkblok) wees, maar die artikulering van die omtrek aan die onderkant van die sitding kan maklik ‘n omgekeerde drom of blik met draadhandvat suggereer, soos Knobel dit beskryf.

Dit kom dus voor of die woord melkstoeltjie nie uitsluitlik na ‘n stoeltjie, dit is ‘n gemaakte meubelstuk met blad en pote, verwys nie, maar na enige sitding wat deur die melker gebruik is.

47 Brink (1984:207): “Hy bring ‘n emmer en ‘n melkstoeltjie en hou vir my die dubbin dat ek die spene kan smeer.” Hierdie sin word ook as verwysing vir ‘melkstoeltjie’ gebruik in die WAT (2007).

48 Volgens Stellenbosch Writers (2007) is Deon Knobel in 1939 gebore in Bethlehem, Vrystaat.. Hy het hier grootgeword op die familieplaas.

49 Knobel (2007)

50 Knobel, D. ([knobel@icon.co.za](mailto:knobel@icon.co.za)). Melkstoeltjie. *E-pos aan*: Botes, N. ([nico.botes@up.ac.za](mailto:nico.botes@up.ac.za)), 22 Desember 2007.

51 Basson (2003:69, 78-81); Olivier (1980:103-134); Hörstmann (1984:19-20)



Bremer Gericke, tussen 1963 en 1970 melker en melkman van Die Bof, George, onthou 'n melkstoeltjie (wat hy alternatiewelik 'n melkblokkie noem) as 'n houtblok met 'n hingsel waarop die melker sit. Die blok se grootte moes gemaklik wees om op te sit, ongeveer 200 tot 260mm in deursnit en 250 tot 320mm hoog. Hy skryf ook:

Hout: Verkieklik hardhout, gewoonlik bloekom in George-omgewing. Die hout is nie behandel teen bederf nie, dit het 'n natuurlike behandeling gekry van melksalf (speensalf) wat gereeld daaraan afgegee is deur die melker om van oortollige salf ontslae te raak ... en nog meer natuurlik, koeimis wat soms die wêreld vol spat! Die bas van die blokkie is afgemaak = ontbas, gebas, afgebas.

Hingsel: Om die blokkie gemaklik te verskuif van koei tot koei. Twee kramme is weerskante van die blokkie ingeslaan, effens skuins dat hout nie bars nie, ± 6 cm van bokant van blokkie. Die draadhingsel is aan die kramme vasgedraai, gewoonlik binddraad (soms selfs baaldraad).<sup>52</sup>

Die hantering van 'n melkstoeltjie, veral hoe gemaklik dit sonder 'n handvat<sup>53</sup> of hingsel gedra word, word verduidelik in romantiese skilderye van die negentiende eeu (**figuur 4.20 en 4.21**) en fotografiese beelde van die vroeg twintigste eeu (**figuur 4.22**). Dit word aan 'n poot gedra of onder die arm geklem. Let op die ooreenkomste tussen die melkstoeltjies in hierdie uitbeeldings en dié in die studiegroep: die hoogte (en grootte), verskille in die vorm van die sitblad en die tapse pote.

Waar melkery nie gemeganiseerd is nie, word melkstoeltjies vandag steeds gebruik: 'n melkstoeltjie (**figuur 4.23**), gemaak van dennehout en met vier pote, word nog daaglik deur W.C. Mentz, 'n boer van die distrik Middelburg (Oos-Kaap) gebruik. Die melk is vir eie gebruik. Dit word 'n melkstoeltjie genoem en is een van twee wat in 1973 of 1974 gemaak is deur Dawid J. Blignaut (1912-1982), 'n oom van W.C. Mentz.<sup>54</sup>



**FIGURE 4.20, 4.21, 4.22, 4.23 (van bo na onder)**


- 4.20 Detail uit *The Milkmaid* (circa 1800) deur die Britse kunstenaar William Pearce (datums onbekend) (© Foto Rischgitz / Getty Images) (Viewimages 2007:3069978)
- 4.21 Detail uit *The Milkmaid* (1878) deur Winslow Homer (1836-1910) (© National Gallery of Art, Washington DC) (National Gallery of Art 2007)
- 4.22 Detail uit *Milkmaid* (circa 1937) (© London Express / Getty Images) (Viewimages 2007:3333347)
- 4.23 Die melkstoeltjie wat W.C. Mentz daaglik gebruik (2008) foto deur C.J. (Stoffel) Mentz

52 Beskrywing, getiteld 'Melkstoeltjie', op 24 Januarie 2008 ontvang van ds. K.B. Gericke (Woltemadestraat 15, Durbanville, 7550).

53 Kyk Scheij & Eriks (1913:10) se beskrywing vir die noodsaaklikheid van die 'handvat'.

54 Inligting in Julie 2008 ingesamel en aangeteken deur C.J. (Stoffel) Mentz (Posbus 35786, Menlopark, 0102), 'n nefie van W.C. Mentz.





**FIGURE 4.24, 4.25**

**4.24** 'n Middeleeuse kombuis uitgebeeld in die *Tacuinum Sanitatis* (versameling onbekend)<sup>55</sup> (Freedman 2007:185)

**4.25** 'n Renaissance kombuis aan die hofhouding van Este in Ferrara, houtgravure uit Christoforo di Meissisbugo se *Banchetti, composizioni di vivende e apparecchio* (1549) (© Biblioteca Casanatense) (Freedman 2007:203)

### 4.3.2 Ander gebruike

Twee voorwerpe in die studiegroep (voorwerp 9 en 11, onderskeidelik in die museale bronne, onder ander name, benoem as 'n 'krukkie'<sup>56</sup> en 'melkstoel'<sup>57</sup>) word uitgestal voor die es in die kombuis van die Pioniermuseum. Die vraag ontstaan of hierdie uitstalling geloofwaardig is, of anders gestel, kan drie- en vierpootstoeltjies verbind word met die bereiding van kos, soos een museale bron<sup>58</sup> beweer, en is enige ander funksies moontlik ter sprake?

Uitbeeldings en sommige geskrewe bronne dui wel op meervoudige gebruike, veral sedert die Middeleeue. Twee beelde wys stoeltjies, as sitmeubel, in kombuisverband: 'n veertiende-eeuse uitbeelding in die *Tacuinum Sanitatis*<sup>59</sup> wys waar afval bewerk word (**figuur 4.24**). Die vrou links op die beeld sit op 'n reghoekige stoeltjie (moontlik 'n vierpoot?) waarvan die pote met deurlooptapvoeë in die blad bevestig is. Soortgelyke stoeltjies word om die vuur gebruik in die uitbeelding van die kombuis aan die hofhouding van Este in Christoforo di Meissisbugo se seminale werk *Banchetti, composizioni di vivende e apparecchio*<sup>60</sup> van 1549 (**figuur 4.25**).

55 Die oorspronklike bron word nie in Freedman (2007) vermeld nie. Edmunds (1977:276) verwys na minstens drie ouer eksemplare van die *Tacuinum Sanitatis* in die Biblioteca Casanatense in Rome en in die nasionale biblioteke in Parys en Wene, asook twee ander wat bewaar word in Liège en Rouen.

56 Voorwerpkaart vir NKM item HG 10666

57 NKM item HG 13581 in die Historiese Grootboek, volume 14.

58 Voorwerpkaart vir NKM item HG 10666: "Blykbaar is daar vleis op gekap."

59 Volgens Woolgar in Freedman (2007:184) se byskrif is die *Tacuinum Sanitatis* is 'n Middeleeuse handboek oor gesondheid wat verskeie aspekte van voeding dek. Edmunds (1977:276) verduidelik verder: "The text, a Latin translation of an 11th-century Arabic treatise, is an amalgam of classical medicine, Arabic medicine, and folk knowledge. [...] The new pictorial formulations represent [...] an important stage in the development of realistic imagery [...]."


60 Cowan in Freedman (2007:203). Meissisbugo – of Messisbugo, volgens Strong (2002) – was hofmeester van Este. Sy boek beskryf in detail die omvang van voorbereidings vir 'n feesmaal, van die kos en taferversierings tot musiek en ander vermaak; kyk Strong (2002:129-135).





**FIGUUR 4.26** Die onder-, bo- en sykante van 'n "Antique primitive folk art painted milking stool", in 2008 op die webwerf van Ruby Lane, Inc. te koop aangebied; let op die diep snyhale onder die blad en die snymerke bo-op (© Ruby Lane Inc.) (Ruby Lane 2008)

Beelde van 'n stoeltjie wat, soos voorwerp 9, 10, 13 en 17 in die studiegroep, snymerke bo én onder die blad het, is gevind (**figuur 4.26**). Volgens die handelaar<sup>61</sup> dateer dit uit die negentiende eeu en is van Engeland afkomstig. Deurlooptapkonstruksie en wigkepe, in die tappe bo die blad, is duidelik sigbaar. Die handelaar se beskrywing meld nie die snymerke nie en geen verdere verduideliking word aangebied nie.



**FIGURE 4.27, 4.28**

**4.27** 'n Essehout kapblok (*chopping block*) met drie pote, laat agtiende of vroeg negentiende eeu (Powis Castle, Welshpool, Montgomeryshire) (Bebb 2007:111)

**4.28** 'n Driepootkapblok geïllustreer in 'n advertensie-omslag van 1899 vir slagtersware (La Posta Publications 2006:#3)

Twee bronne dui wel daarop dat kapblokke met drie pote bestaan: Bebb<sup>62</sup> publiseer, saam met foto's van ander stoeltjies, so 'n kapblok uit Wallis (**figuur 4.27**). Die pote is rof afgewerk, soos dié van die voorwerpe in die studiegroep, en die blad kom besonder dik voor, het 'n onreëlmatige vorm en handvatsels. Die tweede uitbeelding (**figuur 4.28**) kom voor op 'n advertensie-omslag van 1899 vir 'n maatskappy wat slagtersware in die Verenigde State van Amerika verkoop. In die illustrasie kom hierdie snyblok presies rond voor en die profilering onder om die diep blad en op die pote dui daarop dat dit moontlik masjiengemaak is. Hoewel die grootte van hierdie twee voorwerpe nie uit die beelde bepaal kan word nie, is dit redelik seker dat minstens die bovlakke van die blaaië bedoel was om op te sny. Dit is ook duidelik dat die stewigheid van drie pote – in die snyblad bevestig met blinde tapvoeë – beide geskik maak as voorwerpe om te sny of vleis te kap.

61 Ruby Lane (2008). Uit die mates wat die handelaar verskaf – 'n hoogte van 8¼" (210mm) en die sitting as 9¾ x 6½ x 1½" (248 x 165 x 38mm) – blyk dit dat die voorwerp kleiner is as voorwerp 15, een van die kleiner voorwerpe in die studiegroep.

62 Bebb (2007:111)



**FIGURE 4.29, 4.30, 4.31**

- 4.29** Detail uit *De magere Keuken* (1563), gravure deur Pieter van der Heyden na die oorspronklike van Bruegel (versameling onbekend) (De eeuw van Joos De Rijke 2007)
- 4.30** Detail uit *De Alchimist* (1558) van Bruegel (c1525–1569) (Staatliche Museen zu Berlin, Kupferstichkabinett) (Metropolitan Museum of Art 2007)
- 4.31** Detail uit *Ezel op School* (1556) van Bruegel (c1525–1569) (Staatliche Museen zu Berlin, Kupferstichkabinett) (Claessens & Rousseau 1981:118)

In die werk van Pieter Bruegel die *Ouere* (c1525–1569) word die gebruik van eenvoudige sitmeubels in verskeie verbande geïllustreer. So word 'n stoeltjie, bankies en 'n driehoekige *schamel* uitgebeeld in sy werk *Boerenbruiloft* (1568).<sup>63</sup> Twee ander werke wys ronde driepootstoeltjies geplaas en gebruik voor 'n vuurherd of soortgelyke werkplek: *De magere Keuken* (1563)<sup>64</sup> (**figuur 4.29**) en *De Alchimist* (1558)<sup>65</sup> (**figuur 4.30**). In die satiriese *Ezel op School* (1556)<sup>66</sup> (**figuur 4.31**) staan 'n reghoekige stoeltjie met vier pote in die middel van die klaskamer sodat die geheel daarvan duidelik is. Soos die twee bankies (links in die beeld), is die stoeltjie se deurlooptapvoeë duidelik bo die sitblad sigbaar, 'n kenmerk wat ook in die studiegroep voorkom.

Knell bevestig dat lae stoeltjies deur kinders gebruik is en meld ook verskeie ander gebruike in Engeland:

*Stools have been referred to as 'crickets', or sometimes 'crackets', particularly in the north, at least since the 17th century. At that time, the term appears to have been mostly used to describe very low stools (of varying forms of construction) which served for such uses as children's stools, footstools and, apparently (from contemporary references), as platforms to stand on when making a speech.*<sup>67</sup>

Hierdie stelling word in die breë ondersteun deur beelde uit dieselfde gebied: Arthur Hopkins (1848-1930) illustreer 'n driepootstoeltjie as sitmeubel in die toneel *The reddleman re-reads an old love letter* uit Thomas Hardy (1840-1928) se roman *The return of the Native*.<sup>68</sup>

63 Claessens & Rousseau (1981:238)

64 Kyk die bespreking van Bruegel se '*De magere Keuken*' in Weyns (1974:168), asook in De eeuw van Joos De Rijke (2007) en Marijnissen & Seidel (1984:69-70).


65 Marijnissen & Seidel (1984:61-62)

66 Bagley (1984:357-378) gee 'n breedvoerige bespreking van die kunswerk en die betekenis daarvan uit 'n opvoedkundige perspektief.

67 Knell (1992:66)

68 *The return of the Native* het aanvanklik as vervolghoofstuk verskyn in *Belgravia, a Magazine of Fashion and Amusement*. Hopkins se illustrasie van *The reddleman re-reads an old love letter* is op die titelblad van *Belgravia* 35 (Maart 1878) gepubliseer (Allingham 2000).





**FIGURE 4.32, 4.33**

4.32 Detail uit *The reddleman re-reads an old love letter* (1878) deur Arthur Hopkins (1848-1930) (Allingham 2000)

4.33 Detail uit 'n afbeelding van 'n vissershuis op die eiland Man (1881) (*Illustrated London News*) (Gilbert 1991:49)

Die illustrasie (**figuur 4.32**) beeld die volgende teks uit: “*He sat down on a three-legged milking stool that formed the only seat in the van, and, examining his packet by the light of the candle, took thence an old letter and spread it open.*” Volgens die kommentator Philip Allingham is Hopkins se illustrasie in noue oorstemming met Hardy se teks en is dit moontlik die produk van briefwisseling tussen kunstenaar en skrywer.<sup>69</sup> Dit is opmerklik dat die roman in 'n landelike milieu afspeel en dat die stoeltjie voorkom in 'n wa wat as woon- en werkplek dien vir die gebruiker, wat 'n arbeidersbestaan voer.

Die beeld van die interieur van 'n vissershuis op die eiland Man uit die *Illustrated London News* van 1881<sup>70</sup> (**figuur 4.33**) wys eenvoudige meubels (die stoeltjie met vier pote voor die es en die tafel regs daarvan) saam met meer ontwikkelde stoelvorms. Die stoeltjie se sitblad het 'n onreëlmatige vorm en die pote skyn stokkerig en redelik onafgewerk te wees, soos heelwat van die voorwerpe in die studiegroep. Deurlooptapvoeë is ook sigbaar bo die blad en dit is opmerklik dat die stoeltjie voor 'n kaggel of vuurherd staan.

Buiten as sitmeubel word eenvoudige driepootkonstruksies ook uitgebeeld waar dit gebruik word as 'n tafel, veral 'n ongekunstelde driepoottafel wat ook bekend staan as 'n ‘*cricket table*’,<sup>71</sup> ‘*tavern table*’<sup>72</sup> of ‘*drinking table*’.<sup>73</sup> Gilbert beskryf so 'n tafel, waarvan die pootkoppe duidelik bo die blad sigaar is, in George Morland (1763-1804) se ‘*Inside of a Country Alehouse*’ (1797) (**figuur 4.34**) as “*constructed like a slab-top milking stool*”.<sup>74</sup>

69 Allingham (2004)

70 Gilbert (1991:49)

71 Gloag (1969:274); Knell (1992:66); Filbee (1977:168)

72 Filbee (1977:175): “*Small tables are found in country inns in all shapes and sizes. In America many small tables are known as ‘tavern tables’. They were useful for providing a table, quickly and easily, wherever the customer was sitting.*”

73 Gilbert (1991:89) verwys eerder na ‘*drinking-table*’ en verduidelik: “*There is no contemporary evidence that they were ever called ‘cricket’ tables – a term favoured by dealers and collectors.*”

74 Gilbert (1991:89)



**FIGURE 4.34, 4.35**

- 4.34 Detail uit *Inside of a Country Alehouse* (1797) in 1800 gepubliseer deur Ward & Co na die oorspronklike van George Morland (1763-1804) (Christie's) (Sterling Times 2007)
- 4.35 Detail uit *Snuffing out Boney* (1814), karikatuur deur George Cruikshank (1792-1878) (Richard Vogler Cruikshank Collection) (Online Archive of California 2007)

Dit kom soortgelyks voor in twee werke van die Engelse karikaturis en illustreerder George Cruikshank (1792-1878). In *Snuffing out Boney* (1814) (**figuur 4.35**), een van Cruikshank se politieke spotprente, dien 'n driepootstoeltjie as kersekaap: 'n Kosak snuit die kers (Napoleon) met verwysing na die Franse neerlaag teen die Russe.<sup>75</sup> Die stoeltjie is duidelik bedoel om grof of handgemaak te wees – die blad se rand is oneweredig afgewerk en die tapse pote skop ongelyk na buite. Deurlooptapvoeë word geïllustreer.

In hoofstuk 46 van sir Walter Scott (1771-1832) se roman *Guy Mannering or The Astrologer*,<sup>76</sup> dien die sigeunervrou Meg Merrilies 'n maaltyd op vir dominie Sampson. In sy illustrasie hiervan – *Gape, Sinner, and swallow!* (**figuur 4.36**) – wys Cruikshank 'n kleinerige, hoë, driepoottafel wat nie in die teks voorkom nie. Die bedoeling mag wees om te verwys na 'n 'gipsy' of 'gypsy table'.<sup>77</sup>



**FIGUUR 4.36** *Gape, Sinner, and swallow!*, ets deur George Cruikshank (1792-1878) ter illustrasie van *Guy Mannering or The Astrologer* van sir Walter Scott (1771-1832) (Scott 2004)

In haar waarnemings oor die veelsydigheid van meubels in Oos-, Sentraal- en Wes-Afrika skryf Dagan: “[...] *head-rests have been used as stools; small stools are used as head-rests; a wash-table of the Senufo is also used as a stool or a table.*”<sup>78</sup>

75 Online Archive of California (2007); Schoonraad & Schoonraad (1989:12) lys George Cruikshank as een van die kunstenaars wie se politieke spotprente tydens die Napoleontiese Oorloë ondubbelsinnig pro-Brits was.

76 Scott (2004): die elektroniese uitgawe, gepubliseer deur eBooks@Adelaide, Universiteit van Adelaide Biblioteek, is ontleen aan Estes and Lauriat se connoisseur uitgawe van 1893.

77 Die Afrikaans vir *gypsy table* (ook *gypsy table*) word in Kritzinger, Schoonees & Cronjé (1981:1061) gegee as driepoottafeltjie. Kinmonth (1993:206) verklaar 'n 'gypsy table' as “A small three-legged table sold cheaply by tinkers at the roadside.”

78 Dagan (1985:5); Sieber (1980:107) meld ook dat kleiner stoeltjies van monolitiese konstruksie, veral mikke en vertakkings, in dele van Afrika ook as kopstutte dien.




#### 4.4. KONTEKS EN BETEKENIS

*Nairobi, Kenya: Mama Sarah Obama has started her journey to the US to witness the swearing-in of her grandson Barack Obama as the 44th American President. And she is not travelling empty-handed. As a grandmother, she is carrying special gifts for her grandson – a Luo traditional three-legged stool, a flywhisk and a shield, which are symbols of leadership. "I wanted to give him a spear too, but I have been told that due to security reasons, I will not be allowed to board a plane with it," Mama Sarah told The Standard.*<sup>79</sup>

Uit hierdie nuusberig word afgelei dat driepootstoeltjies in die Luo-gemeenskap van Kenia met leierskap geassosieer word.<sup>80</sup> Die konstruksie van die driepoot Luo-stoeltjie kon nie bepaal word nie. Luo-stoeltjies in Dagan<sup>81</sup> se katalogus het vier pote en is waarskynlik van monolitiese konstruksie<sup>82</sup> (**figuur 4.37**). Uit die historiese foto's in die argief van die Luo Visual History-projek kan die konstruksiemetode ook nie afgelei word nie. 'n Luo-stoeltjie met drie pote kom wel voor in hul beeldmateriaal (**figuur 4.38**); dit is opmerklik dat die stoeltjie gemaklik onder die arm geknyp-dra word, soos die uitbeeldings van die melkmeisie ook wys. Hierdie mobiliteit word verder verbeeld in 'n historiese gravure van 'n Bari-man van Soedan wat dit om sy middel dra (**figuur 4.39**).

In *African furniture and household objects*<sup>83</sup> noem Sieber nie die Luo nie. Hy meld wel dat die vroegste argeologiese bewys van die gebruik van stoeltjies, 'n grafombe in Nigerië waar die lyk van 'n belangrike persoon sittend op 'n ronde houtstoeltjie geplaas is, uit die negende eeu dateer en bespreek die rituele geassosieer met die monolitiese Ashanti-stoeltjie breedvoerig.<sup>84</sup>



**FIGURE 4.37, 4.38, 4.39 (van bo na onder)**

- 4.37** Vierpoot Luo-stoeltjies uit Kenia (Galerie Amrad Art Africain) Dagan (1985:54)
- 4.38** "[...] the man in the foreground also carries some tools including a hoe and a small stool." Luo, Nyanza Alego Siaya Gangu, Kenia (1936) foto deur Edward Evan Evans-Pritchard, Pitt Rivers Museum item 1998.349.239.1 (© Pitt Rivers Museum, Universiteit van Oxford) (Pitt Rivers Museum 2008b)
- 4.39** 'n Bari-man van Soedan met sy wapens, pyp en driepootstoeltjie (vasgemaak om sy middel), detail uit 'n gravure in eerwaarde J.G. Wood se *The Natural History of Man; being an account of the manners and customs of the uncivilized races of men* (1871) (Sieber 1980:142)

79 Olwenya (2009)

80 Dit word bevestig deur die Luo Visual History-projek van die Pitt Rivers Museum, Universiteit van Oxford. "Each Luo clan had a set of special ceremonial objects or regalia which the ruoth wore, passed down from generation to generation. These included spears (tong), a three legged stool (kom nyaluo) and an axe (le)" volgens Pitt Rivers Museum (2008a).

81 Dagan (1985:54)

82 Die vlak bladdiepte maak dit onwaarskynlik dat blinde tapvoeë gebruik is en geen tappe is bo die blad sigbaar nie.

83 Sieber (1980:108-160)

84 Sieber (1980:108)



Hy voeg by:

*Stools are associated with leadership not only among the Ashanti but for the Bunyoro of Uganda, the Rwanda, the Luba and the Kuba. In addition there are tantalizing references to royal stools in terracotta from Mali that may date from the seventeenth century and a much earlier, twelfth century reference to a thirty pound gold nugget attached to the royal throne of the Kingdom of Ghana in the western Sudan. [...] Thus archaeological evidence, early reports and more recent descriptions establish that stools play an important role in leadership regalia. It must be assumed that more mundane sorts of seating devices (leaves, mats, wooden billets or tripods) and more ordinary stools were present but were not considered noteworthy.<sup>85</sup> [My onderstreping]*

Sieber<sup>86</sup> noem nie tapvoegkonstruksie nie – sy bespreking van stoeltjies en die gepaardgaande beelde dek in besonder monolitiese konstruksies. Die katalogus-bylae in *African seats*,<sup>87</sup> waarvan Sieber mederedakteur was, bied 'n verklaring (by 'n klein foto van 'n vierpootstoeltjie met deurlooptapvoeë uit Malinke, Guinee):

*This stool consists of a seating surface into which are inserted the upper ends of four legs. It is therefore one of the very rare examples of a stool for everyday use that was not monoxylous – that is to say, carved from a single block of wood.*<sup>88</sup>



**FIGURE 4.40, 4.41, 4.42: Suid-Afrikaanse voorbeelde**

4.40 "[...] the familiar triangular Dutch stool" – Woodward se figuur 33 (1982:116-117)

4.41 "Typical three-legged stool made of proteawood" in Baraitser & Obholzer (1971:269)

4.42 "A typical three-legged milking stool made of proteawood" (Cape Chair Collection) in Baraitser & Obholzer (2004:418)

Verwysings na eenvoudige stoeltjies in Suid-Afrikaanse bronne is skaars en dikwels toevallig; meermale word nie melding gemaak van 'n spesifieke funksie of gebruikskonteks nie (**figuur 4.40, 4.41 en 4.42**). In haar studie van die Ou-Kaapse interieur tussen 1670 en 1714 verklaar Woodward:

*One expects the simplest stool to be common in the early Cape inventories but they are, instead, extremely elusive. Very occasional references such as '2ps hout e drie voet stoelen' [...] and '1 hout e 3 voets stoeltje' [...] must refer to the familiar triangular Dutch stool (Pl. 33) which at times had one of the legs extended to provide a primitive backrest. The diminutive of 'bank' seems to have been the Cape word for a square or rectangular wooden stool, as in '3 hout e bankjes en 1 stoof', [...] but even the 'bankje' was not a common piece of furniture in the early Cape.*<sup>89</sup>

85 Sieber (1980:125)

86 Sieber (1980:128)

87 Bocola (1995); waar Bocola die redakteur van die boek was, word Sieber en Homberger erken as mederedakteurs van die uitstalling se katalogus – kyk Bocola (1995:194-195). Sieber se essay – 'African furniture between tradition and colonization' – verskyn in dieselfde werk, kyk Bocola (1995:31-37).

88 Bocola (1995:171)

89 Woodward (1982:119-120). Die tweede sin in hierdie teks en die illustrasie wat Woodward daarby aanbied (**figuur 4.40**) maak skynbaar die aanname dat 'drie voet stoelen' en '3 voets stoeltje' moontlik slegs verwys na die 'driehoekige schamel' (Weyns (1974:168) se term). Hoewel nie onmoontlik nie, is dit onseker of hierdie die enigste meubelvorm is waarna Woodward se argivale bron kan verwys.



**FIGURE 4.43, 4.44, 4.45**

- 4.43 *A She Bush Man* (1835) deur Henry Butler (datums onbekend) (Africana Museum 52/653) (Kennedy 1966:241)  
 4.44 *Hottentot bivouac, near Port Elizabeth* (1850?) gravure deur E.V. Campbell na die oorspronklike tekening deur H. Boddington (datums onbekend) (Napier 1850:432)  
 4.45 *The Blind Effects of Love - Cartoon* [S.a.] deur Frederick Timpson l'Ons (1802-1887) (Africana Museum) (Kennedy 1967b:179)

Enkele Suid-Afrikaanse uitbeeldings waarin eenvoudige stoeltjies voorkom is opgespoor. Uitbeeldings uit veral die negentiende eeu gaan mank aan meegaande of verduidelikende inligting. In Henry Butler<sup>90</sup> se tekening *A She Bush Man* (1835) (**figuur 4.43**) kom daar toevallig 'n driepootstoeltjie en kalbas voor. Die tekening is van 'n binneruimte (moontlik 'n kombuis) en kan, in vergelyking met Butler se ander werk, 'n geloofwaardige sketsbeskrywing wees, hoewel dit onseker is waar aan die Kaap dit gemaak is. In die gravure *Hottentot bivouac, near Port Elizabeth*<sup>91</sup> (**figuur 4.44**) word 'n lae stoeltjie buite 'n tydelike soldateskuiling<sup>92</sup> uitgebeeld. Min detail is sigbaar, maar twee pote en 'n sitting kan duidelik uitgemaak word en dit het geen leuning nie.

Driepootstoeltjies kom dikwels in Suid-Afrikaanse spotprente van die negentiende en twintigste eeu voor. Karikature en politieke spotprente vereis dat die kunstenaar sy bedoeling oortuigend moet oordra:

Hy praat met die massa, wat bowenal duidelikheid en verstaanbaarheid vra. Sodra die mense begin wonder wat sy prente nou eintlik beteken, is hy, anders as baie van sy meer verhewe broeders van die beeldende kunste, op pad na verwerping. Nee, hy moet binne die verwysingsveld van sy publiek bly: die gemene deler van hulle kennis, ervaring en emosies stel paal en perk aan sy kuns.<sup>93</sup>

Daar is 'n driepootstoeltjie of -tafel, met 'n koppie daarop, in die prent *The Blind Effects of Love* (ongedateer) (**figuur 4.45**), deur die kunstenaar Frederick Timpson l'Ons<sup>94</sup> (1802-1887). Dit is moontlik dat 'n karige bestaan doelbewus in die sedepreek<sup>95</sup> verbeeld word deur die enkele nederige meubels (en die siek kind).

90 Volgens Kennedy (1966:241-242) is min oor Butler bekend buiten dat hy 'n Britse offisier was wat die Kaap tussen 1835 en 1839 besoek het. Sy reise hier is illustreer in vyf volumes in die versameling van die Africana Museum, Johannesburg. Butler se ander werk – landskappe, natuurtonele, figuurstudies en uitbeeldings van die landelike lewe – bevat heelwat detail. Kyk ook Schoonraad & Schoonraad (1983:31-32).

91 E.V.Campbell se gravure in Napier (1850:432) se onderskrif lees "*From the Original Sketch, by H Boddington*"; kyk ook Kennedy (1976:N8).

92 Napier skryf op 12 Februarie 1847 by Port Elizabeth dat Kaptein Hogg se Swellendamse "*Native Levy*" (Khoi-Khoi-troepe) geen skuiling kon vind nie. "*In the mean time the poor fellows are lying out in the market-place without other coverings save their blankets. It rained yesterday very heavily, when they adopted the expedient of creeping into a number of empty commissariat casks; [...]*" (Napier 1850:431).

93 Prof P.J. Cillié aangehaal uit sy voorwoord tot Schoonraad & Schoonraad (1983:Voorwoord).

94 Volgens Schoonraad & Schoonraad (1989:175-177) was l'Ons se werk van wisselvallige gehalte en sy karikature soms lasterlik; hy was meer bekend vir sy landskaptonele en portrette – kyk byvoorbeeld die groot aantal portret- en figuurstudies in Kennedy (1967b:166-198).

95 Kennedy (1967b:179) verskaf 'n verklaring: "*Depicts a Native woman holding a vomiting half-caste(?) child, while a European(?) man sits smoking his pipe. Below is written: Children the blind effects of love and chance Bear from their birth, the impression of a slave.*"




FIGURE 4.46 (a, b), 4.47

- 4.46 (a) *Political proverbs no. 7. There's many a slip 'twixt the cup and the lip* (1914) Herbert Wood MacKinney (1881-1953) (Africana Museum 47/240A) (Kennedy 1968:5) (b) Detail uit *Political proverbs no. 7*: die kritiese punt waar net een van die drie pote meegee
- 4.47 Ongetitelde spotprent (27 Mei 1978) deur Victor Ivanoff (1909-1995) (*The Citizen*) (Schoonraad & Schoonraad 1983:109)

Die satiriese blik van Herbert Wood MacKinney (1881-1953), 'n argitek<sup>96</sup> en kunstenaar<sup>97</sup> wat in die eerste helfte van die twintigste eeu in Suid-Afrika gewerk het, op die politieke landskap in die dekade na Uniewording leun sterk op die raak uitbeelding van individue en insidente. Die nominasie van 'n buitestaander as kandidaat van die Unionistiese Party in die Liesbeek-tussenverkiesing van 1914 is sonder genade deur MacKinney uitgebuif<sup>98</sup> (figuur 4.46):

Een so 'n voorbeeld is 'n spotprent wat in 1914 gepubliseer is, waarin 'n diensmeisie ('Unionist Party') op 'n lendelam stoeltjie ('Barlow Nomination') staan, terwyl sy 'n koppie ('Liesbeek Seat') van 'n hoë kosrak probeer afhaal. Die opskrif lees: *Political proverbs no. 7. There's many a slip 'twixt the cup and the lip*. Mnr. Barlow was as 'n Vrystater onaanvaarbaar en het boonop die verkiesing verloor. MacKinney gebruik dikwels in sy spotprente grepe uit die Engelse literatuur, byvoorbeeld uit *Alice in Wonderland*, of verse deur Robert Burns, of bekende idioome.<sup>99</sup>

Die gebruik van 'n stoeltjie as kritiese spil in MacKinney se prent hou verband met die gesamentlike stabiliteit van drie pote. By nadere ondersoek kom dit voor of net die een poot van die stoeltjie uit posisie kantel, wat natuurlik die hele stoeltjie – en die persoon daarop – laat wankel. 'n Soortgelyke verwysing kom voor in Victor Ivanoff<sup>100</sup> (1909-1995) se vertolking (figuur 4.47) van die einde van 'n ooreenkoms tussen die Britse Liberale Party en die Arbeiderregering in 1978. Die een poot van die driepootstoeltjie waarop die Premier, James Callaghan, sit, word deur die leier van die Liberale Party onder hom uitgetrek. Die spotprent vries die oomblik voor sy val,<sup>101</sup> wat finaal eers 'n jaar later sou kom toe Margaret Thatcher se Konserwatiewe Party aan bewind sou kom. Links in die prent hou Thatcher selftevrede haar driepoot veilig in die lug. Die akkurate karakterisering<sup>102</sup> en selfs profetiese opsomming van die politieke verloop is opvallend.

96 Volgens Schoonraad & Schoonraad (1983:147) is MacKinney in Londen gebore en het hy daar argitektuur studeer. Na sy koms na Suid-Afrika was hy vir 'n tydperk voltyds in diens van die Departement Publieke Werke in die Oranje Vrystaat en Transvaal.

97 Schoonraad & Schoonraad (1983:147); kyk ook Kennedy (1968:3-7).

98 Kyk ook MacKinney se *Will it stand the Strain* en *The Barlow Bags* (Kennedy 1968:5-6) wat ook met die kandidaatskap vir die Liesbeek-setel spot.


99 Schoonraad & Schoonraad (1983:148). Dit is opmerklik dat Schoonraad & Schoonraad in hul Afrikaanse teks verwys na 'n "lendelam stoeltjie", terwyl hul bygewerkte Engelstalige publikasie (1989:230) dit verkeerdlik vertaal as "a rickety chair". Kennedy (1968:5) verwys wel korrek na "a rickety stool".

100 Schoonraad & Schoonraad (1983:109)

101 Die prent op 27 Mei 1978 in *The Citizen* (Schoonraad & Schoonraad 1983:109) gedruk, twee dae na die sogenaamde *Lib-Lab*-pakt beëindig is. Thatcher sou eers bykans 'n jaar later, op 4 Mei 1979, aan bewind kom (Margaret Thatcher Foundation 2008).

102 Schoonraad & Schoonraad (1983:110) skryf ondermeer oor Ivanoff: "Hy glo dat die geheim van 'n suksesvolle politieke spotprent daarin lê dat dit so eenvoudig moontlik moet wees en só humoristies, dat selfs die opponent daarvoor kan lag. [...] Sy geestige idees word verbeeld deur 'n talentvolle en vloeiende tekenvermoë, waarmee hy ook treffende gelykenisse verkry."



**FIGURE 4.48, 4.49**

4.48 *Smuts indicts Ministers* (1925) deur D.C. Boonzaier (1865-1950) gepubliseer in *Die Burger* van 21 Maart 1925 (Africana Museum 47/207F) (Kennedy 1966:196)

4.49 *Siamese Twins* (1946) deur M. Centner (1908-?) (Africana Museum item 47/209F) (Kennedy 1967a:29)

Stoeltjies kom voor in twee spotprente wat kommentaar lewer op Generaal J.C. Smuts (1870-1950) se rol in die politiek. In die eerste (**figuur 4.48**) buk Smuts, die vorige Eerste Minister voorgestel as skoolseun, oor 'n driepootstoeltjie vir 'n loesing deur die onderwyser (D.F. Malan, Minister van Onderwys<sup>103</sup>) terwyl ander 'skoolseuns' toekyk.<sup>104</sup> In dié prent van D. C. Boonzaier<sup>105</sup> (1865-1950) is ooreenkomste in die tema te vind met Bruegel se *Ezel op School* (**figuur 4.31**). In die ander prent, Manny Centner (1908-?) se *Siamese Twins*<sup>106</sup> (**figuur 4.49**) van 1946, sit Smuts<sup>107</sup> op 'n lae bankie of stoeltjie waarvan tappe bo die blad sigbaar is.

In kinderlektuur word beeld en teks kennelik verweef in die geheel wat aan die leser of kyker oorgedra word. Die Afrikaanse voorbeelde wat hier bespreek word is op die jonger selfleser gerig. Vignettes lei die rypies of fabels in of vul dit aan. In hierdie genre het die kunstenaar meer vryheid as byvoorbeeld in die politieke spotprent of strookprent, hoewel soortgelyke helderheid verlang word om die stemming te ontsluit. Meubels is hier van belang slegs in soverre dit tot die geheelbeeld bydra en die bedoeling oordra of verryk. Dat eenvoudige stoeltjies – meestal nie in die konteks van 'n melkstal nie – wel in Afrikaanse kinderlektuur verbeeld word, of eerder tot vroeg in die 1960's verbeeld is, is dus van belang. Dit spreek tot die algemene ideewêreld, en natuurlik dié van die kunstenaar.

103 Volgens Muller (1987:419-120) was Malan se portefeulje Minister van Binnelandse Sake, Volksgegesondheid en Onderwys.

104 Dit word verklaar met die onderskrif wat in *Die Burger* saam met die prent publiseer is: "Na die verpletterende beskuldigings wat dr. Malan in die debat oor die Staatsdienskommissie teen die vorige Regering uitgebring het oor hul politiek van baantjies vir boeties, vat die Cape Times sy mening oor die debat saam in 'n plakkaat: 'Smuts indicts Ministers' (Smuts beskuldig Ministers.)" (Kennedy 1966:197).

105 Boonzaier was, volgens Schoonraad & Schoonraad (1983:23), 'n kritikus van Smuts; die tekening verskyn in *Die Burger* van 21 Maart 1925, waarvan Malan tot die vorige jaar, volgens Giliomee (2003:326), die redakteur was.

106 Volgens Kennedy (1967a:29) is *Siamese Twins* gepubliseer in die *Sunday Express* van 31 Maart 1946.

107 Kennedy (1967a:29) verklaar as volg: "The 'United Party' (General Smuts) nurses the 'Indian Bill' with the Siamese Twins 'Franchise' and 'Segregation'. Approaching with a saw are 'Nats' (Dr. Malan), 'Dominionites' (Col. Stallard) and 'Labour' (Mr. Madeley). The 'Native Repr.' (Mrs. Ballinger?) scorns them all. Dr. Malan and Col. Stallard wished to divide the Asiatic Land Tenure and Indian Representation Bill into two."

**FIGURE 4.50, 4.51, 4.52, 3.53, 4.54 (van bo na onder)**

- 4.50 *Die Weduwee en die Wind* (Israel) deur E. Hatchuel (datums onbekend) Deel 1 van Albertyn & Spies (1962?:29)
- 4.51 *Die Kat van Tante Odette* (Kanada) onderteken E.H. (E. Hatchuel?) Deel 1 van Albertyn & Spies (1962?:93)
- 4.52 *'n Slegte Stad word Verwoes* (Griekeland) deur E. Hatchuel (datums onbekend) Deel 2 van Albertyn & Spies (1962?:62)
- 4.53 *Slimmer as die Duiwel* (Nederland) (kunstenaar onbekend) Deel 6 van Albertyn & Spies (1962?:38)
- 4.54 *Die Broer wat te Slim was* (Pakistan) (kunstenaar onbekend) Deel 5 van Albertyn & Spies (1962?:189)

In *Kinders van die Wêreld*<sup>108</sup> is vyf illustrasies waarin drie- en vierpootstoeltjies voorkom. Die reeks stel die lewe van kinders in verskillende lande aan die jong leser bekend, gee 'n beknopte geskiedenis en publiseer stories en fabels van die lande, wat elk met 'n swart-en-wit tekening bo die titel ingelei word. Outeurs word meermale voorin elke boek gelys<sup>109</sup> en teksbronne vir sommige<sup>110</sup> stories word vermeld. Die tekeninge is dikwels sonder aanduiding van kunstenaar, hoewel die "tekenaars" voorin elke volume gelys word.<sup>111</sup>

In die eerste twee volumes verskyn drie tekeninge deur E. Hatchuel waarin stoeltjies voorkom<sup>112</sup> (**figure 4.50, 4.51 en 4.52**). Vir die twee ander beelde (**figure 4.53, 4.54**) is daar geen aanduiding van wie die kunstenaar<sup>113</sup> was nie. Geen verwysing na 'n spesifieke stoeltjie of melkstoeltjie kom in die teks van enige van die stories voor nie; dit is wel duidelik dat al vyf verhale handel oor die skamele bestaan van plattelanders en hul geldnood. In net een geval, *Die Broer wat te Slim was*, is melkery enigszins ter sprake.

108 Albertyn & Spies (1962?); die enigste aanduiding van die jaartal is die datum (7 September 1962) onder die voorwoord (deur J. de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap) gedruk in Deel 1. Te oordeel aan klein verskille in die setwerk van veral die skut- en titelblad het al agt dele waarskynlik nie gelyk verskyn nie. Die Afrikaanse Kultureel Almanak van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (1980:345) gee wel die aanvanklike datum van publikasie as 1962.

109 Daar is uitsonderings, soos *Die Weduwee en die Wind*, 'n verhaal van Israel deur Yitzhak Leib Peretz (Deel 1:29).

110 Die skutblaaie van Deel 3, 4, 5 en 8 vermeld bronne vir sommige verhale, groepeer volgens land.

111 Die kunstenaars wissel, soos die redaksionele medewerkers, per volume. Daar kan bespiegel word dat die kunstenaars beïnvloed kon wees deur afbeeldings in die teksbronne. Geen teksbronne word egter gelys vir die stories waarby die stoeltjies geïllustreer word nie.

112 *Die Weduwee en die Wind* onderteken E. Hatchuel (Deel 1:29); *Die Kat van Tante Odette* onderteken E.H. (Deel 1:93); *'n Slegte Stad word Verwoes* onderteken E. Hatchuel (Deel 2:62).

113 *Die Broer wat te Slim was* (Deel 5:189) en *Slimmer as die Duiwel* (Deel 6:38); die "tekenaars" gelys in Deel 5 en 6 is Joy Collier, Dorothy M. Hill, E. Toussaint van Hove, Ern. H. Gregoire en Mark Storm (slegs in Deel 6).







FIGUUR 4.55 Illustrasie vir *Die Klaarmaak* (1934) deur A.R. (Anna Rothman?) (M.E.R. 1975:23)

Die stoeltjie maak weer 'n verskyning in M.E.R.<sup>114</sup> se rympiebundel *Karliën en Kandas*.<sup>115</sup> Die illustrasie (figuur 4.55) deur A.R.<sup>116</sup> wys 'n buitetonel en vergesel die kinderrympie *Die Klaarmaak*:

“Wat kan ons maak om geld te verdien,  
om geld te verdien?”  
sê Kandas vir Karliën.

“As ek tog 'n oulap kry, hou ek hom vas,  
ek hou hom so vas,”  
sê Karliën vir Kandas.

“Ek sal 'n trippens kry, dit sal jy sien,  
dit sal jy sien,”  
sê Kandas vir Karliën.

“As ons tog maar net by die motorpas was  
om die hek op te pas!”  
sê Karliën vir Kandas.  
“Maar as is net as!”  
sê Karliën vir Kandas.

Voor die huise se deur sit die twee so en sug  
en Mame kreun binne van steek in die rug.  
Op die graswerf kom jongvolk al lank bymekaar  
om te sing vir die klops – want dis haas Nuwejaar;  
en die kleinvolkies sing al, en speel al, en klap,  
en dis wat hulle sing, met geswaai en getrap:

“O, die borde, borde rys, rys!  
En die stukke, stukke vleis, vleis!  
O, die borde, borde rys, rys!  
En die stukke, stukke vleis, vleis!”

M.E.R. was 'n bekende kampvegter vir armes<sup>117</sup> en het haar meermale uitgespreek oor hul welstand en opheffing. Teen hierdie agtergrond word die universele tema van die rympie – kinders wat dagdroom en hunker na dinge verbeel of ontbeer – baie reëel. In die beelde word figuursilhoeëtte meestal gebruik (soos ook

114 Maria Elizabeth Charlotte Rothman (1875-1975)

115 M.E.R. (1975:23); die eerste uitgawe van *Karliën en Kandas* het in 1934 verskyn. Die silhoeët-figure deur A.R. is duidelik herset vir die derde uitgawe van 1975, maar blyk getrou te wees aan die oorspronklike hoewel dit in sommige uitgawes in sepia en in ander volswart gedruk is.

116 Moontlik verwys A.R. na Anna Rothman, volgens Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (1980:251) M.E.R. se dogter.

117 Die skrywer het self arm grootgeword en volgens Nortje (2007:61) is die opmerklike bekommernis oor geld 'n tema wat deur haar lewensverhaal loop. Sy het 'n leidende rol gespeel in organisasies (soos die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging) wat hulle oor armes ontferm het en was as navorser betrokke by die Carnegie-ondersoek na blanke armoede (Giliomee 2003:269). Die verslae van hierdie ondersoek is in 1932 gepubliseer (Giliomee 2003:296), twee jaar voor *Karliën en Kandas*. Giliomee (2003:303) verwys ook na haar uitgesproke skryfwerk, onder andere vir *Die Burger*, en stel dat sy een van die min mense was wat twyfel oor die uitsluitlike klem op blanke armoede uitgespreek het (Giliomee 2003:303).

op die omslag) en die stoeltjie in *Die Klaarmaak* is een van min bykomstighede wat die figure van die karakters ondersteun. Die silhoeët gee net genoeg detail om die aandag te fokus op die teks, maar is, soos die rym, ryk aan plaaslike verwysings. Waar die beelde in *Kinders van die Wêreld* die onbekende ontsluit, benadruk dit hier die bekende.

Dit is nie onverwags dat melkstoeltjies voorkom in kinderverhale met beelde van die melkmeisie nie. Randolph Caldecott (1846-1886) se beelde (**figuur 4.56**) in sy prentverhaal *The Milkmaid*<sup>118</sup> is 'n voorbeeld hiervan. Die verhaal dryf die spot met 'n arm, maar ambisieuse landedelman, wat in sy soeke na 'n ryk vrou die mooi melkmeisie, dogter van 'n eenvoudige boer, teëkom wanneer sy oppad is om die koeie te gaan melk. Sy oorhaastige huweliksaanbod aan haar word teruggetrek wanneer hy agterkom dat sy nie oor 'n fortuin beskik nie.

Die simboliek van 'n eenvoudige, maar edel, plattelandse bestaan is duidelik. Die eenvoudige maar noodsaaklike melkstoeltjie (en emmer), wat herhaaldelik in die beelde voorkom, ondersteun die tema as rekwisiet en staan in kontras met die oordrewe gestileerde interieur en geartikuleerde meubelstukke van die edelman se eie huis.

**FIGUUR 4.56** Voorblad en kleurillustrasies uit *The Milkmaid* (Caldecott 2006). Die dialoog by die figure verloop soos volg:

A LADY said to her Son – a poor young SQUIRE:

"You must seek a Wife with a Fortune!"

"Where are you going, my Pretty Maid?"

"I'm going a-milking, Sir," she said.

"Shall I go with you, my Pretty Maid?"

"Oh yes, if you please, kind Sir," she said.

"What is your Father, my Pretty Maid?"

"My Father's a Farmer, Sir," she said.

"Shall I marry you, my Pretty Maid?"

"Oh thank you, kindly, Sir," she said.

"But what is your fortune, my pretty Maid?"

"My face is my fortune, Sir," she said.



"Then I can't marry you, my Pretty Maid!"

"Nobody asked you, Sir!" she said.

"Nobody asked you, Sir!" she said.

"Sir!" she said.

"Nobody asked you, Sir!" she said.



118 Caldecott (2006); die elektroniese uitgawe van *The Milkmaid*, gepubliseer deur die Project Gutenberg Literary Archive Foundation, is ontleen aan 'n ongedateerde uitgawe deur Frederick Warne and Co. Die titelblad verklaar: "*The Milkmaid. An Old Song exhibited & explained in many designs by R. Caldecott*".

Verwysings na die driepootstoeltjie en die melkstoeltjie kom voor in vakliteratuur waar verwys word na die onderlinge strukturele verwantskap tussen drie pote en hul gesamentlike stabiliteit, of kwesbaarheid. Sulke beeldspraak word wyd gebruik in veral eietydse Engelse tekste uit 'n breë spektrum van dissiplines. Die mees insiggewende verklaring word gevind in die volgende aanhalings: “As the metaphor implies, if any of the legs are missing, the stool will not stand”<sup>119</sup> en “We must consider each leg equally – although the three legs are separate, they are of equal importance”.<sup>120</sup> Ter illustrasie word voorbeelde hier aangehaal uit enkele artikels en referate waar die beeldspraak in die titel voorkom: *The academic health center and the public agenda: whose three-legged stool?*,<sup>121</sup> *Retirement planning and personal responsibility: the changing shape of the three-legged stool*,<sup>122</sup> *The two-legged stool: the neglected role of educational standards in improving America's public schools*,<sup>123</sup> *MoMA and the three-legged stool: fostering creative insight in interactive systems design*,<sup>124</sup> *The faulty three-legged stool model of sustainable development*<sup>125</sup> en *Hardwiring the 'three-legged stool': nursing's vital education / practice / research triad*.<sup>126</sup>

#### 4.5. SAMEVATTING

Die sekondêre bronne ontsluit, deur teks en beeld, breedweg leidrade wat nie uit die primêre bronne afgelei kan word nie. Hoewel geen direkte verband met die herkoms van enige spesifieke voorwerp in die studiegroep bepaal is nie, is verbande gevind met meubels wat soortgelyke eienskappe en konstruksiekenmerke het. In hierdie opsig kontekstualiseer die sekondêre bronne die studiegroep deur 'n raamwerk te stel waarbinne hul histories, ten opsigte van moontlike gebruikaspekte en assosiasies begripstoeganklik gemaak word.

Die vroegste gebruik van hout driepootstoeltjies dateer uit sowat 3,500 jaar gelede in Egipte en argeologiese bewyse dui daarop dat ronde houtstoeltjies twaalf eeue gelede al in Wes-Afrika voorkom. Beide was waarskynlik van monolitiese konstruksie, maar stoeltjies en bankies met tapvoegkonstruksie was tydens die Middeleeue in veral Wes-Europa en Engeland bekend en is reeds in die veertiende, maar veral sedert die sestiende eeu, deur kunstenaars uitgebeeld as sitmeubel. Die verwysing na die “17de eeu” en “Laat-Gotiese styl” in die museale bronne<sup>127</sup> kan in alle waarskynlikheid hieraan toegeskryf word.

Daar is duidelike verbande tussen monolitiese sitmeubels en stoeltjies met pote wat tapgevoeg is; verder is ooglopende ooreenkomste met die onderstel van ander Westerse volkstoele gevind, hoewel 'n chronologiese verloop moeilik vasgestel kan word. Twee ontwikkelings, wat elk die aantal pote met latere vormgewing assosieer, is hier ter sprake: uit drie pote volg eerstens die ‘*driehoekige schamel*’<sup>128</sup> of ‘*schemel*’ (sonder ‘n

119 Jones & Greene (2000:39)

120 Dawe & Ryan (2003:1458)

121 Barondess (1991)

122 Salisbury (1997)

123 Betts (1998)

124 Jones & Green (2000)

125 Dawe & Ryan (2003)

126 Fralic (2004)

127 Met verwysing na voorwerp 8, kyk NKM item HG 9578 in volume 7 van die Historiese Grootboek (ook in Tabel 3.4) en Roodt-Coetzee se beskrywing van die bruikleen stoeltjie in Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (1971:17).

128 Weyns (1974:168, 172-173)

rugleuning), waaruit weer driehoekssittingstoele<sup>129</sup> (met rugleunings) ontwikkel. Die toevoeging van 'n rugleuning tot vierpootstoeltjies gee tweedens aanleiding tot stoele soos die 'blokstoeltje' en 'blokarmstoel',<sup>130</sup> die Duitse stokpootstoel, Walliese stokrugstoel<sup>131</sup> en Ierse *hedge*-stoel,<sup>132</sup> almal met 'n soliede sitblad en waarvan die pote sonder spanraam of verband met die rugleuning in die sitting bevestig word.

Tapvoegkonstruksie manifesteer in sy eenvoudigste vorm in 'n melkstoeltjie, ongeag die aantal pote. Weyns<sup>133</sup> se stelling, dat die melkstoeltjie die eerste, eenvoudige sitmeubel van nie-monolitiese konstruksie is, en Gebhard se evaluering, dat dit een van die belangrikste meubels met eenvoudige tapvoegkonstruksie in Europa is,<sup>134</sup> dui verder daarop dat die toevoeging van pote tot 'n blok of blad 'n kritiese skakel in die evolusie van sitmeubels kan verteenwoordig.

Tekstuele beskrywings dui daarop dat stoeltjies beslis, minstens in die geskiedenis van die Lae Lande, Duitsland, die Engelssprekende wêreld (veral Engeland en Amerika) en onder die Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika, met melkery verbind kan word. In hierdie konteks toon heelwat van die voorwerpe in die studiegroep ooreenkomste met melkstoeltjies in afbeeldings wat uit die negentiende en vroeg twintigste eeu dateer. Die woord melkstoeltjie (soos die vertalings daarvan) skyn steeds 'n algemene en toeganklike gebruiknaam te wees.<sup>135</sup> Die lae hoogte van die voorwerpe word deur heelparty outeurs in verband gebring met 'n gehurkte posisie en 'n vroëere vuur op vloerhoogte. Dieselfde hurksit-posisie geld natuurlik vir die melker.

Uit die sekondêre bronne kan die volgende beskrywing afgelei word vir 'n tipiese melkstoeltjie as meubel: dit is 'n relatief eenvoudige, handgemaakte stoeltjie<sup>136</sup> van 'n hoogte laer<sup>137</sup> as dié van die sitting van die meeste stoele. Dit bestaan uit 'n sitblad van soliede hout waarin of -deur meestal drie (maar ook een<sup>138</sup> of vier) houtpote met tapvoegkonstruksie bevestig is.<sup>139</sup> Die sitblad kan enige vorm hê, geen gesofistikeerde stylkenmerke kom voor nie en dit moet maklik opgetel en gedra kan word.<sup>140</sup> Tweedens omvat begrip vir die woord melkstoeltjie terselfdertyd, minstens in Afrikaans, enige sitding wat die melker gebruik wanneer koeie

129 Filbee (1977:72, 183); Weyns (1974:173-174)

130 Weyns (1974:170-172)

131 Bebb (2007:46)

132 Kinmonth (1993:34)

133 Weyns (1974:168)

134 Gebhard (1969:78)

135 'n Willekeurige proefneming is op 29 Augustus 2009 gedoen waar 48 aansoekers vir die voorgraadse programme in argitektuur, binne-argitektuur en landskapargitektuur by die Universiteit van Pretoria gevra is om te teken hoe 'n melkstoeltjie lyk en te verduidelik waarvoor dit gebruik word. Nege aansoekers (sowat 19%) het die vraag óf nie beantwoord nie óf dit nie naasteby herkenbaar akkuraat beantwoord nie (deur byvoorbeeld 'n verkoelingstoestel vir 'n melkbottel te illustreer en beskryf), terwyl 39 (sowat 81%) 'n duidelike tekening van 'n drie- of vierpootstoeltjie gemaak het en na die melk van koeie (en ook bokke) verwys het. Hiervan het 10 in hul verduideliking melding gemaak van die lae hoogte (een het 'n hoogtemaat van 30cm verskaf) en vyf het duidelik aangedui dat dit vir meer as net melkery gebruik kan word (byvoorbeeld: "A milking stool, conventionally used to sit on, whilst milking a cow, can also be used as a tool to elevate oneself when reaching for high objects."). Die aansoekers was tussen 17 en 21 jaar oud en 24 (50%) het hul huistaal as Afrikaans vermeld, 14 (29%) as Engels, vyf (10%) as Pedi en een elk (2%) as Chinees, Duits, Portugees, Sotho en Xhosa. Die vraag is in Afrikaans en Engels as volg gestel: Teken hoe 'n melkstoeltjie lyk en verduidelik waarvoor u dit sou gebruik / Draw what a milking stool looks like and explain what you would use it for. Die aansoekers het na afloop van die onvoorbereide proefneming toestemming verleen dat hul antwoorde in 'n navorsingsopname gebruik mag word.

136 Dit wil sê, sonder rug- of armlleunings.

137 Ingram (1987:7)

138 Gebhard (1969:23, 78)

139 Ingram (1987:7); Gebhard (1969:78)

140 Kyk Scheij & Eriks (1913:10), asook figure 4.20, 4.21 en 4.22, p.78.



met die hand gemelk word. Hoewel dit 'n lae meubelstuk met drie of meer pote mag wees, verwys dit assosiatief ook na ander voorwerpe wat so gebruik word, ondermeer 'n melkblok ('n soliede stomp sonder pote en moontlik met 'n hingsel), blik of iets soortgelyks stewig wat die melker in hurksit ondersteun én laag genoeg is sodat die melker die spene kan bykom.<sup>141</sup>

Ander gebruike is ook nagespeur waar stoeltjies (soortgelyk aan die tipiese melkstoeltjie), as algemene sitmeubel, veral in kombuise en voor 'n vuurherd, gebruik is, soos in die Museum se uitstalling in die Pioniermuseum. Dit word ook in losser verband aangedui as skool- en kindermeubel, as kapblok en driepoottafeltjie ('gipsy' of 'gypsy table', en moontlik selfs 'cricket table', 'tavern table' en 'drinking table'). Melkery is dus net een van heelwat funksies waarmee drie- en vierpootstoeltjies verbind word.

In Hoofstuk 2 is reeds bevestig dat drie pote stewiger staan as vier. Dit is deur die sekondêre bronne verklaar: drie pote bly altyd in ewewig, ongeag hoe ongelyk die oppervlak waarop dit staan is. Hierdie strukturele verwantskap verklaar waarom die bokante van driepootkonstruksies geskik is vir snywerk van byvoorbeeld vleis, soos die kapblokke illustreer. Dit verduidelik nie waarom die onderkante van baie sitblaaie (in die studiegroep en minstens een ander voorbeeld – kyk **figuur 4.26**) veel dieper en forser snymerke het nie. Dit is slegs moontlik om hieroor te spekuleer: die feit dat die voorwerpe klein is en maklik gedra kan word (in die afwesigheid van 'n hingsel of handvatstel gedra aan 'n poot of geknyp onder die arm) maak die onderkant van die blad toeganklik. Dit is sekerlik ook meer wenslik om, veral as kos berei word, nie op dieselfde vlak te sit as waarop mens sny nie, of te sny waar mens sit nie.

Heelparty van die sekondêre bronne beskryf of verbeeld tapvoegkonstruksie duidelik; dit is nie die geval vir voorwerpe uit groot dele van Oos-, Sentraal- en Wes-Afrika, waar monolitiese konstruksie<sup>142</sup> meer algemeen voorkom en sulke stoeltjies dikwels as ampsierade en leiersimbole<sup>143</sup> beskou word, nie. In skel kontras hiermee word veral driepootstoeltjies, uit 'n Westerse oogpunt, dikwels sedert die negentiende eeu subtiel, maar oortuigend, geassosieer met 'n karige landelike bestaan of behoeftige omstandighede. Sulke assosiasies word ook gevind in Afrikaanse kinderlektuur tot vroeg in die 1960's.

Verwysings na die driepootbeginsel, in 'n metaforiese konteks, plaas nadruk op die kwesbaarheid van die hele struktuur indien een poot sou swig, of andersins waar die onderlinge verwantskap tussen (drie) kritiese aspekte voorop gestel word. Waar die gebruik van melkstoeltjies vandag (vir melkery) waarskynlik beperk is tot enkele selfversorgende kleinboere, is dit dus vervang deur beeldspraak wat gemaklik en oor taalgrense heen in 'n wye verwysingsraamwerk pas, en hou hul steeds – hoewel die oorspronklike funksie skaars meer ter sprake is – die tradisionele en metaforiese betekenis in pag.

141 Kyk Knobel (2007), asook sy verduideliking, p.77, en die beskrywing deur Bremer Gericke, p.78.

142 Bocola (1995:171)

143 Sieber (1980:125)

## HOOFSTUK 5: OORSIG, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 5.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word eerstens 'n kort oorsig gegee van die studie en die doelstellings daarvan. Gevolgtrekkings bring die navorsing uit die vorige hoofstukke byeen, gevolg deur aanbevelings vir verdere ondersoeke.

### 5.2. OORSIG

Die doel van hierdie studie is om te bepaal of enige eienskappe die melkstoeltjie fisies of andersins tipeer.

Dit is onderneem aan die hand van die primêre bronne: 'n studiegroep van agtien voorwerpe (waarvan ses reeds assosieer is met die trefwoord 'melkstoel') uit twee versamelings van die Museum, en museale bronne met voorwerpinligting, ontsluit uit die Museum se dokumentasiesentrum. Die ondersoek van hierdie bronne het in Hoofstuk 2 bevestig dat sekere fisiese kenmerke van die studiegroep, veral ten opsigte van hul konstruksie, dui op groepsverband. Daar is ook bevind dat die voorwerpe vir meerdere funksies gebruik is, hoewel die aard en bestek daarvan nie met sekerheid bepaal kan word nie. In Hoofstuk 3 is bevind dat die voorwerpe in die studiegroep oor 'n tydperk van meer as 50 jaar van 'n wye geografiese omgewing, van die huidige Wes-Kaap, Lesotho en Limpopoprovinsie, ingesamel is. Dit is ook moontlik dat hul datering 'n tydperk van drie tot vier eeue kan verteenwoordig. Vyftien van die agtien voorwerpe is van anonieme herkoms, sodat min sekerheid oor hul oorsprong, geskiedenis en betekenis bestaan.

Die navorsing is uitgebrei na sekondêre bronne – beskrywings en afbeeldings – in 'n poging om hierdie vaaghede in Hoofstuk 4 aan te spreek. Hoewel geen direkte verband met die herkoms van enige spesifieke voorwerp in die studiegroep bepaal kon word nie, is verbande gevind met voorwerpe wat soortgelyke eienskappe en konstruksiekenmerke het.

Meervoudige gebruike, onder andere as sitmeubel by melkery, is bevestig en die kenmerke van 'n melkstoeltjie en wyer begrip vir die woord, insluitend 'n metaforiese konteks, kon bepaal word. In konstruksie, betekenis en moontlike gebruike is verskille gevind met voorwerpe uit Oos-, Sentraal- en Wes-Afrika, hoewel daar aanduidings is dat meervoudige funksies en veral mobiliteit ook hier geld. Een kenmerk van die studiegroep, diep snymerke onder die sitblaai, het onverklaar gebly, hoewel beelde van 'n stoeltjie met eenderse merke elders bestaan. Buiten hierdie aspek, wat opsigself 'n aanduiding van tipologie mag wees, is daar duidelik tipologiese kenmerke wat die studiegroep betref en dit in verband bring met melkstoeltjies en ander stoeltjies, uit veral Wes-Europa en die Engelssprekende wêreld, wat soortgelyke kenmerke het:

#### **Kenmerke van die stoeltjies in die studiegroep:**

- die stoeltjies in die studiegroep is eenvoudige sitmeubels bedoel vir een persoon;
- hulle is laer as die gemiddelde hoogte van 'n tipiese stoel se sitting;
- die sitting, 'n houtblad, het geen bepaalde vorm nie;

- drie, en in minder gevalle vier, houtpote kom voor;
- die pote is met tapvoeë bevestig; deurlooptapvoeë is meer gebruik as blinde tapvoeë (ook sokvoeë genoem);
- die stoeltjies is handgemaak;
- die meeste is gebruik vir meer as net sitmeubels;
- snymerke kom bo-op en onder die blad voor;
- dié stoeltjies is primêr funksionele voorwerpe;
- min dekorasie en stylkenmerke kom voor;
- die voorwerpe is ingesamel uit 'n wye geografiese gebied – van die huidige Wes-Kaap (insluitend die Sandveld en Cederberg), Lesotho en Limpopoprovinsie;
- van die stoeltjies dateer beslis uit die twintigste eeu; van die ander dateer moontlik sover as drie- tot vierhonderd jaar terug;
- vyftien van die agtien voorwerpe is van anonieme herkoms.

#### **Tipologiese kenmerke van die melkstoeltjie:**

- 'n melkstoeltjie is 'n eenvoudige sitmeubel bedoel vir een persoon;
- melkstoeltjies is laer as die gemiddelde hoogte van 'n tipiese stoel se sitting;
- die sitting, 'n houtblad, het geen bepaalde vorm nie;
- drie, maar ook een of vier, houtpote kom voor;
- die pote word tipies met tapvoegkonstruksie bevestig;
- die tipiese melkstoeltjies is handgemaak, latere masjiengemaakte voorbeelde kom ook voor;
- meervoudige funksies, anders as sitmeubel en selfs sitmeubel vir die melker, is moontlik;
- 'n melkstoeltjie kan maklik opgetel en gedra word;
- 'n melkstoeltjie is primêr 'n funksionele voorwerp wat vir 'n lang tydperk min of glad nie verander het nie;
- normaalweg kom geen dekorasie of gesofistikeerde stylkenmerke voor nie;
- minstens in Afrikaans omvat begrip vir die woord melkstoeltjie terselfdertyd enige sitding wat die melker gebruik wanneer koeie met die hand gemelk word en dit kan dus ook na 'n melkblok of selfs 'n omgekeerde blik verwys.

### **5.3. GEVOLGTREKKINGS**

#### **5.3.1 TERMINOLOGIE**

In minstens Afrikaans, Nederlands en Engels is daar ooreenstemmende verklarings vir 'n 'stoel', naamlik dat dit, generies gesproke, 'n sitmeubel vir een persoon is wat gewoonlik 'n rugleuning en pote het. Die verwarring wat maklik ontstaan is juis dat hierdie woord meubelkundig ook verwys na 'n systoel en beswaarlik voldoende onderskeid tref tussen verskillende groepe sitmeubels bedoel vir een gebruiker. 'n 'Stoel' verskil beslis van 'n 'stoeltjie' en daar is konsensus dat 'n 'stoeltjie' 'n relatief lae sitmeubel, sonder leunings, vir een persoon is. In meubelterminologie is dit dus nie (slegs) 'n verkleiningsvorm nie.

Oor die term ‘melkstoeltjie’ ontstaan meer verwarring as oor die meubeltipe self. Daar bestaan ‘n noue historiese en taalkundige verband tussen ‘n (driepoot) stoeltjie en ‘n melkstoeltjie en die twee begrippe moet eerder saam, as apart of met betrekking tot ‘n enkele funksie, beskou word. Waar ‘stoeltjie’ ‘n soortnaam is, dui ‘melkstoeltjie’ dus op ‘n spesifieke tipe stoeltjie, waarvan die assosiasie met melkery behoue gebly het en daardeur die sterkste kognitiewe verwantskap met hierdie tipe stoeltjie behou het. Terselfdertyd het dit, as eenvoudige meubel, meerdoelige toepassings gesien, net soos enige stoeltjie (dit is, ‘n geskikte lae sitmeubel sonder leunings), of ander sitding, deur die melker gebruik kan word.

### 5.3.2 DIE MELKSTOELTJIE AS KULTUURPRODUK

Melkstoeltjies is by uitstek nederige meubelstukke sonder dekorasie of stylkenmerke wat primêr as funksionele voorwerpe dien. Hulle is, dikwels kru, met die hand en volgens ‘n eenvoudige metode van alledaagse materiale gemaak en kan as onaansienlik of skamel beskryf word daar hul nie kosbaar of van groot estetiese waarde geag is nie. In al hierdie opsigte is die melkstoeltjie ‘n ‘tweedimensionele dokument’ en ‘n voorbeeld van volkskultuur.

Aangesien funksie(s) die melkstoeltjie oorheers, het dit min verandering ondergaan. So was dit moontlik om dit sonder vernuwing oor jare, selfs eeue, buite en in die melkstal te gebruik. Dit is ook die geval waar dit skynbaar voor die es en in die kombuis benut is. Dit is hier veral opvallend dat die hoogte, in ooreenstemming met ‘n hurkposisie, behoue gebly het al is die oervuur verhef na ‘n vuurherd. As tradisie is die melkstoeltjie dus van geslag tot geslag deur die gemeenskap aanvaar. Waar die tradisionele melkstoeltjie, as navorger van die blok, waarskynlik die sekerste manifestasie van eenvoudige tapvoegkonstruksie is en in die lig van die ooglopende verbande met ander volksmeubels (veral stoeltipes), sou dit moontlik wees om te spekuleer dat daar sprake van ‘n prototipe of argetipe is.

As funksionele voorwerp en meubel is ‘n melkstoeltjie ‘n tasbare en stoflike kultuurskepping. Hoewel die oorspronklike funksie skaars meer ter sprake is, hou dit in beeldspraak steeds ‘n metaforiese en selfs universele betekenis in pag, waardeur dit verhef word tot die nie-tasbare wêreld van geestelike kultuur. Hoewel onerken is dit dus nie uit die geheue gewis nie.

**“[...] tripod stools occur in many cultures and times [...]”**

Roy Sieber, in *African furniture and household objects* (1980:130)

**“Sulke bankies is feitlik tydloos en stam baie ver terug in die geskiedenis.”**

Opmerking by die inskrywing vir NKM item HG 13235, *Historiese Grootboek*, volume 13

### 5.3.3 DIE VERSAMELINGS

Hoewel dié navorsing op ‘n klein en spesifieke studiegroep baseer is, is dit duidelik dat die Museum in hul versamelings ‘n skat van kultuurskeppings en kunde het wat dikwels nie na waarde geag word nie. Na meer as ‘n honderd jaar beskik die Museum nou oor goeie fasiliteite en, in sekere opsigte, oor ‘n gevestigde infrastruktuur. Die tekortkominge wat nog bestaan is waarskynlik te wyte aan historiese redes. Een hiervan is dat die museale bronne moeilik toeganklik is; hul behoort hierom gekonsolideer te word om veral



kruissoektogte en -verwysings, ook in verskillende versamelings, moontlik te maak. Hiervoor is die bestaande databank onvoldoende.

Wat die voorwerpe in die studiegroep betref is daar duidelike ooreenkomste wat nie apart of ten opsigte van spesifieke versamelings alleen ondersoek behoort te word nie. Die stoeltjie se waarde strek oor voorheen geskepte grense en historiese skeidings, wat noodsaak dat al die versamelings én hul data saam gesien moet kan word.

#### **5.4. AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEKE**

- Daar is 'n leemte in navorsing oor volksmeubels in suidelike Afrika en Suid-Afrika – enige en alle pogings om dit aan te spreek moet aangemoedig en ondersteun word.
- Interdisiplinêre studies is noodsaaklik en moet bevorder word om 'n spektrum van kultuurprodukte in die Museum verder te ontsluit.
- In die versamelings behoort interkulturele beïnvloeding verder ondersoek te word.
- Die tipologie van monolitiese sitmeubels verdien nadere ondersoek.
- Die verband tussen meubels van monolitiese konstruksie en eenvoudige meubels met pote moet, aan die hand van plaaslike voorbeelde, verder nagevors en geverifieer word.
- 'n Studie oor die materiale, veral ten opsigte van houtsoorte en -identifikasie, van die studiegroep en ander sitmeubels in die versamelings word sterk aanbeveel.
- Die snymerke onder die blaai van die voorwerpe in die studiegroep en elders kan moontlik verklaar word.
- Die melkstoeltjie as argetipiese konstruksie behoort geanaliseer te word.
- Moontlike streekskenmerke en variasies van die stoeltjies uit die onderskeie geografiese streke (Sandveld en die Cederberg, Lesotho en die huidige Limpopoprovinsie) kan geanaliseer en vergelyk word.
- In toekomstige navorsing oor hierdie en ander tipologieë behoort meervoudige (en ander) versamelings ook verken en geanaliseer te word om sodoende 'n omvattende, vergelykbare en betekenisvolle verwysings-raamwerk daar te stel.
- Die voortgesette hersiening en uitbreiding van die Museum se bestaande trefwoordelyste is noodsaaklik.
- Die gemete dokumentasie van voorwerpe deur die Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria, moet voorgesit word, nie net in die Museum se versamelings nie, maar ook waar stoflike kultuurgoedere in situ gebruik of bewaar word.




## **BYLAE A: KORT ONTSLUITINGSVORM**

Dié kort ontsluitingsvorm (National Cultural History Museum 2006a) word meestal deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum gebruik tydens registrasie van voorwerpe. In Hoofstuk 3 is inligting uit die museale bronne in Tabel 3.1, 3.2, 3.3 en 3.4 georden volgens die inligtingsvelde hierin vervat.



**NATIONAL CULTURAL HISTORY MUSEUM  
BRIEF CATALOGUING FORM - CULTURAL HISTORY OBJECTS**

(To be used for *registration* of objects)



**1 IDENTIFICATION**

**1.1 Acquisition number(s)**

**Summary  
(Parts) →**

**1.2 Previous acquisition numbers**

**1.3 Object name**

**Other/alternative names**

**Chenhall (1988)**

**2 DESCRIPTION**

**2.1 Material**

**2.3 Dimensions (mm)**

Height:	Length:	Width:	Depth:
Diameter:	Thickness:	Circumference:	Weight:

**2.4 Physical description (general)**

**2.7 Missing parts**

**3 ASSOCIATED INFORMATION/ HISTORY**

**3.1 Production**

**3.1.1 Maker** (person or organisation associated with the manufacture of the object)  
Name:

Address:

**3.1.4 Place of production**

Country: Province:  
Town/ city/ farm (name & no.)/ site:

**3.1.5 Date of production:**

**3.1.6 Period/ style of production:**

**3.2 Use**

**3.2.1 Original function:**

**3.2.3 User(s)/ owner(s)** (Person/ organisation/ corporation):

**3.2.6 Place of use**

Country: Province:  
Town/ city/ farm (name & no.)/ site:

**3.2.7 Date(s) of use:**



### 3.3 Historical comments/ Associations

## 4 MANAGEMENT

### 4.1 Acquisition

4.1.1 Method: Donated/Purchased/Bequeathed/Collected/Found in collection/Made for collection/ Unknown

4.1.2 Name (donor etc.)

Surname:

Initials:

Forenames:

Nickname:

Title:

Name (e.g. shop, organisation):

Name of collector (museum staff member):

4.1.3 Address:

4.1.4 Telephone no:

4.1.5 Date of acquisition:

4.1.6 Entry book vol:      Entry form no:

4.1.7 Date:

4.1.8 Purchase price:      Cheque / other payment no:

4.1.9 Date:

### 4.3 Condition

4.3.1 Condition:      Good/ Fair/ Poor

4.3.2 Description:

4.3.3 Date:

### 4.5 Notes

Associated objects (name & acquisition numbers):

### 4.6 Permanent location

4.6.1 Building:

4.6.2 Store:

## 5 REFERENCES

**Information sources consulted and/or sources containing more information on the subject/object**

Publications, personal communication etc.

5.6 Negative/ photo/ slide nos:

---

**Cataloguer:**

**Date:**

**Checked by:**

**Date:**

**Registrar's Assistant:**

**Date:**



## BIBLIOGRAFIE

- ALBERTYN, C.F. & Spies, J.J. (reds.) (1962?). *Kinders van die wêreld*. Deel 1-8. Kaapstad: Albertyn.
- ALLINGHAM, P.V. 2000. The reddleman re-reads an old love letter – Arthur Hopkins's illustrations for the monthly serialisation of Hardy's *The Return of the Native*. *The Victorian Web*. Internet: <http://www.victoriaweb.org/art/illustration/hopkins/3.html>. Access: 11 December 2007.
- ALLINGHAM, P.V. 2004. Arthur Hopkins's illustrations for the monthly serialisation of Thomas Hardy's *The Return of the Native*. *The Victorian Web*. Internet: <http://www.victoriaweb.org/authors/hardy/pva43.html>. Access: 18 December 2007.
- ANTIETKE meubelen. 2007. Antiek-Encyclopedie.nl. Internet: <http://www.antiek-encyclopedie.nl/categorieen/meubelen-s.thm#Schemel>. Toegang: 20 Desember 2007.
- ATMORE, M. G. 1965. *Cape furniture*. Cape Town: Howard Timmins.
- BAARDEN, H. & Schubad, E.G.C. 1958. *De stoel in de historie*. 3<sup>e</sup> uitgebreide druk. Den Haag: Vakblad voor de meubelindustrie.
- BAGLEY, A. 1984. Bruegel's 'The ass at school': a study in the iconics of education. *Paedagogica Historica*, 24(2):357-378.
- BARAITSER, M. & Obholzer, A. 1971. *Cape country furniture*. Cape Town: Balkema.
- BARAITSER, M. & Obholzer, A. 1978. *Cape country furniture*. Second revised edition. Cape Town: C Struik Publishers.
- BARAITSER, M. & Obholzer, A. 1987. *Town furniture of the Cape*. Cape Town: C Struik Publishers.
- BARAITSER, M. & Obholzer, A. 2004. *Cape antique furniture*. Cape Town: Struik.
- BARONDESS, J.A. 1991. The academic health center and the public agenda: whose three-legged stool?, *Annals of Internal Medicine*, 115(12):962-967. Internet: <http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=aph&AN=6979647&site=ehost-live&scope=site>. Access: 19 December 2007.
- BASSON, E.L. 2003. Die bydrae van Erich Mayer tot die vestiging van 'n estetiese bewussyn en die bevordering van 'n kunsidentiteit in Suid-Afrika tot aan die einde van die 1930's. DLitt et Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- BEBB, R.J. 2007. *Welsh furniture 1250-1950: a cultural history of craftsmanship and design*. Carmarthenshire: Saer Books.
- BETTS, J.R. 1998. The two-legged stool: the neglected role of educational standards in improving America's public schools. *Economic Policy Review*, 4(1):97-116. Internet: <http://ssrn.com/abstract=1023766>. Access: 19 December 2007.
- BEUKES en Nel-Blom-katalogus – kyk Museale bronne
- BRINK, A.P. 1984. *Gerugte van reën*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- BOCOLA, S. 1995. *African seats*. Munich: Prestel.



- BOSHOFF, S.P.E. & Nienaber, G.S. 1967. *Afrikaanse etimologieë*. Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- BOTES, N. 2007. Towards an understanding of the vernacular: nineteenth century Boer-made chairs in the collection of the National Cultural History Museum, Pretoria. *South African Journal of Art History*, 22(2):115-126.
- BOTHA, M. 1969. Die Kaapse stoele: 'n studie van hulle herkoms met spesiale verwysings na die invloed van die Europese en Oosterse stoelvorms. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- BOTHA, M. 1977. *Herkoms van die Kaapse stoele*. Kaapstad: Balkema.
- BULLOCK, A., Stallybrass, O., & Trombley, S. (eds.) 1988. *The Fontana dictionary of modern thought*. Revised edition. London: Fontana Press.
- BURDEN, M. 1997. Kosbare Ou Kaapse meubels in Afrikaans geboekstaaf. *Bylae by Die Burger*. 17 Mei:III.
- BURDEN, M. 1998. Van der Stel versus Tulbagh: die oorsprong van die Kaapse Van der Stelstoel. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 12(2):1-15.
- BURDEN, M. 2000. Die metodologie van kultuurgeskiedenis. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 14(2):13-30.
- BURDEN, M. & Ekermans, B. 2001. 'n Klassifikasiestelsel vir kultuurgeskiedenis. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 15(2):21-40.
- BURDEN, M. 2004. Die Ou-Kaapse tolletjiesstoel, bestudeer in die konteks van die Renaissance-Klassisistiese stylperiode aan die Kaap. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 18(2):126-142.
- BURDEN, M. 2007. *Ou-Kaapse meubels: 'n stylhistoriese ondersoek*. Ongepubliseerde manuskrip.
- BURDEN, M., Gardner, S., Le Roux, N.J. & Swart, J.P.J. 2001. Ou-Kaapse meubels en stinkhout-identifikasie: moontlikhede met kanoniese veranderlike-analise en bestippings. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 15(1):50-73.
- CALDECOTT, R. 2006. *The Milkmaid*. Project Gutenberg Literary Archive Foundation. *Internet*: <http://www.gutenberg.org/files/19868/>. Access: 18 December 2007.
- CLAESSENS, B. & Rousseau, J. 1981. *Bruegel*. New York: Alpine Fine Arts.
- COLLINS English Dictionary. 2007. Ninth Edition. Glasgow: HarperCollins.
- DAGAN, E.A. (ed.). 1985. *Man at rest: stools, chairs, thrones, foot-rests, backrests, benches*. Montréal: Centre Saidye Bronfman / La Galerie Amrad Art Africain.
- DATABANK: ET-aanwinsregister – kyk Museale bronne
- DAVISON, P. 1990. Rethinking the practice of ethnography and cultural history in South African museums. *African Studies*, 49(1):149-167.
- DAWE, N.K. & Ryan, K.L. 2003. The faulty three-legged stool model of sustainable development, *Conservation Biology*, 17(5):1458-1460. *Internet*: <http://0-www.blackwell-synergy.com.innopac.up.ac.za/links/doi/10.1046/j.1523-1739.2003.02471.x>. Access: 19 December 2007.
- DE BEER, P. 1994. Eerste direkteur van museum. *Museum Memo*, 22(1):2.

- DE eeuw van Joos De Rijke. 2007. Bouwen en wonen: interieurs. Plattelandinterieurs bij Bruegel. *Internet*: <http://users.telenet.be/joosdr/eeuwbouw7.htm>. Toegang: 30 Juni 2007.
- DEN BOON, C.A. & Geeraerts, D. (hoofred.) 2005. *Van Dale groot woordenboek van de Nederlandse taal*. Veertiende, herziene uitgave. Utrecht: Van Dale Lexicografie.
- DELFTSE Universitaire Pers. 1980. *Stoelen*. Delft.
- DEPARTEMENT van Nasionale Opvoeding. 1972. *Suiwelsterme*. Pretoria. Die Staatsdrukker.
- DEUTSCHES Historisches Museum. 2007. Melkschemel Datenblatt. *Internet*: <http://www.dhm.de/datenbank/ak20/ak201017.html>. Zugang: 30. Juni 2007.
- DIPPENAAR, N.J. (ed.) 1992. *Staatmuseum 100*. Pretoria: National Cultural History Museum, Museum of Geological Survey, Transvaal Museum.
- DONKIN, L. 2001. Crafts and conservation: synthesis report for ICCROM. *Internet*: [http://www.iccrom.org/eng/02info\\_en/02\\_04pdf-pubs\\_en/ICCROM\\_doc02\\_CraftsandConservation.pdf](http://www.iccrom.org/eng/02info_en/02_04pdf-pubs_en/ICCROM_doc02_CraftsandConservation.pdf). Access: 24 March 2007.
- EDMUNDS, S. 1977. Review [The Medieval Health Handbook: Tacuinum Sanitatis by Luisa Cogliati Arano], *The Art Bulletin*, 59(2):276-277. *Internet*: <http://www.jstor.org/stable/3049645>. Access: 17 June 2008.
- ETHERINGTON, N. 2001. *The great treks: the transformation of southern Africa, 1815-1854*. Harlow: Pearson Educational.
- ETNOLOGIE Stamboek (Getik) – kyk Museale bronne
- FEDERASIE van Afrikaanse Kultuurvereniginge. 1980. *Afrikaanse Kultuuralmanak*. Aucklandpark.
- FERREIRA, O.J.O. 1994. Kotie Roodt-Coetzee, kulturele mentor en voog van vele. *Museum Memo*, 22(1):3.
- FILBEE, M. 1977. *Dictionary of country furniture*. London: The Connoisseur.
- FISHER, R.C. 2001. Some South African architectural style terms. ENPAT CD: Department of Environmental Affairs and Tourism.
- FITZGERALD, O.P. 1982. *Three centuries of American furniture*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- FRALIC, M.F. 2004. Hardwiring the 'three-legged stool': nursing's vital education/practice/research triad. *Journal of Professional Nursing*, 20(5):281-284. *Internet*: <http://0-linkinghub.elsevier.com.innopac.up.ac.za/retrieve/pii/S8755722304000730>. Access: 19 December 2007.
- FRANSEN, H. 1970. *Die Kaapse stoel / The Cape chair*. Stellenbosch: Stellenbosch-Museum.
- FRANSEN, H. 1987. Classicism, Baroque, Rococo and Neoclassicism at the Cape: an investigation into stylistic modes in the architecture and applied arts at the Cape of Good Hope 1652-1820. PhD thesis, University of Natal, Pietermaritzburg.
- FREEDMAN, P. (ed.) 2007. *Food: the history of taste*. London: Thames & Hudson.



- GAJIĆ, H. (Red.) 1977. *Mackensen Deutsches Wörterbuch*. 1977. 9. Auflage. München: Südwest Verlag.
- GEBHARD, T. 1969. *Alte bäuerliche Geräte*. München: BLV.
- GELDENHUYS, H. 1986. Die kaapse meubelmakers 1652-1900. MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- GETIKTE Etnologie Stamboek – kyk Museale bronne
- GILBERT, C. 1991. *English vernacular furniture: 1750-1900*. New Haven: Yale University Press.
- GILIOMEE, H. 2003. *Die Afrikaners: 'n biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- GLOAG, J. 1969. *A short dictionary of furniture. Revised and enlarged edition*. London: George Allen and Unwin.
- GROBBELAAR, P.W. 1984a. Die Regency, ons nasionale meubelstyl. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 1(2):11-15.
- GROBBELAAR, P.W. 1984b. Twee 'geheimsinnige' stoeltipes in ons meubelgeskiedenis. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 40(3):30-37.
- GROBBELAAR, P.W. 1990. Dit is kultuurgeskiedenis. *Die kultuurhistorikus*, 5(1):50-66.
- GROBBELAAR, P.W. 1995. Gedagtes rondom 'n vakgebied. *Die kultuurhistorikus*, 10(1):9-19.
- GROBLER, E. 2005. Collections management practices at the Transvaal Museum, 1913-1964: anthropological, archaeological and historical. DPhil thesis, University of Pretoria, Pretoria.
- GROBLER, E. & Pretorius, F. 2008. Kotie Roodt-Coetzee se bydrae tot die kultuurhistoriese museumwese in Suid-Afrika – die Transvaalmuseumfase, 1933-1964. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 22(1):112-135.
- HAMEL, L. 1965. *English Southern Sesotho dictionary*. Parts 1 & 5. Maseru, Lesotho: The Catholic Centre.
- HISTORIESIE Grootboek – kyk Museale bronne
- HODDER, I. 1977. The distribution of material culture items in the Baringo district, Western Kenya. *Man, New Series*, 12(2):239-269.
- HÖRSTMANN, A. 1984. Erich Mayer: an appreciation of folk art. *Antiques in South Africa*, 14(Winter):19-23.
- INGRAM, A. 1987. *Dairying by-gones*. Second edition. Bucks: Shire Publications.
- INTERNATIONAL Federation of Interior Architects / Designers. 2005. IFI International Handbook of Interior Design Practice. *Internet*: <http://www.ifiworld.org/index.cfm?GPID=33>. Access: 5 May 2009.
- JONES, L. & Greene, S.L. 2000. 'MoMA and the three-legged stool: fostering creative insight in interactive systems design', in *Proceedings of the 3rd conference on Designing interactive systems: processes, practices, methods, and techniques*. New York: ACM Special Interest Group on Computer-Human Interaction: 39-47. *Internet*: <http://0-doi.acm.org.innopac.up.ac.za/10.1145/347642.347660>. Access: 19 December 2007.



- KASSEY, J. 1980. *The book of Shaker furniture with measured drawings by the author*. Amherst: University of Massachusetts Press.
- KENCH, J., Mothes, R. & Szymanowski, J. 1987. *Cottage furniture in South Africa*. Cape Town: Struik.
- KENNEDY, R.F. (comp.) 1966. *Catalogue of pictures in the Africana Museum, Volume 1*. Johannesburg: Africana Museum.
- KENNEDY, R.F. (comp.) 1967a. *Catalogue of pictures in the Africana Museum, Volume 2*. Johannesburg: Africana Museum.
- KENNEDY, R.F. (comp.) 1967b. *Catalogue of pictures in the Africana Museum, Volume 3*. Johannesburg: Africana Museum.
- KENNEDY, R.F. (comp.) 1968. *Catalogue of pictures in the Africana Museum, Volume 4*. Johannesburg: Africana Museum.
- KENNEDY, R.F. (comp.) 1976. *Catalogue of prints in the Africana Museum and in books in the Strange Collection of Africana in the Johannesburg Public Library up to 1870*. Volume 2. Johannesburg: Africana Museum.
- KINMONTH, C. 1993. *Irish country furniture 1700-1950*. New Haven: Yale University Press
- KLATT, E. 1961. *Die Konstruktion alter Möbel: Form und Technik im Wandel der Stilarten*. Stuttgart: Julius Hoffman Verlag.
- KNELL, D. 1992. *English country furniture: the national and regional vernacular 1500-1900*. New York: Cross River Press.
- KNOBEL, D. 2007. Toesig hou by melkery, *Vintage@Litnet*. Internet: [http://litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=23723](http://litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=23723). Toegang: 20 Desember 2007.
- KRIEL, T.J. & Van Wyk, E.B. (reds.) 1989. *Pukuntšu woordeboek*. Vierde hersiene en uitgebreide weergawe. Pretoria: Van Schaik.
- KRITZINGER, M.S.B., Schoonees, P.C. & Cronjé, U.J. 1981. *Groot woordeboek: Afrikaans-Engels*. Twaalfde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- LA Posta Publications. 2006. Catalogue: Subscribers' auction no. 75. Internet: <http://www.la-posta.com/auctions.htm>. Access: 14 May 2008.
- LANDBOUREGISTER – kyk Museale bronne
- LE ROUX, S. (red.) & Botes, N. 1991. *Plekke en geboue van Pretoria, volume 2: die noordoostelike en noordwestelike kwadrante*. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.
- LE ROUX, S. (red.) & Botes, N. 1993. *Plekke en geboue van Pretoria, volume 3: die suidwestelike kwadrant*. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.
- LE ROUX, S., Loubser, E., Niehaus, R., Wolmarans, G., Olivier, F. & Lötter, F. 1987. Mosques of the Western Transvaal Platteland – a pilot study. *Architecture SA*, Mar/Apr:26-29.
- LEWIS, C.T. & Short, C. (eds.) 1969. *A Latin dictionary founded on Andrew's edition of Freund's Latin dictionary*. London: Oxford University Press.
- M.E.R. (M.E.C. Rothman) 1975. *Karliën en Kandas*. Derde uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

MARGARET Thatcher Foundation. 2008. Chronology: key personal and political events. *Internet*: <http://www.margarethatcher.org>. Access: 4 January 2008.

MARIJNISSEN, R.H. & Seidel, M. 1984. *Bruegel*.  
New York: Harrison House.

METROPOLITAN Museum of Art. 2007. Special exhibitions, Pieter Bruegel the Elder: drawings and prints. *Internet*: [http://www.metmuseum.org/special/Pieter\\_Bruegel/60.L.htm](http://www.metmuseum.org/special/Pieter_Bruegel/60.L.htm). Access: 29 November 2007.

MULLER, C.F. (red.) 1987. *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Derde, hersiene uitgawe.  
Pretoria: Academica.

MUSEALE BRONNE (Nasionale Kultuurhistoriese Museum)

Beukes en Nel-Blom-katalogus, Dokumentasiesentrum, NKM.

Databank: ET-aanwinstregister (Rekenaarstelsel), Dokumentasiesentrum, NKM.

Etnologie Stamboek, Getikte volume, Dokumentasiesentrum, NKM.

Historiese Grootboek (volume 7, 8, 13, 14 & 17), Dokumentasiesentrum, NKM.

Landboueregister (onvoltooid): Kaartkatalogus, Dokumentasiesentrum, NKM.

NKM Direkteursargief: Doos 4, Opleiding: Lesings/artikels (Kotie Roodt-Coetzee-argief); Stelsel 1 No. 15 TM 1/60 (lêer); Stelsel 2 No. 32 NKMeub 1967-1978 (Kotie Roodt-Coetzee-argief).

Tydlike Katalogus: Historiese Grootboek (OHG-lêer), Dokumentasiesentrum, NKM.

Voorwerpkaarte: ET 1934-441, ET 1935-206, ET 1935-207, ET 1954-1, ET 1971-26-3, ET 1977-146, HG 10666, HG 13235, HG 13754-1, HG 13754-2, HG 13758-1 & HG 13758-2, Dokumentasiesentrum, NKM.

NAPIER, E.E. 1850. *Excursions in Southern Africa including a history of the Cape Colony, an account of the native tribes, etc.* Volume 2. London: William Shoberl.

NASIONALE Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. 1971. *Jaarverslag van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum van die jaar geëindig 31 Maart 1971*. Pretoria.

NASIONALE Kultuurhistoriese Museum. 2004a. Kort ontsluitingsvorm – kultuurhistoriese voorwerpe. Pretoria.

NASIONALE Kultuurhistoriese Museum. 2004b. Lys van velde vir ontsluiting van 3-dimensionale voorwerpe. Pretoria.

NASIONALE Kultuurhistoriese Museum. 2005. *Handleiding vir aanwinning van museumvoorwerpe: oorspronklik deur Linda Slabbert opgestel, 1989/08/28; bygewerk deur Malene Schulze, met insette deur Elda Grobler, 2005/06/15*. Hersiene weergawe. Pretoria.

NATIONAL Cultural History Museum. 2006a. Brief cataloguing form – cultural history objects. Pretoria: Northern Flagship Institution.

NATIONAL Cultural History Museum. 2006b. Notes for completing brief cataloguing form – cultural history objects. Pretoria: Northern Flagship Institution.

NATIONAL Cultural History Museum. 2006c. Object cataloguing form. Pretoria: Northern Flagship Institution.

NATIONAL Gallery of Art. 2007. Winslow Homer in the National Gallery of Art, Washington DC. *Internet*: <http://www.nga.gov/feature/homer/index.htm>. Access: 11 December 2007.

NETTLETON, A. 2007. *African dream machines: style, identity and meaning of African headrests*. Johannesburg: Wits University Press.

NKM Direkteursargief – kyk Museale bronne

NORTHERN Flagship Institution. 2001. The story of the National Cultural History Museum. *Internet*: <http://www.nfi.org.za/NCHM/nchmhist.htm>. Access: 1 March 2007.



- NORTJE, S. 2007. Die vrou as outobiograaf: die Suid-Afrikaanse konteks. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- ODENDAL, S.F. (hoofred.) 1979. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.
- OLIVIER, M. 1980. Die volkskundige waarde van 'n reeks sketse en skilderye van Erich Mayer, met besondere verwysing na die stofflike kultuur van die Afrikaner. MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- OLIVIER, M. 1987. Voorwerpgerigte navorsing: Kaapse mense en hul meubels. *Die Kultuurhistorikus*, 2(2):19-34.
- OLIVIER, M. 1990. Kaapse bergmeubels 1652-1830. D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- OLWENYA, G. 2009. Sarah Obama starts historic journey. *The Standard Online Edition*, 12 January. *Internet*: <http://www.eastandard.net/InsidePage.php?id=1144003803&cid=4>. Access: 1 May 2009.
- ONLINE Archive of California. 2007. Guide to the Richard Vogler Cruikshank Collection. *Internet*: <http://www.oac.cdlib.org/findaid/ark:/13030/ft358004x0>. Access: 18 December 2007.
- PEARCE, G.E. 1960. *Eighteenth century furniture in South Africa*. Pretoria: JL van Schaik.
- PITT Rivers Museum. 2008a. Luo Visual History: Rethinking Luo History Through Photograph Collections at the Pitt Rivers Museum, University of Oxford. *Internet*: <http://photos.prm.ox.ac.uk/luo/page/home/>. Access: 22 August 2009.
- PITT Rivers Museum. 2008b. Luo Visual History: Showing information for photograph 1998.349.239.1. *Internet*: <http://photos.prm.ox.ac.uk/luo/photo/1998.349.239.1/>. Access: 22 August 2009.
- PRESCOTT, R.T. 1937. Middlewestern farm English. *American speech*, 12(2):102-107.
- PRETORIUS, J.C. 1986. Die voorste gestoeltes: struwelinge oor kerkstoele. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 3(2):8-12.
- RABE, J. 2007. Genadendal-meubels as materiële manifestasie van die Morawiese piëtisme. MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- REPUBLIEK van Suid-Afrika. 1998. Wet op Kulturele Instellings, No. 119 van 1998. *Staatskoerant*, 402(19552):1-18.
- REYNOLDS, B. 1968. *The material culture of the peoples of the Gwembe valley*. Manchester: Manchester University Press.
- ROODT-COETZEE, K. 1962. Die probleme van museale waarde. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, Jaarboek IX, Desember:43-53.
- ROODT-COETZEE, K. 1989. My herinneringe aan die voorgeskiedenis van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. *Museum Memo*, 17(3):5-8.
- RUBY Lane. 2008. Antique primitive folk art painted milking stool - RL-EA00849. *Internet*: <http://www.rubylane.com/ni/shops/eantiques/item/RL-EA00849?zoom=1>. Access: 30 April 2008.
- SALISBURY, D.L. 1997. Retirement planning and personal responsibility: the changing shape of the three-legged stool. *Generations*, 21(2):23-26. *Internet*: <http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=f5h&AN=9707200105&site=ehost-live&scope=site>. Access: 19 December 2007.



- SCHEIJ, L.T.C. & Eriks, P.Jz. 1913. *Over het melken en de behandeling der melk*. Heruitgave, Zuivelhistorie Nederland. Internet: [http://www.zuivelhistorienederland.nl/\\_wp\\_pdf/1913-00-br\\_Scheij-Goed-melken\\_22-03-2007.pdf](http://www.zuivelhistorienederland.nl/_wp_pdf/1913-00-br_Scheij-Goed-melken_22-03-2007.pdf). Toegang: 18 Augustus 2009.
- SCHOONRAAD, M. & Schoonraad, E. 1983. *Suid-Afrikaanse spot- en strookprentkunstenaars*. Roodepoort: Cum-Boeke.
- SCHOONRAAD, M. & Schoonraad, E. 1989. *Companion to South African cartoonists*. Johannesburg: Ad. Donker.
- SCOTT, W. 2004. *Guy Mannering or the Astrologer*. eBooks@Adelaide, University of Adelaide Library. Internet: <http://ebooks.adelaide.edu.au/s/scott/walter/guy/complete.html>. Access: 15 December 2007.
- SETSHEDI, G.P. 2003. Documenting the post-apartheid genius loci of Salvokop: a recommendation for the rehabilitation process. *Image & Text*, 10:14-18.
- SIEBER, R. 1980. *African furniture and household objects*. New York: American Federation of Arts.
- SHAW, E.M. (comp.) 1942. A system of cataloguing ethnographic material in museums. Original retyped for the library of the National Cultural History Museum. [S.n.].
- SHAW, E.M. 1978. Presidential address: ethnology in Southern African museums. *Southern African Museums Association Bulletin*, 13:1-17.
- SLABBERT, L. 1974. *Trefwoorde vir kultuurhistoriese voorwerpe*. Pretoria: Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.
- STELLENBOSCH Writers. 2007. Deon Knobel. Internet: <http://www.stellenboschwriters.com/knobeld.html>. Access: 21 December 2007.
- STERLING TIMES. 2007. Paintings by George Morland – 88. Internet: <http://www.sterlingtimes.org/morland88.htm>. Access: 29 December 2007.
- STOFFBERG, D.J. 1967. Die tegniese skeppinge van die Bantwane van die distrik Groblersdal. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- STRONG, R. 2002. *Feast: a history of grand eating*. London: Jonathan Cape.
- TEMPELHOFF, J. 1990. Noord-Transvaalse meubelmakers: mnr. Andries Myburgh. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 46(2-3):22-26.
- TEMPELHOFF, J. 1991a. Meubelmakers van Noord-Transvaal: Wynand Scott, 'n ondernemer van die jonger geslag. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 47(1):34-43.
- TEMPELHOFF, J. 1991b. Die Leffermeubels: 'n brokkie geskiedenis van Noord-Transvaal in mingerhout bewaar. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 47(2):27-31.
- TEMPELHOFF, J. 1992. Duitsers maak unieke meubels in Noord-Transvaal met ons eie boekenhout. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 48(1):27-35.
- TEMPELHOFF, J. 1994. Die meubelstuk as historiese dokument. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 50(2):5-14.
- TEMPELHOFF, J. 1995. Die versiering van die openbare sfeer: 'n mikrogeskiedenis van die meubels in die Raadsaalgebou, 1888-1895. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 9(1):180-197.
- TUTT, P. & ADLER, D. (eds.) 1985. *New metric handbook*. London: The Architectural Press.



TWO-HUNDRED milking stools and counting. 1996. *Illinois country living*, 53(12):6-7.

TYDELIKE Katalogus: Historiese Grootboek – kyk Museale bronne

UNITED STATES Patent and Trademark Office. 2007. C.S. Adams: foot stool, US Patent 48638 Patented July 11, 1865. *Internet*: <http://www.uspto.gov/patft/index.html>. Access: 10 December 2007.

UNIVERSITEIT van Pretoria, 2000. *Regulasies en leerplanne: Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en inligtingtegnologie, Deel 2*. Pretoria.

UNIVERSITEIT van Pretoria, 2001. *Regulasies en leerplanne: Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en inligtingtegnologie, Deel 2*. Pretoria.

UNIVERSITEIT van Pretoria, 2004. *Regulasies en leerplanne: Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en inligtingtegnologie, Deel 2*. Pretoria.

VAN DER WATT, F. (red.) 2002. *Ad Destinatum IV: 1993-2000 – historiese ontwikkelinge en gebeure aan die Universiteit van Pretoria*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

VAN OIRSCHOT, A. 1978. *Het stoelenboek*.  
Helmond: Uitgeverij Helmond.

VAN ONSELEN, L.E. 1959. *Cape antique furniture*.  
Cape Town: Howard Timmins.

VAN SCHALKWYK, J.A. 2000. The anthropology and archaeology collection of the National Cultural History Museum, Pretoria. *De Arte*, 21(61):83-91.

VAN WYK, G.J. (red.) 2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*.  
Stellenbosch: Buro van die WAT.

VENTER, T. 1994. Huldeblyk aan mev Kotie-Roodt-Coetzee. *Museum Memo*, 22(1):4.

VIEWIMAGES. 2007. *Internet*: <http://www.viewimages.com>. Access: 12 December 2007.

VILJOEN, O. 1975. Egpaar bou spesiaal 'n duur huis vir hul meubels: antieke geelhout en stinkhout hul trots. *Hoofstad*, Woensdag 23 Julie:I-II. (NKM Biblioteek, Lêer: Museums 1965-1977)

VOORWERPKAART/E – kyk Museale bronne

WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal):  
BURO van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal. 2007. Elektroniese WAT. *Internet*:  
<http://www.woordeboek.co.za>. Toegang: 29 November 2007.

WELLER, J. 1982. *History of the farmstead*.  
London: Faber and Faber.

WEYNS, J. 1974. *Volkshuisraad in Vlaanderen: naam, vorm, geschiedenis, gebruik en volkskundig belang der huiselike voorwerpen in het Vlaamse land van de middeleeuwen tot de Eerste Wereldoorlog*. Beerzel.

WOLSEY, S.W. & Luff, R.W.P. 1968. *Furniture in England: the age of the joiner*.  
London: Arthur Barker.

WOODWARD, C.S. 1982. The interior of the Cape house 1670-1714.  
MA(History of Art) dissertation, University of Pretoria, Pretoria.

WRIGHT, R.P. (ed.) [S.a.]. *The standard cyclopedia of modern agriculture and rural economy*. Volume IX.  
London: Gresham Publishing Company.